# LAERSKOOL GARSFONTEIN

# GEDRAGSKODE

## DISSIPLINE- EN BOELIEBELEID

## 2024

**INHOUDSOPGAWE: ~ DISSIPLINE**


1. Titel van die beleid Bl 04
2. Effektiewe datum Bl 04
3. Hersieningsgeskiedenis Bl 04
4. Aanhef Bl 04
5. Doel van die Gedragskode Bl 07
6. Woordomskrywings en Akronieme Bl 10
7. Toepassing en Omvang van die beleid Bl 22
8. Wetlike raamwerk Bl 22
9. Individuele Regte en Verantwoordelikhede Bl 23
10. Ontwikkeling van leerders se Talente Bl 27
11. Algemene Reëls en Voorskrifte Bl 27
12. Omskrywing van Sanksies en Regstellende optredes Bl 28
13. Verbode en Ontoelaatbare Items/Voorwerpe Bl 31
14. Deursoeking en Beslaglegging Bl 33
15. Aanspreeklikheid en Verantwoordelikhede van leerders Bl 36
16. Leerders se Algemene Gedrag en Optrede Bl 36
17. Prosedure vir Dissiplinêre Optrede teen leerders Bl 47
18. Klassifikasie van Oortredings: Omskrywings – Kategorieë Bl 48
19. Kategorieë van Aanprysing Bl 57
20. Prosedures ten opsigte van Oortredings Bl 58
21. Die Ondersoek,Toekenning en Hantering van Oortredings en Versuime Bl 59
22. Werkswyse van die Weeklikse Gedrags- en Gesindheidsrekord Bl 59
23. Moontlike Dissiplinêre Sanksies ten opsigte van Oortredings Bl 59
24. Dissiplinêre Verhoorprosedure Bl 60
25. Die Griewe Prosedure van die Skool Bl 63
26. Administratiewe Prosedures en Reëlings Bl 64
27. Hersiening en Wysiging van die beleid Bl 64
28. Kort titel van die beleid Bl 64
29. Goedkeuring van die Gedragskode Bl 64


**Bylaes:**


Bylaag A – Leerderonderneming Bl 66

Bylaag B – Erekode Bl 67

Bylaag C – Algemene klasreëls (GSF en SPF) Bl 68

Bylaag D – Kennisname van uitreiking vir ‘n weeklikse gedragsrekord Bl 70

Bylaag E – Weeklikse gedrags- en gesindheidsrekord Bl 71
Bylaag F – Kennisgewing van oortreding van Gedragskode Bl 72
Bylaag G – Finale skriftelike waarskuwing Bl 73
Bylaag H – Kennisgewing vir Dissiplinêre Verhoor Bl 74
Bylaag I – Detensie: Gr 4-7 Bl 75
Bylaag J – Detensie: Gr 3 Bl 76
Bylaag K – Kameras: Navraag oor insident in klas/terrein Bl 77
Bylaag L - Appélvorm ~ E1 Bl 78

**INHOUDSOPGAWE: ~ BOELIE**

1. Aanhef Bl 79
2. Doel van die beleid Bl 79
3. Woordomskrywings Bl 79
4. Omvang en Toepassing van die beleid Bl 81
5. Regsraamwerk Bl 82
6. Gedrag wat van Leerders verwag word Bl 82
7. Vorms van Boeliegedrag Bl 83
8. Algemene Tekens dat 'n kind Fisies/Psigies geboelie word Bl 84
9. Tekens dat 'n kind Gekuberboelie word Bl 85
10. Slagoffers van Boeliegedrag Bl 85
11. Redes waarom Slagoffers nie Boeliegedrag aanmeld nie Bl 86
12. Die Toepassing van Sanksies en Verbode Gedrag Bl 86
13. Rapportering/Aanmelding van Insidente Bl 87
14. Tydsduur vir Ondersoeke van Insidente en Bewerings/Klagtes Bl 88
15. Reaksie van die Beheerliggaam/Skool op Insidente Bl 88
16. Verbod op Vergelding en Weerwraak op Persone wat Klagtes aanhangig maak Bl 89
17. Stappe teen Persone wat Valse Aantuigings/Klagtes/Bewerings maak Bl 89
18. Bewusmakingsveldtogte oor die beleid Bl 90
19. Wysiging van beleid Bl 90
20. Goedkeuring van die beleid Bl 90

**Bylaes:**

Bylaag A – Insidentverslag - Boeliegedrag Bl 91
Bylaag B – Konsepbrief aan Ouers - Boeliegedrag Bl 95
Bylaag C – Skematiese voorstelling van die Hanteringsprosedures vir 'n insident Bl 96
Bylaag D – Die Boeliesirkel – Waar Pas jy in? Bl 97

**DISSIPLINE:**

## 1. TITEL VAN DIE BELEID: GEDRAGSKODE EN REËLS VIR LEERDERS VAN LAERSKOOL GARSFONTEIN

## 2. EFFEKTIEWE DATUM:

01 JANUARIE 2021

## 3. HERSIENINGSGESKIEDENIS

| | |
|---|---|
| Opgestel: | 09 Januarie 2013 |
| Hersien: | 25 November 2013 ; 06 Februarie 2014 ; 08 Desember 2014 |
| Hersien: | 12 Januarie 2016 ; 21 November 2016 ; 29 Oktober 2018 ; |
| Hersien: | 29 November 2019 ; 03 Desember 2020 ; 22 November 2022 |
| Hersien: | 29 November 2023 vir 2024 |

## 4. AANHEF

4.1 Laerskool Garsfontein is 'n openbare skool wat ingevolge Artikel 12 saamgelees met Artikel 52 van die SA Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996) beheer word deur die Skoolbeheerligaam ingevolge Artikel 16 van die Skolewet.

4.2 Ingevolge Artikel 8 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No 84 van1996) word bepaal dat die Beheerliggaam van die skool 'n gedragskode vir leerders moet saamstel en toepas en dat geen leerder vrygespreek is van enige bepalings van sodanige gedragskode ingevolge Artikel 8(4) van die genoemde wet nie. Die woord gedrag of in Engels *conduct* word afgelei van die Latynse woord *conductus* wat beteken om jou op 'n spesifieke wyse [ten goede] te gedra. In hierdie spesifieke konteks van die skool, sal die gedragskode spesifiek van toepasing wees op die gedrag, dade/wandade, oortredings en houdings van leerders in die skool.

4.3 Om die gedragskode en reëls vir leerders van die skool daar te stel, het die skoolbeheerliggaam met die ouers, leerders en opvoeders van die skool betreffende die inhoud van die gedragskode gekonsulteer en is die gedragskode aanvaar vir implimentering in die skool.

4.4 Vir die doeleindes van die gedragskode word daar 'n duidelike onderskeid tussen die konsepte "dissipline" en "sanksie" getref. Dissipline gaan oor positiewe gedragsbeheer wat daarop gemik is om toepaslike gedrag te bevorder en selfdissipline en selfbeheer (locus van kontrole) in leerders te ontwikkel. Sanksie is slegs een faset van dissipline, d.w.s. 'n korrektiewe maatreël wat aan 'n leerder wat oortree opgelê word, en die gevolge van sy/haar wangedrag moet dra om sodoende die ordelike samelewing van die skool te handhaaf en te sorg dat dit uitgebou word.

4.5 Die eienskappe van dissipline kan kortweg as volg opgesom word:

a) **Dissipline word gebruik om orde te skep**. Dit funksioneer binne 'n sfeer van wetgewing waaraan voldoen moet word deur die skool. Die adminstrasie en toepassing van dissipline verseker dat die daaglikse optredes en gedrag van leerders georden is.

b) **Dissipline sorg vir regverdigheid**. Alle partye in die skoolopset se belange en regte word op 'n regverdige wyse beskerm en vooropgestel in alle sake wat leerders raak.

c) **Dissipline beskerm leerders**. In 'n ordelike opvoedkundige omgewing beskerm dissipline leerders van onwettige en ongedissiplineerde optrede van mede-leerders.

d) **Dissipline dra by tot die geestelike groei van elke leerder**. Binne die konteks van opvoeding en onderrig verwys dit na die ontwikkeling en leiding aan leerders tot volwassenheid en om geestelik en verstandelik te groei.

e) **Dissipline is toekomsgerig** omdat dit die leerder voorberei vir integrasie en ontwikkeling om ’n toekomstige beroep suksesvol te kan beoefen in die samelewing buite die skoolopset.

f) **Dissipline is primêr gerig op korrektiewe gedrag** en nie om vergeldend te wees nie. Dit moet bydra tot die positiewe karaktervorming van die leerder se geestelike, verstandelike en morele ontwikkeling.

4.6 Die skool se gedragskode en reëls vir leerders van die skool is gegrond op ’n etos van menswaardigheid en die handves van menseregte soos omskryf in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.

4.7 Dissiplinebestuur in die skool word hoofsaaklik verdeel in twee afdelings:

1) Klaskamerdissipline, -reëls en -beheer. Die bestuur van dissiplinêre probleme in die klaskamer is die verantwoordelikheid van die betrokke opvoeder wat ook onder andere sy/haar eie reëls en roetine mag hê om ’n harmonieuse en veilige leeromgewing in die betrokke klaskameropset te bevorder en bestuur.
2) Skoolterrein en -aktiwiteite dissiplinebestuur. Die bestuur van dissiplinêre probleme buite die klaskamerverband berus op die steun van die hoof, skoolbestuur, opvoeders, leerderleiers en die ander volwasse personeel. Dit sluit o.a. ook die dissiplinêre bestuur van geraas in die gange, op die stoepe, beserings, laatkommery, terreindiens, kleedkamer inspeksie, in die saal en tydens ander samekomste en skoolaktiwiteite..

4.8 Voortspruitend uit die bogenoemde is die volgende aspekte in ag geneem met die saamstel van die gedragskode:

1) Ingevolge Artikel 8(4) van die Skolewet word **geen leerder van die skool** vrygestel van die verpligtinge wat op hom/haar geplaas word deur die gedragskode en skoolreëls nie en ouers van alle leerders moet ’n onderneming onderteken met die inskrywing van hulle kinders as leerders van die skool.
2) Die skoolgemeenskap lê klem op die ontwikkeling van positiewe verhoudings en in besonder die behoefte om mekaar en hul meerderes met respek te behandel.
3) Die gedragskode en -reëls spel in breë trekke uit (en soms in detail) watter soort gedrag die skool en opvoeders van elke leerder verwag en watter standaarde van gedrag, voorkoms en drag gehandhaaf moet word.
4) Die skoolbeheerliggaam is oorhoofs verantwoordelik vir die samestelling van die gedragskode wat onder leiding van die hoof, dissiplinehoof en die Dissiplinêre komitee van die skool geskied.
5) Die Beheerliggaam, ouers en voogde, die skoolhoof, die opvoeders, die leerder-leierskorps en elke individuele leerder van die skool is verantwoordelik om toe te sien dat die gedragskode eerbiedig en nagekom word met die voorbehoud dat leerderleiers nie ander leerders mag straf of onderwerp aan enige vorm van dissipline nie. Hulle het wel ’n verantwoordelikheid om ander leerders aan te spreek maar dan het hulle ’n aanmeldingsplig as leerders nie gehoor wil gee nie.
6) Die gedragskode bevat ‘n behoorlike en regverdige regsproses wat die belange van alle partye beskerm en uiteensit.
7) Geen vorme van baaspelerigheid, intimidasie, teistering, afknouery, boelie, onwettige dwelmmmisbruik, besit en gebruik van gevaarlike wapens en ander voorwerpe, bakleiery, onnodige rusies en twis, intimidasie en teistering, rassisme, haatspraak, verbale- of seksuele teistering, dreigende en ontwrigtende gedrag, bakleiery, beledigende en aanstootlike taalgebruik en gebare, enige immorele gedrag van enige aard en vandalisme/skade aan ’n

ander se eiendom sal geduld word in die skool nie.

8) Die skoolhoof, die opvoeders en die leerder-leierskorps (onder die nodige leiding van die opvoeder in bevel van die leiers) sal verantwoordelik wees vir die handhawing van dissipline by die skool en tydens enige skoolaktiwiteit.
9) Ouers en voogde moet so gou as moontlik in kennis gestel word indien daar enige dissiplinêre probleme by 'n leerder ontstaan, bestaan of voorkom, want ouer-ondersteuning in die proses is die sleutel tot 'n veilige en ordelike leer omgewing. Ouers is welkom om enige probleem ten opsigte van dissipline met die skoolhoof/dissiplinehoof te hanteer.
10) Die hoof, dissiplinehoof, die skoolbestuurspan en opvoeders is ten volle op hoogte van die ouderdomverwante gedrag van leerders en sal dit in ag neem indien dissiplinêre optrede oorweeg word.
11) Dissiplinêre optredes moet deur die opvoeders in samewerking met die ouers van leerders hanteer word op 'n kalm, rassionele wyse. (Waar dit nodig mag blyk, word positiewe, alternatiewe gedrag aangemoedig om die leerder se gedrag te verbeter).
12) Nieteenstaande die voorafgaande is daar omstandighede waar die opvoedingsproses van ander leerders ontwrig en versteur word wat daadwerklike en vinnige, voorkomende intervensie/optrede(s) verg van opvoeders, die skoolhoof, dissiplinehoof en/of die skoolbeheerligaam.
13) Die Dissiplinêre Komitee van die skoolbeheerliggaam moet alle verhore ten opsigte van baie en werklik ernstige oortredings (vlak 4) hanteer, nadat alle ander opsies deur die skoolhoof en die skoolbestuurspan oorweeg is.
14) Die skoolbeheerliggaam mag 'n persoon en/of persone ingevolge Omsendbrief 74 van 2007 koöpteer as 'n lid/lede van 'n dissiplinêre tribunaal verhoor te hanteer om te verseker dat daar aan Artikel 8(5) van die SASW te voldoen en 'n bevinding en aanbeveling oor 'n geskikte sanksie vir 'n aangeklaagde leerder te maak indien hy/sy skuldig bevind word van die oortreding waarvan hy/sy aangekla word.

4.9 Die leerder in die opvoeder-leerder verwantskap ten opsigte van die gedragskode behels onder andere dat 'n leerder van die skool vele belangrike ooreenstemmende verpligtinge of verantwoordelikhede het wat verband hou met sy/haar skoolopvoeding (bv om te voldoen aan die reëls en gedragskode en verwante beleide van die skool en ander leerders en opvoeders se regte te respekteer). 'n Leerder sal gedissiplineer word as hy/sy skuldig bevind word, indien hy/sy die gedragskode oortree en enige gepaardgaande reël oortree of nie nakom nie en 'n toepaslike sanksie sal gehef word en toegepas word. In ernstige gevalle waar skorsing en/of uitsetting oorweeg word moet 'n volwasse lid of ouer van die leerder sy/hom vergesel na die dissiplinêre verhoor. Dit is egter die leerder aan wie 'n korrektiewe sanksie opgelê word.

4.10 Om te besluit om dissiplinêre maatreëls teen 'n leerder in te stel kan die skool sekere feite en omstandighede in ag neem wat die volgende insluit maar nie daartoe beperk is nie:

1) Die bedoeling, oogmerk, opset, voorneme plan van 'n leerder om wangedrag te pleeg, daarvan deel te wees of daarby betrokke te wees en/of waar te neem.
2) Die leerder se ouderdom, graad en intelektuele vermoëns.
3) Die leerder se debietrekord en gedragsrekord tot en met die wangedrag gepleeg.
4) Indien die leerder se wangedrag as gevolg van 'n manifestasie is van 'n gestremdheid (maar dit sal in ag geneem word indien 'n leerder weet wat is reg of verkeerd en kan nie altyd as 'n verskoning gebruik word nie).
5) Die vlak van samewerking van die leerder gedurende 'n ondersoek na wangedrag gepleeg.
6) Die aard en ernstige vlak van die wangedrag.
7) Is dit 'n herhaling van soortgelyke wangedrag in die verlede (in die skool of in 'n vorige skool?)
8) Was selfverdediging 'n element?

9) Die vlak van berou van die leerder getoon voor en tydens die ondersoek en dissiplinêre prosedures.
10) Impak van die wangedrag op ander in die skoolgemeenskap en die leed en skade wat veroorsaak is hetsy persoonlik of skade aan eiendom.
11) Die herhaling en frekwensie wat die wangedrag voorkom of gepleeg is.

4.11 Die skool mag dissiplinêre stappe neem teen ‘n leerder gebaseer op ‘n besluit van die hoof/dissiplinehoof dat die leerder wangedrag gepleeg het wat ‘n kriminele/siviele oortreding is. Die skool het die volmag om ‘n beslissing te maak om dissiplinêre stappe te neem ingevolge die skool se dissiplinêre proses al is die leerder gearresteer, krimineel/siviel aangekla of voor die hof verskyn het, of aangehou is deur die SAPS vir sodanige oortreding. Die skool mag inligting wat ontvang is van die owerhede in ag neem met die neem van dissiplinêre stappe ingevolge hierdie gedragskode en ander skoolbeleide. Dissiplinêre stappe sal nie geneem word gebasseer op ‘n leerder se ras, nasionaliteit, geslagsoriëntasie, geloofsoortuigings, gebrek of enige ander onwettige oorweging nie.

## 5. DOEL VAN DIE GEDRAGSKODE

5.1 Die gedragskode vloei voort uit die visie- en missiestelling van die skool en vorm die agtergrond waarteen die gedragskode en reëls vir leerders van die skool gesien en verstaan moet word. Die skool se gedragskode is soortgelyk aan die reg en wette in die breë samelewing buite die skool, want dit bevat ook norme, waardes en reëls. Net soos in die lewe buite die skool waar mense die wet moet gehoorsaam, het leerders die verantwoordelikheid en opdrag om die reëls soos uiteengesit in die skool se gedragskode na te kom. Die doel van die gedragskode is om dissipline, selfdissipline en orde in die skool te bevorder, toe te pas en te verseker dat dit onderhou word in die skoolomgewing (in die klaskamers, op die sportveld, in die gange, op die stoepe, in die kleedkamers, die skoolkantoor, die hoof se kantoor, saal en tydens samekomste, openinge en al die ander geboue en plekke op die skoolterrein, skoolaktiwiteite en onderrig en leerderaktwiteite). Indien ‘n leerder die reëls van die gedragskode verontagsaam en nie nakom nie, word [wetlike] maatreëls toegepas om orde en veiligheid in die skoolgemeenskap te herstel en te sorg dat dit gehandhaaf word.

5.2 Verder is die doel van hierdie gedragskode om ‘n gedissiplineerde en doelgerigte omgewing te skep in die skool. In hierdie mileu sal daar gestreef word na die verbetering en instandhouding van die kwaliteit van die leer- en opvoedingsproses en die ontwikkeling van verantwoordelike burgers wat die volgende waardes nastreef:
1) Ondersteunende en positiewe samewerkende spanwerk van alle rolspelers in die skoolgemeenskap.
2) Goeie maniere wen hoflikheid teenoor ander en hulle meerderes.
3) Gesonde werksetiek.
4) Selfdissipline.
5) Demokratiese beginsels van gelykheid en geregtigheid.
6) Betrokkenheid.
7) Toewyding.
8) Behoudende morele waardes.

5.3 Ouers moet in gedagte hou dat leerders (kinders) juis oortree en kanse waag as grense onduidelik is. As ‘n oortreding duidelik aan ‘n sanksie gekoppel is, word hierdie grense duidelik en dwing dit die kind tot die besef om oor sy optrede te besin voordat ongeoorloofde gedrag plaasvind. Daarom word daar ‘n sekere standaard van gedrag van elke leerder verwag. Dit is wel nie moontlik om reëls, en daarmee saam ‘n sanksie, vir elke oortreding neer te lê nie, en hier word meer spesifiek na minder ernstige oortredings verwys. Dit wat hier volg is wat die skool van sy leerders verwag in

die verskillende fases van hul skoollewe. Wat verder belangrik is, is dat leerders verstaan wat van hulle verwag word en werklik respek en goeie maniere in elke fase van die skoollewe van laerskool sal openbaar. Indien hulle nie daaraan gehoor gee nie, sal dit lei tot ‘n konsekwente reaksie en optrede.

5.4 Benewens die primêre doel van die skool, naamlik om toe te sien dat effektiewe onderrig en leer plaasvind, het dit ook ‘n opvoedingsfunksie, naamlik om leerders toe te rus en voor te berei vir ‘n selfstandige en verantwoordelike volwasse lewe.

5.5 Dissipline, eerder as sanksies, sal binne die skoolopset proaktief en konstruktief gebruik word sodat leerders ‘n korrektiewe en konstruktiewe opvoedkundige benadering sal ervaar waarbinne hulle kan leer om selfbeheer toe te pas, ander te respekteer en die gevolge van hulle dade te aanvaar. Daarom het die skool ook sy program waardeur leerders beloon word vir positiewe en goeie gedrag.

5.6 Die opvoeder se opvoedingsgesag verskil egter van dié van ouers/voogde. Waar die ouers se gesag deur ouerlike liefde gedryf moet word, is die gesag van die opvoeder ten diepste gerig op die bevordering van die onderrigleertaak van die skool met die nodige agapé liefde en aanmoediging. Verder is dit belangrik dat ouers daarop moet let dat elke opvoeder en die skoolhoof kragtens sy/haar dienskontrak verplig is om sy/haar werk te doen, met ander woorde om onderwys te gee. Om dit te kan doen, het die opvoeder die verantwoordelikheid en plig om dissipline in die klaskamer te handhaaf. Die skool en elke opvoeder het die reg om te eis dat hy/sy nie verhinder mag word in die uitvoering van hierdie kontraktuele verpligting nie. Verder is dit so dat leerders altyd die grense vir hulle gedrag in sommige gevalle tot die uiterste sal toets en die opvoeder het in elke geval die gesag en verantwoordelikheid om sulke leerders tot orde te roep.

5.7 Die Skolewet plaas ‘n verpligting op die skoolbeheerliggame en opvoeders om te verseker dat dissipline binne die skool gehandhaaf word. Die Kode van Professionele Etiek, soos opgestel deur die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders (SARO), plaas ‘n verdere verpligting op opvoeders om die veiligheid en beste belang van leerders voorop te stel. Verskillende opvoeders sal verskillende benaderings hê tot dissipline, maar ‘n algemene riglyn van opvoeders in die skool is dat sanksies eerstens op die laagste vlak toegepas moet word en dan sal die res van die stappe volg indien die leerder nie gehoor wil gee nie. Sekere wangedrag wat van toepassing is op Vlak 4 van die Gedragskode en Skedule 1 en 2 van die Gauteng Provinsiale Algemene Kennisgewing 6903 van 2000 soos gewysig deur Algemene Kennisgewing 2591 sal onmiddelik lei tot ’n Eksterne Dissiplinêre verhoor. Die skool kan ook ’n interne dissiplinêre verhoor hou en skriftelike waarskuwings en ander maatreëls toepas.

5.8 Die personeel van die skool wil dit ook vooropstel dat die skool met dissiplinêre en regstellende optrede die volgende sal nastreef:

1) Om nie ‘n leerder te verneder, verkleineer, etiketeer en ‘n leerder se selfbeeld afbreek nie.
2) Om te verseker dat ‘n sanksie by die oortreding sal pas.
3) Om hulle te weerhou van alle vorme van lyfstraf.
4) Om nie te waarsku sonder opvolgoptrede nie.
5) Om geen leerder van opvoeding uit te sluit nie.
6) Om nie in woede te dissiplineer nie.
7) Om konsekwent te wees.
8) Te poog om nie hul humeur te verloor nie.
9) Om nie net op negatiewe gedrag te konsentreer nie, maar ook om positiewe gedrag te prys en te beloon met positiewe aanmeldings.

5.9 Ouers en betrokkenes moet in gedagte hou dat norme en standaarde van die samelewing verander en reëls van tyd tot tyd hersien kan word en sal die gedragskode dus ook van tyd tot tyd hersien

word om die reëls op datum te hou. Enige veranderinge sal tydens saalbyeenkomste aan leerders deurgegee word en so genotuleer word en aan ouers op die skool se kommunikasieplatforms en per omsendbrief bekend gemaak word. Die oorkoepelende beginsel is dus dat ‘n leerder van die skool te alle tye ’n aanwins/ambassadeur vir sy/haar ouers, sy/haar skool en die gemeenskap moet wees.

5.10 Vir skooldissipline en opvoedergesag om suksesvol te wees, is dit uiters noodsaaklik dat die ouergemeenskap van die skool die gesagsfigure en strukture van die skool sal ondersteun en positief sal saamwerk. Ouers gee gesag aan ‘n skool, wil net die beste vir hulle kinders hê, wil in die algemeen nie probleem-ouers wees nie en waardeer dit om te weet dat hulle kinders in ‘n veilige geborge omgewing wat die leer- en opvoedingsproses bevorder, onderrig ontvang. Ouers moet besef dat die skool nie aan elke behoefte van hulle kind(ers) kan omsien nie. Meer nog, wil die Beheerliggaam juis klem plaas op die vennootskap wat tussen ouer, personeellid en kind bestaan. Ouers moet ook kennis neem van die skooltye en dat die skool net vir ’n sekere tydperk van die dag na afloop van die amptelike skooldag na hulle kinders kan omsien op die skoolterrein vir ten minste een uur na skoolaflsuiting daarna moet dagskoliere die skoolterrein verlaat indien hulle nie moet aanmeld vir enige ander skoolaktiwiteite of detensieklas ens nie. As die laasgenoemde suksesvol funksioneer gaan dit goed met die skool en elke leerder. Die skool het egter die ondersteuning van elke ouer nodig in hierdie verband – in die *Guidelines for the consideration of governing bodies in adopting a code of conduct for learners* word dit duidelik gestel dat die ouers of voogde **die uiteindelike verantwoordelikheid vir leerders se gedrag dra, en dat daar van hulle verwag word om die skool te ondersteun en van hulle kinders te verwag om alle skoolreëls en -regulasies te gehoorsaam.**

5.11 Alle reëls hierna uiteengesit, word uitgelê en vertolk teen die agtergrond van die omvattende reël dat 'n leerder se voorkoms, gedrag en optrede ten alle tye ooreenkomstig die geskrewe en ongeskrewe reëls van die skool moet wees en, ín skooldrag of daarsonder, die skool tot eer moet strek.

5.12 Die gedragskode bevat die volgende elemente:

1) Regverdige, redelike en realistiese skoolreëls. Sanksies of strafkodes (lyfstraf en enige vorm van fisiese en psigiese mishandeling uitgesluit).
2) ‘n Behoorlike en regverdige regsproses om die belange van die leerder en enige ander party wat by die dissiplinêre proses betrokke is, te beskerm.
3) Vertroulikheid tydens die ondersoek van oortredings van ‘n ernstige aard.
4) Die regsproses
5) Die prosedure wat skorsing en/of uitsetting vir die skool geld.
6) ‘n Interne en eksterne appél prosedure. Ouers moet daarop let dat interne appèlle binne 5 skooldae aan ‘n eksterne dissiplinêre verhooor ingedien moet word en sluit die sanksie vir ‘n aanbeveling van permanente uitsetting uit.

5.13 Daar word van elke leerder van die skool verwag om aan die skool se eerlikheidsbeleid te voldoen ten opsigte van sy/haar werk en nie hom/haarself as iemand anders voor te doen as enige ander persoon nie of voor te gee dat hy/sy enige leiersposisie of ander posisie by die skool beklee of magte het wat nie so is nie. Die skool se beleid bepaal dat elke leerder sy/haar eie werk sal aanbied in take, huiswerk, akademiese werk, assesseringsprojekte, sodat hulle werk op ‘n eerlike grondslag beoordeel kan word. Kullery in enige vorm is tot nadeel van die skool en die leerder en sal aan die “SAIC” komitee as ‘n onreëlmatigheid (“irregularity”) van die skool voorgelê word vir verdere ondersoek en optrede.

Eerlikheid is om:

1) Jou eie werk te doen en te voltooi en betyds in te handig.
2) Om enige verwysingsbronne van watter aard ook al te vermeld.

3) Om jou oë op jou eie werk te hou.
4) Om te help en nie te kopieër nie.
5) Om nie ander se werk af te skryf en voor te gee dis jou eie onder enige omstandighede nie.
6) Nie van enige ongeoorloofde/ontoelaatbare hulpmiddel, nota's van enige aard op enige oppervlak en enige ander elektroniese toestel gebruik te maak tydens enige toets, eksamen en ander assessering nie.
7) Om elektroniese bronne met integriteit te gebruik en nie van "sny en plak" metodes [*"cut and paste"]* gebruik te maak nie.
8) In enige dissiplinêre ondersoek/verhoor die waarheid te praat of in skriftelike verslae oor 'n insident die waarheid neer te skryf.

## 6. WOORDOMSKRYWINGS EN AKRONIEME

### 6.1 Woordomskrywings

**Woordomskrywings**

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| Aangeklaagde [leerder] | Beteken die leerder teen wie bewerings/aanklagtes van die gedragskode gemaak word. |
| Alkoholiese drank/middel/produk/vloeistof | (a) Enige onwettige middel wat 'n psigologiese of fisiologiese uitwerking; of<br>(b) Enige middel wat sodanige effek het wat in onwettige besit is, en/of<br>(c) Enige onwettige bedwelmende of verdowende middel; en/of<br>(d) Enige middel/vloeistof/produk waarvan alkohol 'n bestandeel is of 'n persentasie alkohol bevat. |
| Aanranding/Poging tot aanranding [Skedule 2] | Daadwerklike fisiese, liggaamlike leed aan 'n ander of dreigende optrede van enige leerder teenoor enige ander persoon of persone, wat enige vorm van besering, hetsy fisies en/of psigies insluit. In gevalle van boeliegedrag, 'n bedreiging of verbale dreigemente kan die dreigement mondelings, skriftelik, by wyse van enige gebaar, liggamlike beweging en/of enige elektroniese vorm op enige sosiale platform oorgedra word. Alle vorms van fisiese bakleiery en/of teistering/boelie/ intimidasie/dreigemente sal dus as aanranding beskou word. |
| Aanklaer/Getuienisleier | Beteken 'n opvoeder met 'n SACE nommer deur die hoof aangestel om 'n saak teen 'n leerder voor te lê en bewyse tydens 'n dissiplinêre verhoor van die skool te bring. |
| Behoorlike [regverdige] proses [Art 8(5) van die SASW] | Beteken dat elke leerder wat aangekla word van wangedrag of wangedrag gepleeg het, geregtig is om oor die klag |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| | ingelig te word en tydens ‘n dissiplinêre verhoor geregtig is op verteenwoordiging en dat die verhoor ingevolge ‘n regverdige proses moet geskied waar die leerder sy/haar saak kan stel. |
| Besit/in besit wees van | Daadwerklike besit en/of in beheer van enige artikel, voorwerp, onwettige middel. Dit beteken ook die besit van enige beeld, klankopname, video, foto, prent en ander elektroniese skepping wat gestoor is of op die geheue/elektroniese rekords is van enige digitale toestelle/selfoon/elektroniese toestel. |
| Boelie/intimidasie/teistering | Enige ernstige, intimiderende, viktimiserende, omvattende, indringende fisiese, verbale, nie-verbale daad of gedrag, insluitende kommunikasie op enige sosiale platform of in enige ander formaat wat gerig is op ‘n ander leerder of groep leerders, opvoeders wat een of meer van die volgende gevolge het:<br>1) Wat vrees wek by ‘n leerder dat hy/sy liggaamlik en/of emosionele leed aangedoen gaan word en/of sy/haar eiendom beskadig gaan word of vernietig gaan word.<br>2) Wat emosionele skade aan ‘n leerder se geestesgesondheid gaan veroorsaak.<br>3) Wat sy/haar akademiese prestasie gaan beïnvloed.<br>4) Die leerder se vermoë gaan aantas om in enige skoolaktiwiteit deel te neem of met ander leerders te kan kommunikeer sonder vrees of gaan inmeng met sy/haar regte in skoolverband.<br>5) Gerig is op enige vorm van diskriminasie.<br>6) Enige vorm van haatspraak/ initimidasie/verkleinering |
| Dae/Dag | Beteken ‘n skooldag of -dae van die week, uitsluitend Saterdae, Sondae, publieke vakansiedae en skoolvakansies |
| Digitale toestelle/selfoon/elektroniese toestel | Beteken enige mobiele toestel wat gebruik word om oproepe te maak of boodskappe te versend deur seine of inligting voorgestel deur syfers en/of enige digitale beelde, |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| | videos, foto's en klank kan opneem en versend. |
| Dispuutbeslegtingskomitee | Beteken 'n komitee wat deur die Beheerliggaam aangestel is om oor dispute rakende die vertolking van die kode tussen leerders en opvoeders te besleg. |
| Dissiplinêre Komitee | Beteken 'n komitee wat deur die Beheerliggaam aangestel is om 'n aanklag van beweerde ernstige wangedrag, wat teen 'n leerder/leerders aanhangig gemaak is, te besleg en om te besluit oor 'n sanksie wat aan sodanige leerder(s) opgelê kan word. |
| Dissiplinehoof/Ondersoeker | 'n Bevoegde persoon, skriftelik aangestel deur die hoof om 'n bewering of vermoede van ernstige wangedrag te ondersoek en wat ook as aanklaer gedurende 'n dissiplinêre verhoor mag optree en 'n klagstaat vir die hou van 'n dissiplinêre verhoor teen 'n leerder mag opstel en aan die leerder en sy/haar ouers mag oorhandig. |
| Distrikskantoor | Beteken die Distrikskantoor van die Departement in die Onderwysdistrik waarin Laerskool Garsfontein geleë is. |
| Distriksdirekteur | Beteken die beampte van die Department, verantwoordelik vir die administrasie van onderwys in die betrokke distrik waaronder Laerskool Garsfontein toegewys is. |
| Departement | Beteken die Gauteng Departement van Onderwys |
| Dokumentasie en bewyse | Sluit die volgende in maar is nie daartoe beperk nie:<br>• Notas of briewe van/aan ouers.<br>• Mediese sertifikate van mediese praktisyns.<br>• Notas, briewe en verklarings van 'n leerder.<br>• Aantekeninge en tekeninge van die persoon wat die bewerings van wangedrag ondersoek of wat die klag indien.<br>• Enige ander vorm van inligting of bewyse wat gebruik kan word om die klag te verifieer.<br>• Enige ander inligting vervat oor die leerders betrokke, wat op enige lêer in geskrewe of elektroniese formaat voorkom by die skool en/of op enige |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| | digitale, elektroniese mobiele toestel/selfoon van enige persoon.<br>• Opnames van die skool se GKT ("CCTV").<br>• Enige klankopname van watter aard ook al wat van toepassing is op 'n klag van die skool en/of die dissipline komitee.<br>**LW Slegs die dissiplinehoof en die komitee mag enige opnames maak van ondersoeke, interne verhore en eksterne verhore. Geen ander persoon mag dit sonder die voorsittende beampte se goedkeuring doen nie.** |
| Dreigemente/Intimidasie/Mishandeling | Sluit in enige verbale en nie-verbale aksies sowel as enige inligting wat plaasvind deur middel van enige elektroniese kommunikasie en op enige sosiale media/platform |
| Dwelmtoebehore | Enige toebehore, toerusting, produk, materiaal van enige aard wat primêr bedoel is of ontwerp is of vervaardig is of kan word deur gebruik te maak van sekere middels wat in die vervaardiging daarvan gebruik kan word of saamgevoeg, vermeng, omskep, verberg/versteek, geproduseer, prosesseer, ingespuit, ingesluk, in die mond geplaas kan word, gerook, ingeasem of enige ander wyse in die menslike liggaam opgeneem kan word met die doel om die persoon te bedwelm of sy/haar kognitiewe vermoëns aan te tas en enige gedrag te inhibeer of te beïnvloed. |
| Gedragskode | Beteken hierdie dissiplinêre gedragskode en reëls van die skool en enige ander verwante beleide en klaskamerreëls en ander verwante beleide en wetgewing. |
| Geslote Kring Televisie ["CCTV"] | Die skool se geslote kring televisie kameras waarvan opnames as bewys gebruik mag word in die ondersoek of tydens enige verhoor. |
| Geweldadige leerder/optrede | Beteken enige leerder wat:<br>a) 'n daad van geweld uitvoer/inisieer op enige werknemer en/of leerder van die skool of probeer om dit uit te voer.<br>b) 'n Daad pleeg terwyl hy/sy op die skoolgronde is en/of deel is van enige skoolaktiwiteit teenoor 'n ander leerder |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| | en/of enige ander persoon, of ‘n poging aanwend om so ‘n daad uit te voer of<br>c) Enige gevaarlike voorwerp in sy/haar besit het terwyl hy/sy op die skool perseel is of tydens enige skoolaktiwiteit of enige skoolondersteunde aktiwiteit.<br>d) Vertoon, het in sy/haar besit enige voorwerp wat as ‘n gevaarlike voorwerp geag kan word terwyl, hy/sy op die skool perseel is of tydens enige skoolaktiwiteit of enige skoolondersteunde aktiwiteit.<br>e) Bedreig of dreig om ‘n ander aan te rand met enige gevaarlike voorwerp terwyl, hy/sy op die skoolperseel is of tydens enige skoolaktiwiteit of enige skool-ondersteunde aktiwiteit. |
| Graad | Beteken dié gedeelte van 'n onderwysprogram wat 'n leerder binne die bestek van een skooljaar kan voltooi of enige ander onderwysprogram wat die Lid van die Uitvoerende Raad mag ag, gelykwaardig daaraan te wees. |
| Gevaarlike voorwerp/wapen | Beteken<br>*(a)* enige springstof of ontplofbare toestel;<br>*(b)* enige vuurwapen of gaswapen;<br>*(c)* enige artikel, voorwerp, stuk gereedskap, instrument, koord, tou, draad, enige passer en skryfbehoeftes, bessie, klip, stof, spuitmiddel, dwelmmiddel, vloeistof, spuitnaald, tak, plank, yster of instrument wat gebruik kan word om 'n ander persoon op enige wyse liggaamlike leed aan te doen of eiendom te beskadig, of om 'n persoon tydelik te verlam of bewusteloos te laat, of selfs te dood; of<br>*(d)* Enige voorwerp wat die Minister by kennisgewing in die Staatskoerant ingevolge die Skolewet tot gevaarlike voorwerp verklaar.<br>(e) Enige gevaarlike voorwerp soos omskrywing in die Wet op Gevaarlike Wapens, 2013 (Wet 15 van 2013)<br>(f) Enige replika van ‘n vuurwapen.<br>Sien ook die skool se beleid oor gevaarlike voorwerpe/wapens. |
| Geïmpliseerde toestemming deur leerders | In terme van Artikel 8A van die Skolewet, 1996 mag die skoolhoof en/of sy gedelegeerde dwelmtoetse en deursoeking en beslaglegging van verbode en gevaarlike voorwerpe onderneem en mag |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| | geen leerder weier tot sodanige aksies nie, want daar is geïmpliseerde toestemming deur die leerder verleen deur Artikel 8(4) van die Skolewet, 1996. Geen bepaling van die Wet stel 'n leerder vry van die verpligting om die gedragskode van die skool wat deur sodanige leerder bygewoon word, na te kom nie, mits daar aan Artikel 8(5) van die Skolewet en die voorgeskrewe regulasies en beleide voldoen is. |
| Hoof van die Departement | Is die Hoof van die Gautengse Onderwys Departement. |
| Hoof/Skoolhoof | 'n Opvoeder wat as hoof van 'n skool aangestel is of waarneem. In hiedie dokument waar daar na die hoof verwys word, beteken dit die hoof van die skool of waar van toepassing die persoon wat deur die hoof gemagtig is om sekere verantwoordelikhede na te kom en/of uit te voer namens die hoof. |
| Intimidasie en/of Teistering | Die doelbewuste en/of kwaadwillige leed wat ‘n ander aangedoen word deur afknouery, verbale verkleinering en/of viktimisasie en/of intimidasie. |
| Kode | Beteken die dissiplinêre gedragskode  en reëls van die skool |
| Konfiskering/Konfiskasie | Beteken die wettige beslaglegging/ inbeslagneming van goedere/ items/elektroniese toestelle van leerders indien hulle dit gebruik om die skool se gedragskode te oortree of dit strydig met die gedragskode op die skoolterrein te bring of in hulle besit te hê of in enige sak/houer wat aan die leerder behoort of tydens enige skoolaktiwiteit of ‘n aktiwiteit wat deur die skool ondersteun word. Die besit van sekere items sal verbeurd verklaar word ingevolge die voorskrifte van die gedragskode. |
| Leerder | Beteken enige persoon wat onderwys ontvang of wat verplig is om onderwys te ontvang ingevolge die Skolewet by Laerskool Garsfontein |
| Lid van die Beheerliggaam | Beteken enige  verkose/gekoöpteerde lid van die SBL/Komitee van die SBL van Laerskool Garsfontein |
| Lid van die Uitvoerende Raad | Beteken Lid van die Uitvoerende Raad van Gauteng Provinsie verantwoordelik vir Onderwys. |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| Naskoolsentrum | Is ‘n fasiliteit wat deur die BL aan leerders gebied word teen betaling ingevolge die Naskoolbeleid en kontrakte wat deur ouers geteken word. Die daarstelling van die Naskoolsentrum is ‘n voorreg en nie ‘n reg aan enige leerder en/of ouer nie. Die gedragskode van die skool is ook van toepassing by die naskoolsentrum. |
| Onderwys | Onderriginstruksie of opleiding wat ingevolge die Wet aan leerders verskaf word. |
| Onwettige Dwelmmiddel/onwettige middel/inhalant/verwante produkte toebehore/elektroniese sigarette/vapers/twisps/sintetiese en plantaardige middels | Beteken<br>(a) enige onwettige stof wat 'n sielkundige of fisiologiese uitwerking het; of<br>(b) enige stof wat sodanige uitwerking het wat onwettig besit word,<br>(c) enige dwelm soos gedefinieer in die Wet op Dwelms en Dwelmhandel, 1992 (Wet 140 van 1992), wat gebruik word of in besit is in oortreding van Artikel 4 van daardie Wet, die Skolewet en verwante wetgewing.<br>(d) Enige stof/aerosol/vloeistof wat ‘n bedwelmende uitwerking het, insluitend enige stof wat ingeasem kan word soos gom, verdunners, petrol, enige spuitmiddel (“aerosol”), verf, chemikalieë en ander.<br>(e) Enige tabakproduk, “”vaper”, “twisp”, vaper vloeistof/houer van enige aard, enige produk wat nikotien bevat. Enige elektroniese sigaret/toestel wat vaperprodukte/twisp produkte gebruik.<br>(f) Enige produk wat alkohol bevat.<br>(g) Enige oor die toonbank medikasie/ dwelmmiddel/vloeistof.<br>(h) Enige sigaret papier soos “Rizlas” en en “Rizla”rollers.<br>(i) Enige mengsel wat alkohol bevat.<br>(j) Enige mengsel/vloeistof wat enige medisinale produk, dwelmmiddel, sintetiese dwelmmiddel, chemikalieë, plantaardige middel bevat. |
| Ontwrig/ontwrigting [gedrag] | Beteken die onwrigting/ frustrering/bedreiging van die vloei en kontinuïteit van opvoeding in die klaskamer of enige ander opvoedingsproses in die skool en enige ander skoolaktiwiteit. |
| Ontwrigtende Leerder(s) | Beteken ‘n leerder/groep leerders wat substantief onderrig/opvoedingsproses in ‘n klaskamer of tydens enige skoolaktiwiteit veroorsaak of daartoe bydra dat dit |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| | voorkom word, opvoeding en onderwys verhoed/frustreer of die gesag van enige opvoeder ondermyn deur sodanige optrede. |
| Opvoeder | Beteken enige persoon, met uitsondering van 'n persoon wat aangestel is om uitsluitlik buite-kurrikulêre werksaamhede te verrig, wat ander persone onderrig, opvoed of oplei of wat professionele opvoedkundige dienste, met inbegrip van professionele terapie en opvoedkundige sielkundige dienste, by 'n skool lewer. |
| Ouer | Beteken -<br>*(a)* die biologiese of aanneem-ouer of wettige voog van 'n leerder;<br>*(b)* die persoon met wettige aanspraak op sorg vir 'n leerder; of<br>*(c)* die persoon wat onderneem om die verpligtinge van 'n persoon in paragrawe *(a)* en *(b)* ten opsigte van die leerder se opvoeding op skool na te kom, soos omskryf in die Skolewet, 1996.<br>Regdeur hierdie gedragskode waar daar na ouer of ouers verwys word, sluit dit enige van die bogenoemde persone in of waar van toepassing enige persoon (opvoeders en skoolpersoneel uitgesluit) wat skriftelik deur 'n ouer/wettige voog skriftelik aangewys is om *"in locus parentis"* namens 'n leerder op te tree en die skool in besit is van sodanige skriftelike dokument. |
| Permanente Uitsetting | Beteken die permanente verwydering van die leerder uit die skool in opdrag van die hoof van die department en/of die LUR van Onderwys. |
| Personeellid | Beteken 'n persoon wat by die skool in diens is. |
| Persoon | Beteken enige persoon, hetsy 'n natuurlike persoon of 'n juridiese persoon, met of sonder regspersoonlikheid. |
| Hoof/skoolhoof | Beteken 'n opvoeder wat as hoof van die skool aangestel is of waarneem. |
| Sanksie | 'n Sanksie is 'n korrektiewe maatreël of maatreëls wat aan 'n leerder opgelê word om te sorg vir 'n ordelike skoolgemeenskap wat mag voortspruit uit enige dissiplinêre optrede deur die skool indien 'n leerder homself/haarself wangedra. |
| Seksuele aanranding/geweld/teistering | Beteken die fisiese daad of dreigement van aggressie of 'n dreigement wat die |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| | aanraking van ‘n ander se skaamdele/enige ander liggaamsdeel insluit, of om ‘n ander persoon te forseer om ‘n ander of sy/haar eie skaamdele aan te raak of enige ander liggaamsdeel en ten doel het om die persoon te intimideer, te beseer. Te verkleineer, [fisies] te dwing om ‘n daad te verrig teen sy/haar wil of tot so ‘n persoon se dood kan lei. Sonder daardie persoon se medewete hom/haar aanraak op ‘n onsedelike manier wat sy/haar menswaardigheid aantas. |
| Seksuele teistering | Enige handeling/aanraking met ‘n seksuele konnotasie of ondertoon van ‘n ander persoon/leerder/opvoeder wat kan lei tot dissiplinêre optrede ingevolge die skool se gedragskode, strafregtelike vervolging, asook enige onregmatige handeling ingevolge waarvan ‘n individu se reg op ‘n veilige, nie-intimiderende werk-, speel- of leeromgewing aangetas word deur onder andere onwelkome seksuele toenadering/aanraking; versoeke vir seksuele gunste waar die persoon wat die versoek rig in die posisie is om onder andere te verneder/oorweldig met fisiese/verbale magsvertoon en/of krenkende verbale en nie-verbale handelinge met ‘n eksplisiete of implisiete seksuele konnotasie of ondertoon. |
| Sintetiese dwelms/ Dwelms of produkte met ‘n plantgebaseerde inhoud (“Herbal”) | Beteken enige wettige en/of onwettige stof in vaste of vloeistof formaat, (wat ‘n etiket op het vir menslike gebruik al dan nie) wat chemies dieselfde effek het as ander onwettige en wettige dwelms wat beheer word ingevolge enige wetgewing. |
| Sluitkassies (“Lockers”) | Beteken ‘n sluitkas wat gesluit kan word wat leerders van die skool huur om besittings en ander voorwerpe en goedere in toe te sluit. |
| Skoolbeheerligaam | Beteken die beheerliggaam van Laerskool Garsfontein soos beoog in Artikel 16 (1) van die Skolewet, 1996 |
| [Die] skool | Beteken Laerskool Garsfontein 'n openbare skool soos beoog in Hoofstuk 3 van die Skolewet, 1996, wat 'n openbare skool is wat leerders in een of meer grade van Graad 1 tot Graad 7 inskryf. |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| Skoolaktiwiteit | Beteken enige amptelike opvoedkundige, kulturele, ontspannings- of sosiale aktiwiteit van die skool op/buite die skool se perseel. |
| Skooldae | Beteken weeksdae, uitgesluit Saterdae, Sondae, openbare vakansiedae en skoolvakansies. |
| Skooleiendom | Die grond en geboue wat deur die skool beset word sowel as enige permanente aanhegting aan sodanige grond en geboue asook alle ander eiendom, wat alle toerusting, boeke, voorraad, motorvoertuie en dies meer insluit, wat die skool besit, huur of berg, of vir die beskadiging of verlies waarvan die skool wetlik aanspreeklik gehou kan word. |
| Skorsing/Geskors | Beteken dat 'n leerder nie daarop geregtig mag wees om:<br>a) 'n klas by die skool by te woon nie;<br>b) gedurende die tydperk van skorsing, 'n amp te beklee of enige funksies of werksaamhede, soos beoog deur enige toepaslike wetgewing en wat met die bestuur van die skool verband hou, te verrig nie;<br>c) aan buite-kurrikulêre aktiwiteite en ander skoolaktiwitiete van die skool deel te neem nie; of<br>d) skool vir 'n tydperk soos voorgeskryf in die wet by te woon nie; en ‘opskort’ het dieselfde betekenis. |
| Teistering/ enige vorm van intimidasie/ enige vorm van viktimisasie/ enige vorm van boelie/kuberboelie | Beteken enige onwelkome gedrag wat ’n persoon se menswaardigheid skend of ’n intimiderende, vyandige, vernederende, verkleinerende of aanstootlike omgewing skep. Dit kan persone bedreig of verneder laat voel, of asof daar op hulle neergesien word. Sulke gedrag kan met die persoon se werks- of onderwysprestasie inmeng, werksekerheid ondermyn en ’n bedreigende of intimiderende werk- of leeromgewing skep. Ongeag of teistering opsetlik of onopsetlik is, bly die kernkwessie die uitwerking daarvan op die persoon, eerder as die oortreder se beweegrede. Teistering beteken verder om direk of indirek op ’n manier op te tree wat die oortreder weet of behoort te weet die klaer of ’n verwante persoon sal skade aandoen of sy/haar menswaardigheid sal krenk en aantas, of wat die klaer |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| | redelikerwys laat glo dat sodanige [liggaamlike/reputasie] skade hom of haar aangedoen kan word. |
| Tydelike skorsing | Beteken dat die hoof 'n leerder tydelik kan skors vanaf die tydstip dat 'n klagte van ernstige wangedrag teen 'n leerder aanhangig gemaak is, totdat die uitslag van 'n billike verhoor deur die dissipline komitee gefinaliseer is, indien dit volgens die mening van die hoof, in oorleg met die dissiplinehoof/ondersoekbeampte, in belang van die leerder of opvoeders en die skoolgemeenskap geag word; onderhewig aan die voorwaarde dat die leerder in staat moet wees om, onder behoorlike toesig, met sy skoolwerk voort te kan gaan. |
| Toesig | Beteken die bestuur en beheer van leerders op skool of tydens ‘n skoolaktiwiteit. |
| Uitsetting | Beteken die permanente beëindiging van 'n leerder se toelating as leerder tot die skool deur die Departementshoof. |
| Verteenwoordiger | Beteken ‘n ouer van ‘n leerder of enige ander persoon wat deur ‘n leerder en/of sy ouer op skrif *in locus parentis* gekies word om hom\haar by ‘n dissiplinêre verhoor te verteenwoordig. |
| Viktimisasie | Beteken die onregmatige benadeling (of dreigement daartoe) van ‘n leerder, opvoeder, ouer en enige ander persoon op die skoolterrein wat sy/haar regte uitoefen, of afdwing of poog om dit uit te oefen en/of af te dwing. |
| Voorlopige opskorting/Skorsing | Beteken ‘n leerder mag voorlopig deur die hoof geskors word vir die maksimum periode toegelaat deur die Wet. Hierdie besluit kan geneem word as die hoof, in konsultasie met die Departementshoof besluit dat dit in die belang van die leerder of die opvoeders en die skoolgemeenskap is. Hierdie besluit is onderhewig aan die feit dat die leerder moet kan aangaan met sy skoolwerk onder goeie toesig; |
| Wangedrag | Beteken wangedrag wat deur 'n leerder gepleeg word, wat die buitegrense van aanvaarbare gedrag wat van ‘n leerder verwag word wat val, wat die volgende insluit, maar nie daartoe beperk is nie: |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| | (a) wangedrag wat op die perseel van die skool gepleeg word, hetsy gedurende of na skoolure<br>(b) wangedrag wat gedurende enige skoolaktiwiteit gepleeg word ongeag of dit binne of buite die perseel van die skool is en of dit gedurende of na skoolure plaasvind;<br>(c) enige gedrag wat in of uit skooluniform, binne of buite die skoolperseel gepleeg word, wat:<br>(i) geneig is om die skool 'n slegte naam te gee, die skool se reputasie te skaad of in diskrediet te bring of sy goeie eer aantas;<br>(ii) met die beheer, gesag en behoorlike administrasie van die skool inmeng;<br>(iii) met die voorwaardes wat vir enige skoolaktiwiteit nodig is, inmeng;<br>(iv) onderhewig aan die redelike uitoefening van die reg om te vergader, te betoog en petisies op te stel, gepleeg word met die bedoeling om enige persoon daarvan te weerhou om sy of haar regte, magte of pligte as lid van<br>die skoolgemeenskap uit te oefen, of wat gepleeg word as vergelding teen sodanige uitoefening; of<br>(v) deur die kode van die skool verbied word. |
| [Gevaarlike] Wapen/Voorwerp | Beteken enige voorwerp waarmee skade, leed en/of besering aan enige persoon aangerig kan word en sluit in gevaarlike wapens/voorwerpe en ook enige vuurwapens/ploftoestel/vuurwerk. |

6.2 Akronieme

| Akroniem | Omskrywing |
|---|---|
| AJV | Die algemene jaarvergadering van ouers |
| LUR | Lid van die Uitvoerende Raad van Gauteng Provinsie verantwoordelik vir Onderwys |
| SAPD | Suid-Afrikaanse Polisiediens |
| SBL | Skoolbeheerliggaam |
| SPW | Strafproseswet 1977 (Wet 51/1977) |
| DH | Hoof van die Department |
| GDO | Gauteng Departement van Onderwys |
| GKT | Geslote kringtelevisie |

## 7. TOEPASSING EN OMVANG VAN DIE BELEID

7.1 Alle leerders van Laerskool Garsfontein is onderhewig aan die Gedragskode en –reëls van die skool ingevolge Artikel 8(4) van SASW.

7.2 Alle opvoeders, lede van die skool se bestuurspan, hoof en die dissiplinehoof is verantwoordelik vir die toepassing van die beleid en indien dit oorgaan tot 'n dissiplinêre verhoor, die aangewese lede van die BL.

7.3 Verwys na Bylaag A vir die leerderonderneming ten opsigte hierdie gedragskode, asook die erekode (Bylaag B) van Laerskool Garsfontein.

7.4 Leerders en hul ouers/voogde moet hulself van die skool se gedragskode en die bepalings daarvan vergewis. Sodra leerders by die skool ingeskryf is, is hulle onderworpe aan die gedragskode, en moet hulle dit stiptelik nakom. Indien leerders die gedragskode oortree of minag, sal daar ooreenkomstig die dissiplinêre prosedure vir leerders, teen hulle opgetree word.

7.5 Die toepassingsbestek en voorwaardes waar en wanneer die skool se gedragskode en – reëls van toepassing is, sluit ook die volgende omstandighede in wanneer 'n leerder:

a) Op enige plek op die skoolterrein hom/haarself bevind.
b) Binne enige lokaal op die skoolterrein homself/haarself bevind.
c) Tydens enige skooltoer/uitstappie.
d) Tydens enige skoolaktiwiteit op/weg van die skoolterrein.
e) By enige ander skool.
f) Waar hy/sy die skool verteenwoordig by enige aktiwiteit/optrede.
g) Waar hy/sy as 'n leerder van die skool geïdentifiseer kan word in of uit skooluniform/ander skooldrag/gewone drag hetsy op die skoolterrein of buite die skoolterrein.
h) Enige aktiwiteit wat deur die skool ondersteun word op/weg van die skoolterrein af.
i) Op enige skoolgoedgekeurde vervoermiddel.

7.6 Ouers sal die skool ondersteun om die gedragskode toe te pas ingevolge die beleid vir die optrede van ouers by en ten opsigte van die skool. **Die houding van ouers tydens enige dissiplinêre gesprek/optrede kan in ag geneem word met die oplegging van enige sanksie van 'n leerder.** Ouers moet nie verwag dat die skool aan elke opvoedkundige behoefte of enige ander behoefte van sy/haar kind kan voorsien nie.

7.7 'n Leerder wat meer as vier keer 'n sanksie van detensie opgelê word wat die opvoedingsproses wesenlik en beduidend versteur tydens enige opvoedingsgeleentheid in die klaskamer, op die skoolterrein en/of tydens enige skoolaktiwiteit en/of tydens enige skoolfondsinsamelingsgeleentheid en/of op enige skoolvervoermiddel en/of waar die leerder as 'n leerder van die skool geïdentifiseer kan word hetsy in/uit skooluniform al dan nie en waar sodanige optrede gepleeg word wat duidelik waarneembaar was deur ander persone van die skoolgemeenskap, sal beskou word as 'n vlak 4 oortreding en outomaties lei tot 'n dissiplinêre verhoor.

## 8. WETLIKE RAAMWERK

1) Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.
2) Die Wet op Skoolonderwys, 1995 (Gauteng) (Wet No 6 van 1995).
3) Die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet Nr 84 van 1996).
4) Die Wysigingswet op Onderwyswette, 2007 (Wet Nr 31 van 2007)
5) Die Wysigingswet op Wette op Basiese Onderwys, (Wet Nr 15 van 2011).

6) Government Notice 1140 of 19 September 2008 – Devices to be used and Procedure to be followed for drug testing.
7) Riglyne vir Gedragskode vir leerders (Algemene Kennisgewing 776 in Staatskoerant 18900 van 15 Mei 1998). ("General Notice 6903 of 2000 as amended").
8) Die Wet op die SA Raad vir Opvoeders, 2000 (Wet 31 van 2000).
9) Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet 27 van 1996).
10) Die Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998).
11) Die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, Wet 3 Van 2000 ("PAJA").
12) Die Wet Op Beskerming van Persoonlike Inligting (Wet 4 van 2013 ("POPI")).
13) Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (Wet 2 van 2000) ("PAIA").
14) Die Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (Staatskoerant 22754/2001: Kennisgewing 1040).
15) Regulasies en Riglyne van die Gauteng Departement van Onderwys.
16) Die Wet op Beheer van Tabakprodukte, 1999.
17) Die Drankwet, Wet 59 van 2003, soos gewysig ("Liquor Act, 2003").
18) Aanvullende beleide van Laerskool Garsfontein.
19) Die Grondwet van Laerskool Garsfontein.
20) Nasionale Onderwysbeleidswet (Wet 27/1996).
21) Die Veiligheidsbeleid van die skool.
22) Riglyne en Omsendbriewe van die Gauteng Departement van Onderwys en die Nasionale Departement van Onderwys.
23) Policy Framework for the Management of Drug Abuse by Pupils in Schools and Public Further Education and Training Instutitions soos gepubliseer in die Staatskoerant van 13 Desember 2002 (Kennisgewing 3427).
24) SARO gedragskode vir Opvoeders
25) Strafproseswet 1977 (Wet 51 van 1977).
26) Die Wet op Plofstowwe, 1956 en verwante regulasies en munisipale bywette oor vuurwerke en ander plofstowwe.
27) Protocol for the Management and Reporting of Sexual Abuse and Harassment in Schools.
28) Omsendbrief 74/2007.

## 9. INDIVIDUELE REGTE, VERANTWOORDELIKHEDE

9.1 Menseregte word dikwels as die rede aangevoer waarom leerders hulle by die skool wangedra of dat opvoeders nie beheer het oor die leerders in hulle klaskamers nie, Dit is 'n wanpersepsie van wat menseregte is en waaroor dit gaan. Want as mense wil hê hulle regte moet in die skool eerbiedig word is die gepaardgaande verantwoordelikhede die sleutel tot die erkenning van hulle regte. 'n Regte gebaseerde kultuur berus op respek, verantwoordelikheid, selfdisssipline en menswaardigheid. Dit is so dat respek vir ander, hulle persoon en hulle besittings sowel as harde werk en die najaag van akademiese prestasie en die deelname aan skoolaktiwiteite en toegewydheid van die beste belange van die skoolgemeenskap en andere in die skoolgemeenskap die sentrale kenmerke is van 'n skool waar menseregte en die gepaardgaande verantwoordelikhede toegepas word.

### 9.2 Individuele Regte van Leerders

Ingevolge die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika het elke ingeskrewe leerder van die skool die volgende regte en onderneem elke leerder om die regte en verantwoordelikhede te erken, te aanvaar, te eerbiedig en daarvolgens te handel en na te kom, maar is ook bewus daarvan dat sommige regte ingeperk kan word:

1) Onderrig te ontvang in 'n gestruktureerde akademiese omgewing.
2) Deur ander lede van die skool gerespekteer te word ongeag persoons-/godsdiens- of kulturele verskille.
3) Gereelde terugvoering/verslae te ontvang aangaande akademiese vordering.
4) Die vryheid van spraak op 'n volwasse en taktvolle wyse toe te pas sonder dat haatspraak, seksistiese en ander aanstootlike taal gebruik word.
5) Regverdig behandel te word.
6) Verseker te wees van veiligheid van persoon en besittings.
7) In 'n skoon, gesonde en rommelvrye omgewing te werk en te speel.
8) Die vrymoedigheid kan hê om ter enige redelike tyd te vra om hulp, raad en voorligting.
9) Die skool by te woon sonder dwelms, wapens, afknouery, onder die invloed van enige onwettige middel, verontregtiging, intimidasie, seksuele teistering, boelie, enige ander vorm van teistering en/of enige kriminele gedrag.

### 9.3 Die Verhouding van Elke Leerder met die Skool, Mede-Leerders, Opvoeders, Ouers en ander Persone

Elke leerder van Laerskool Garsfontein verbind hom/haar daartoe om:

1) Begrip vir ander leerders te hê en verdraagsaam teenoor ander te wees.
2) Trots en lojaal te wees teenoor sy/haar ouers, skool, opvoeders en skoolhoof.
3) Hoflik teenoor mede-leerders, opvoeders, ouers en medemens op te tree.
4) Die reëls en gedragskode van die skool te gehoorsaam en te eerbiedig.
5) Nie onwelvoeglike taal op die skoolterrein, in die klasklamer, of tydens enige skoolaktiwiteit of waar ek in skooluniform is te gebruik nie.
6) Geensins enige onwelvoeglike/aanstootlike boeke, tydskrifte, video's, prente, tekeninge, elektroniese beelde, SMS'e, Whatsapp boodskappe, memes, snapchat beelde, foto's of enige ander voorwerp wat aan ander aanstoot sal gee op die skoolterrein te bring, aan enige ander leerder te verskaf, te versprei of te toon nie of hom/haar skuldig te maak aan enige immorele gedrag en taalgebruik nie.
7) Getrou die skool by te woon.
8) Die korrekte skooldrag te dra.
9) Te alle tye as ambassadeur van sy/haar skool op te tree en sodoende die korrekte beeld van die skool uit te dra.
10) Die gesag van die opvoeders wat oor hulle aangestel is te erken.
11) Alle redelike opdragte en versoeke van opvoeders, hulle ouers en die skoolhoof te gehoorsaam en uit te voer.

### 9.4 Die Verantwoordelikhede van Elke Leerder

Laerskool Garsfontein se leerders se regte gaan hand aan hand met gepaardgaande verantwoordelikhede. By toelating tot die skool onderneem elke leerder:

1) Om die geleentheid te skep vir ander om sonder belemmering te werk en om volle aandag aan hul lesse te gee.
2) Om die individualiteit van ander te respekteer.
3) Om ander billik en regverdig te behandel.
4) Om nie met enige optrede die skool se goeie naam en eer in disrepuut te bring nie.
5) Om met eerlike gedrag die veiligheid van mense en eiendom in die skool te handhaaf.
6) Om die skoolomgewing, klaskamers, kleedkamers en ander lokale skoon, netjies en rommelvry te hou.
7) Om stiptelik in alle fasette van die skool te wees.
8) Om nie die skool in enige verleentheid te stel nie.
9) Om nie ontwrigtend, ongedissiplineerd of ontegemoedkomend binne of buite die klas op te tree nie.
10) Om alle akademiese opdragte na die beste van hul vermoë uit te voer.

11) Om die gebruik van dwelms en ander onwettige middels, sintetiese dwelmmiddels en tabakprodukte ten alle koste te vermy en nie betrokke te wees by aanranding, die dra van wapens, kriminele aktiwiteite, intimidasie, afknouery, seksuele teistering, kuberboelie, ongemagtigde gebruik van selfone en ander elektroniese apparate nie, verontregting, rook of die besit van pornografiese/aanstootlike materiaal of enige ander wangedrag nie.
12) Die eiendom van die skool op te pas en nie te beskadig nie.
13) Nie sy/haar mede-leerders se eiendom sonder toestemming te neem, gebruik, te eet, te drink, te breek of te beskadig nie.
14) Nie met enige apparaat van die skool te peuter, te gebruik of sonder toestemming van ‘n opvoeder daarmee te werk nie.
15) Nie onnodiglik hulself en andere blootstel aan gevare of gevaarlike toestande nie.
16) Nie aan gevaarlike speletjies of geweldadige optredes sal deel neem nie op enige plek op die skoolterrein, in die klaskamers, die kleedkamers of ander lokale nie.
17) Die skolierpatrollie sal gehoorsaam en padveiligheidsreëls na te kom.
18) Nie gevaarlike wapens of voorwerpe wat ander kan beseer in hul besit te hê of skool toe of enige ander skoolaktiwiteit te bring nie.
19) Op die skoolterrein, tydens enige skoolaktiwiteit of waar hulle in skooluniform is of geïdentifiseer kan word as ‘n leerder van die skool te rook of enige ander alkoholiese, medikasie of ander onwettige of verbode middel te gebruik, in te neem, te snuif, daarmee handel te dryf of aan enige ander mede-leerder van my eie of ‘n ander skool beskikbaar sal stel nie.
20) Om die skool se gedragskode, reëls en toevoegings daartoe te gehoorsaam.

## 9.5 Bedagsaamheid van Leerders

Leerders moet onthou en bedag daarop wees dat hulle te alle tye Laerskool Garsfontein verteenwoordig en leerders die beeld van die skool te alle tye uitdra en daarom word daar van leerders verwag dat hulle:

1) Alle skoolreëls, asook die reëls vir kleredrag gehoorsaam. Hulle moet goeie maniere openbaar, hulle waardig gedra en eerlik wees.
2) Alle personeellede as meerderes beskou en met die nodige respek behandel en dieselfde respek te betoon aan skoolleiers en personeellede en ingelyks moet leierleerders respek betoon teenoor hulle mede-leerders.
3) Personeellede of enige volwasse persoon te alle tye beleefd te groet.
4) Geen opvoeder, personeellid, leerderleier of volwassene aanspreek met sy/haar hande in hulle sakke nie.
5) Alle redelike instruksies wat deur die skoolhoof, opvoeders en leerderleiers aan hulle gegee word, stiptelik en gewillig sal uitvoer en na te kom.
6) Dat hulle mekaar met respek sal behandel en skinder/skinderstories te alle tye vermy.
7) Woordewisselings/argumente/openlike geskille wat by die skool ontstaan het, nie na skool (in of uit skooldrag) voortsit nie, maar eerder die griewe prosedure te volg.
8) Nie in die saal te praat tensy toestemming daarvoor verleen is nie.
9) Tydens ‘n saalbyeenkoms/optrede/vertoning stil te sit en stil te bly en nie te praat nie en die saal eers aan die einde van die optrede/saalbyeenkoms op ’n ordelike wyse te verlaat.
10) Om die terreinbestuurder en algemene diensassistente te alle tye te respekteer.
11) Alle omsendbriewe, kennisgewings en ander briewe en notas van die skool en die SBL aan hulle ouers te oorhandig en die ontvangserkenningskeurstrokies stiptelik terug te bring en aan hull klasvoogde te besorg.
12) Toetse en rapporte aan hulle ouers te oorhandig wat deur hulle ouer(s) of voogde onderteken moet word en aan die klasvoog terug te besorg.
13) Geen selfone of ander elektroniese apparate te aktiveer of daarmee besig te wees nie en die

skool se selfoonbeleid na te kom.

### 9.6.1 Stiptelikheid en Bywoning van die Skool en Skoolaktiwiteite deur Leerders

Gereelde skoolbywoning en klasbywoning ingevolge die klasrooster van elke leerder is noodsaaklik vir die akademiese vordering van elke leerder. Daar word van elke leerder verwag om die skool by te woon soos voorgeskryf deur die betrokke wetgewing en die skool se bywoningsbeleid om sodoende die gewoontes van stiptelikheid, selfdissipline en verantwoordelikheid te ontwikkel. Daar rus ‘n verantwoordelikheid op die skoolowerheid om ouers in te lig van enige ongeoorloofde afwesighede, stokkiesdraai, klasontduiking ens. Die skool sal saam met ouers en leerders werk om die probleem aan te spreek, maar uiteindelik berus die verantwoordelikheid van skoolbywoning en om betyds te wees en aan te meld vir ‘n skoolaktiwiteit by die leerder en sy/haar ouers. Daar word van leerders verwag om stiptelik by die skool te arriveer en om by die plek/lokaal betyds aan te meld waar hulle moet wees vir enige skoolaktiwiteit (insluitende buite-kurrikulêre aktiwiteite) en nie te draal, rond te drentel of stokkies te draai of enige klas of aktiwiteit te ontduik of sonder enige grondige rede afwesig te wees nie. Ongeoorloofde afwesigheid is ’n oortreding van die skool se gedragskode. Daar word van leerders en ouers verwag om die reëls en norme en standaarde ten opsigte van stiptelikheid en bywoning te ken en na te kom.

## 9.7 Ouers se regte en verantwoordelikhede

1) Om ingelig te word van hulle kind se bywoningsrekord, akademiese en ander prestasies en gedrag (negatief en positief).
2) Om inligting te ontvang en ingelig te word deur die skool oor hulle kind se onvanpaste of ontwrigtende gedrag en enige dissiplinêre optrede teenoor hulle kind en is onder ’n verpligting om saam met die skool te werk en die skool te ondersteun om die negatiewe gedrag aan te spreek en te korrigeer want die gedrag van die kind berus uiteindelik by die ouer.
3) Sal verseker dat hulle kinders net die boeke, skrifte en ander toerusting wat hulle nodig het skool toe bring wat hulle nodig het vir onderrigdoeleindes.
4) Die skoolkantoor inlig van enige boelie-insidente/sake/emosionele ervarings wat kinders se opvoeding mag raak en hulle akademiese en ander prestasies negatief mag beïnvloed.
5) Aktief sal deelneem aan enige besprekings waartoe hulle versoek word om by te woon rakende hulle kind op ’n hoflike en verantwoordelike manier.
6) Die uiteindelike gedrag van die kind berus by die ouer.
7) Die ouer sal die skool ondersteun om alle reëls en regulasies van die gedragskode, verwante beleide en wetgewing wat hulle en hulle kind raak na te kom en verantwoordelikheid te aanvaar vir hulle kind se gedrag.
8) Te aanvaar dat die skool ouers/voogde sal kontak indien hulle kind wangedrag van ’n ernstige aard gepleeg het en om skool toe te kom om die saak op ’n verantwoordbare wyse te bespreek en alle dokumentasie sal afhaal ten opsigte van enige dissiplinêre proses.

## 9.8 Bemagtiging van Opvoeders en Skoolbestuurslede

1) Die Suid Afrikaanse Skolewet, 1996 bemagtig die skoolowerhede om leerders te dissiplineer, maar mag dit nie aan enige leerder delegeer nie. Leerders is nie deel van die bestuur van die skool nie.
2) Elke opvoeder is verantwoordelik vir dissipline, te alle tye by die skool, tydens enige skoolaktiwiteit of enige aktiwiteit wat deur die skool ondersteun word. Opvoeders het die volle verantwoordelikheid en is bemagtig om leerders se gedrag te korrigeer wanneer sodanige regstelling nodig is en/of leerders daaroor aangespreek moet word. Ernstige wangedrag word

na die hoof/dissiplinehoof verwys wat die oortredings ingevolge ’n neergelegde prosedure sal ondersoek en sal besluit oor verdere stappe wat geneem kan word teen die oortreder(s).

3) Enige oortreding sal ingevolge die vlak daarvan soos in hierdie gedragskode omskryf, hanteer word, of ingevolge Skedule 1 en 2 van Algemene Kennisgewing 6903 van 2000 soos gewysig. Tydelike skorsing mag volg voordat ’n eksterne dissiplinêre verhoor plaasvind. Interne verhore deur die skoolbestuur mag ook gehou word en paslike sanksies mag volg.
4) Wangedrag sal ingevolge die debietrekord stelsel van die skool hanteer word en ’n afdruk sal maandeliks aan ouers, asook aan die einde van die kwartaal saam met die leerder se rappport aan ouers voorsien word tensy dit ernstige wangedrag is wat onmiddelike optrede verg.
5) Dissiplinêre optredes sal geskied ingevolge die gedragskode en LG-vorms.
6) Waarskuwings sal verbaal/telefonies of op skrif geskied.

## 10. ONTWIKKELING VAN LEERDERS SE TALENTE

10.1 Elke leerder onderneem om getrou en na die beste van hul vermoë:

1) Tuiswerk te doen.
2) Te leer vir eksamens en toetse.
3) Om indien dit moontlik is, ten volle deel te neem aan alle sport, kultuur en ander aktiwiteite by die skool.
4) Tot eer van God, hul ouers en die skool te presteer.
5) Die waardes en etos van die skool na te kom

## 11. ALGEMENE REËLS EN VOORSKRIFTE

11.1 **Aanvangs- en sluitingstye** - Die skool begin om 07:20 en sluit om 13:15 (GSF) en 13:35 (SPF) van Maandag tot Vrydag.

11.2 **Daaglikse verloop** - Om te verseker dat leerders ordelik die geboue ingaan en na hulle klasse of ander lokale beweeg, geld die volgende reëlings:

1) **In die oggend** - Wanneer die klok lui, tree leerders aan by die aangewese plekke.
2) **Pouses:**
   a) Pouse word gebruik om toilet toe te gaan, hande te was, toebroodjies te eet en te ontspan.
   b) Leerders mag nie gedurende pouses in die klaskamers wees of op die stoepe hardloop nie.
   c) Leerders word nie tussen die motors toegelaat nie.
   d) Leerders speel op die onderskeie terreine wat vir hulle aangedui word.
   e) Geen selfone en ander elektroniese toestelle mag gebruik word nie.
3) **Na pouses**:
   a) Leerders gaan tree direk aan by hulle klasse waar hulle moet wees soos op die rooster aangedui.

11.2 **Skoolreëls en Klaskamerreëls (Garsiegids)**

1) Die skoolreëls wat nodig is om te verseker dat die skoolomgewing ordelik en veilig vir elke leerder is, word in die gedragskode en ander verwante skoolbeleide omskryf en genoem.
2) Elke opvoeder het ook bepaalde reëls wat geld vir sy/haar klaskamer wat daar gestel is vir die veiligheid van leerders en om ‘n positiewe leeromgewing te bewerkstellig wat aanvullend tot die gedragskode is.

11.3 **Sanksies**

1) Sanksies soos toegepas word deur die skool en/of enige dissiplinêre tribunaal van die skool sal wettig, regverdig en billik wees.

2) Enige bevinding van ’n dissiplinêre tribunaal van die skool ten opsigte van ’n sanksie aan ’n leerder opgelê, sal beskou word as ’n wettige besluit van die SBL tensy die SBL anders bevind.
3) Sanskies moet korrektief van aard wees.

11.4 **Rehabilitasie en Intervensieprogramme vir Leerders**

1) Die skool aanvaar dat daar ’n verantwoordelikheid rus op die skoolhoof en/of sy gemagtigdes om te poog om leerders te rehabiliteer wat skuldig is aan ernstige wangedrag soos rassistiese gedrag, seksuele teistering, intimidasie, substansie misbruik, rook, aanranding, boeliegedrag, immorele dade, kuberboelie, laster van ander, diefstal en ander optredes wat ander se menswaardigheid aantas. Sulke rehabilitasie en intervensieprogramme vir leerders sal na oorlegpleging met ouers en die Distriksdirekteur en ander professionele agentskappe aangebied word.
2) Die verantwoordelikheid vir rehabilitasie is egter beperk tot die voorwaardes van die toepaslike wetgewing en die behoefte om die meerderheid van die leerders in die skool te beskerm.
3) Weiering van leerders om aan sulke programme deel te neem kan lei tot verdere dissiplinêre stappe en -verhore wat kan lei tot ’n aanbeveling van finale uitsetting uit die skool by die hoof van die departement.

11.5 **Wetlike Aspekte**

Alle wetlike bepalings rakende die gedragskode en wangedrag, asook amptelike beleid, sal deurgaans deur die skool en elkeen wat met die toepassing daarvan gemoeid is, nagekom word.

## 12. OMSKRYWING VAN SANKSIES EN REGSTELLENDE OPTREDES

12.1 **Berisping/Ernstige Vermaning (kyk kleurbriewe ~ geel/groen)**

Vir die meeste oortredings is ’n mondelinge en/of die uitreiking van ’n interne skriftelike waarskuwing, berisping of ernstige vermaning aan enige leerder wat wangedrag gepleeg het van ’n minder ernstige aard.

12.2 **Detensie**

Detensie is die weerhouding van ‘n leerder om aan ‘n bepaalde skoolaktiwiteit deel te neem. Detensie word gewoonlik gebruik om korttermyn dissiplinêre probleme aan te spreek. Die uitkoms daarvan is dat detensie die probleem wat ontstaan het sal oplos of gedeeltelik aanspreek. Die gebruik van detensie is onvanpas waar daar volgehoue/aanhoudende dissiplinêre of gedragsprobleme voorkom of die leerder 'n negatiewe houding oor 'n lang tydperk teenoor die skool of sy/haar klaswerk openbaar. Insgelyks moet detensie nie dadelik in dissiplinêre optrede as sanksie aangewend word nie, maar slegs wanneer dit duidelik blyk dat 'n leerder nie gehoor wil of sal gee op vorige remediërende optrede nie. Detensie as sanksie sal toegepas word na oorlegpleging met die dissiplinehoof deur die opvoeder wat dit aanbeveel:

1) Leerders aan wie detensie opgelê word, sal op die tyd en plek aanmeld soos deur die graadhoof of sy gemagtigde voorgeskryf, nadat ouers skriftelik dienooreenkomstig ingelig is dat daar ’n sanksie van detensie aan hulle kind(ers) opgelê is en die erkenningsbrief terug ontvang is.
2) Detensie word na skool toegepas en toesig word op 'n roterende basis deur personeel gedoen. Leerders se name wat vir detensie verwys word sal in 'n sentrale detensie register wat in die dissiplinehoof se kantoor gehou word aangeteken word. Elke leerder wat vir detensie verwys word sal van 'n geskrewe brief aan sy/haar ouers/voogde voorsien word dat

hy/sy vir detensie verwys is en die rede daarvoor.

3) Gedurende detensie sal leerders lees, leer of ekstra klaswerk verrig in ‘n spesifieke vak waarin hulle nie so goed presteer nie en sal spesifieke individuele take aan hulle gegee word wat na afloop van die tydperk van detensie as addisionele tuiswerk afgehandel moet word.
4) Die detensieklas sal so ingerig word asof 'n klastoetse of eksamen afgelê word. Leerders sal nie toegelaat word om naby of langs vriende te sit nie.
5) Stilte sal vir die hele duur van die detensietydperk gehandhaaf word en die klem sal val op stille voltooing van die werk wat aan die leerders gegee word. Werk wat nie gedurende die tydperk voltooi is nie sal as tuisopdragte voltooi word om gedurende die aanvang van die volgende skooldag ingehandig te word.
6) Leerders se voorregte om aan sekere skoolaktiwiteite deel te neem, kan ook opgeskort word of verbeurd verklaar word deur die skoolhoof, dissiplinehoof en/of die dissipline komitee. Deurdat ‘n leerder se deelname aan sekere skoolaktiwiteite beperk word, word beoog om die belangrikheid van opvoeding en die geleenthede wat aan die leerder gebied word, te beklemtoon.
7) Leerders wat aanhoudend gedragsprobleme openbaar of enige slagoffers van die gevolge van ongeoorloofde gedrag sal na die goeddunke en na oorlegpleging van die dissiplinehoof met ouers verwys word vir die nodige berading en ondersteuning.

12.3 **Skorsing** - In die Skolewet van 1996 (Wet 84 van 1996) en die regulasies van die Gauteng Departement van Onderwys, word skorsing spesifiek omskryf en sal dit toegepas word, waar leerders werklik ernstige oortredings begaan of kronies oortree.

1) Skorsing beteken dat ‘n leerder uit die skool uitgesluit word vir ‘n sekere tydperk soos deur die dissipline komitee aanbeveel en deur die Beheerligaam bekragtig na oorlegpleging met die Skoolhoof ingevolge Artikel 9(1) van die Skolewet, nadat die leerder(s) ’n redelike geleentheid gegun is om ’n betoog te lewer, hetsy mondelings of skriftelik in verband met sodanige intensie om skorsing toe te pas waarna dissiplinêre optrede mag volg binne sewe dae na skorsing van die leerder(s). Indien dissiplinêre optrede nie binne die tydperk van 7 (sewe) dae plaasvind nie moet die beheerliggaam die toestemming van die Departmentshoof van die Gauteng Onderwys Department verkry om die tydperk van skorsing te verleng met nog sewe dae. (Artikel 9(1A) en (1B) van die Skolewet.
2) Die beheerliggaam kan ‘n leerder na skuldigbevinding van ernstige wangedrag deur die dissipline komitee skors vir ‘n typerk van sewe dae of ’n aanbeveling maak aan die Departmentshoof van die Gauteng Onderwys Department vir die permanente uitsetting van die leerder uit die skool. (Artikel 9 (1C)(a) en (b). Indien die Departmentshoof van die Gauteng Onderwys Department teen permanente uitsetting van die leerder(s) besluit, moet ’n alternatiewe geskikte sanksie opgelê word. (Artikel 9(8),(9),(10) van die Skolewet).
3) Indien sulke leerders die skool wil besoek gedurende die tydperk van skorsing, moet hulle eers die skriftelike toestemming van die skoolhoof verkry.
4) Indien daar toetse of eksamens gedurende die tydperk van skorsing afgelê word is die geskorste leerder nie geregtig om die toetse of die eksamens af te lê of om dit op ‘n later stadium te skryf, sonder die skriftelike toestemming van die skoolhoof nie. ’n Nulpunt sal aangeteken word teen die leerder se naam vir die toets/eksamen indien van toepassing.
5) ‘n Leerder kan vir twee redes geskors word:
   a) As ‘n korrektiewe maatreël vir wangedrag (nie langer as vyf skool dae nie) om die veiligheid van ander leerders en die skoolgemeenskap te verseker.
   b) As ‘n tussentydse maatreël terwyl daar gewag word vir ‘n beslissing of die betrokke leerder deur die Departementshoof uit die skool gesit gaan word, al dan nie. (Hierdie tydperk kan langer as 5 skooldae wees).

12.4 **Uitsetting**

1) Uitsetting beteken die permanente beëindiging van ‘n leerder se reg om die skool by te woon, met ander woorde, die leerder word permanent uit die skool verban deur die Departementshoof van die Gauteng Departement van Onderwys.
2) Slegs die Departementshoof van die Gautengse Departement van Onderwys neem ‘n besluit om ‘n leerder permanent uit die skool te sit.
3) Uitsetting kan slegs plaasvind nadat ‘n leerder, ná ‘n regverdige verhoor aan ernstige wangedrag, skuldig bevind is en die DH dit goedgekeur het.
4) Leerders wat permanent uit die skool gesit is, mag nie die skool besoek of die skoolterrein betree of gedurende amptelike skoolure of tydens enige amptelike skoolaktiwiteit met enige leerder of opvoeder in aanraking kom en/of kommunikeer nie. Indien sulke leerders die skool wil besoek, moet hulle eers die skriftelike toestemming van die skoolhoof verkry.
5) Alle eiendom en handboeke van die skool wat in die besit is van ‘n leerder wat uitgesit is, moet eers aan die skool terugbesorg word voordat die leerder die skoolterrein finaal verlaat, so ook enige leierskapbalkies in die geval van ‘n leerder wat ‘n leierspos beklee het en enige ander erekleure wat vir ander sport, kultuur en/of akademeise prestasies toegeken is. Die skool kan ook ’n rekening aan die ouers lewer vir handboeke en ander skooltoerusting wat nie terugbesorg word nie.
6) Indien daar enige skade of verliese van/aan skooleiendom is wat in die besit van sodanige leerder is/was, of deur sodanige leerder veroorsaak is, is die ouers verantwoordelik om enige koste te dek. Ouers/voogde sal ook verantwoordelik gehou word vir enige ander skade/kostes wat ontstaan het as gevolg van die leerder se optrede wat gelei het tot sy/haar uitsetting.

12.5 **Wegneem/verbeur van regte/voorregte en deelname aan skoolaktiwiteite/buite kurrikulêre aktiwiteite van leerders**

Die skoolhoof of sy gemagtigde mag enige regte, voorregte, deelname aan enige skoolaktiwiteit en verantwoordelikhede van ‘n leerder vir ‘n spesifieke tydperk of op ‘n permanente basis in ‘n akademiese jaar opskort of verbeurd verklaar. Die leerder se reg om opvoeding te ontvang mag nie opgeskort word nie, maar daar waar die leerder die opvoedingsproses versteur of die gedragskode oortree, mag hy/sy uit die aktiwiteit vir ‘n sekere tydperk uitgesluit word, welke tydperk deur die skoolhoof bepaal sal word en die leerder in akademiese isolasie opvoeding sal ontvang.

12.6 **Verbeuring/wegneem van ‘n leierspos, ander verantwoordelikheid, of toekenning deur ‘n leerder verwerf**

Die skoolhoof mag vir ‘n spesifieke tydperk of vir die duur van ‘n akademiese jaar die verantwoordelikhede wat aan ‘n leerder toevertrou is om sekere leiersfunksies uit te voer of enige ere-kleure of toekenning op te skort of verbeurd verklaar en die leerder opdrag te gee om sy/haar leiersbalkie en ander kentekens en regalia in te handig by die skoolhoof of sy gemagtigde, indien die leerder skuldig is aan enige oortreding wat na die mening van die hoof die verbeuring van die posisie regverdig aangesien dit ’n voorreg en nie ’n reg is om ’n leiersposisie te beklee of dat erekleure en ander toekennings aan ’n leerder gemaak is.

12.7 **Ouer Onderhoud**

Om ‘n leerder te ondersteun sal daar van ouers of voogde verwag word om ‘n onderhoud met die skoolhoof of ‘n ander opvoeder oor die onaanvaarbare gedrag van hulle kind(ers) te voer om die saak in die reine te stel. Sodanige ouer-betrokkenheid sal help en bydra om te verseker dat die kind ’n aanvaarbare dissiplinêre standaard handhaaf.

## 13. VERBODE EN ONTOELAATBARE ITEMS/VOORWERPE

### 13.1 Verbode Items

Leerders mag nie lewende diere/insekte/reptiele saam bring skool toe of dit in hulle besit hê voor, tydens en na skool-ure op die skoolterrein, by die skool of tydens enige skoolaktiwiteit nie. Die hoof en/of enige van sy gemagtigdes mag beslag lê op enige van die voorwerpe en/of diere wat genoem word en mag enige onwettige voorwerp vernietig of na diskresie van die skoolhoof weggedoen word daarmee. Die volgende items mag ook nie sonder toestemming van die skool deur leerders op die terrein gebring word nie:

1) Kougom.
2) Tippex en nader soortgelyke korreksie vloeistowwe.
3) Gom en ander vloeibare gomsoorte in buise of blikke nie wat nie deel is van die skool se voorgekrewe skryfbehoefte items nie.
4) Laserwysers/liggies ("lazers") van enige aard.
5) Glashouers van enige aard.
6) Enige tipe wapen/vuurwapen en/of ammunisie en/of enige gevaarlike voorwerp of replika van wapens/ vuurwapens wat die leerder en ander leerders kan beseer nie.
7) Ketties.
8) Springtoue en enige ander tou, koord en/of elektriese koord.
9) Plofbare toestelle insluitende enige vuurwerk.
10) Sintetiese dwelmmiddels
11) Vuurhoutjies en/of sigaretaanstekers.
12) Speelgoed-rewolwers of enige replikas van vuurwapens/gevaarlike wapens/voorwerpe.
13) Klappers en/of enige ander vuurwerke.
14) Messe, knipmesse en/of enige ander skerp voorwerp.
15) Te veel geld.
16) Enige onwettige middel, alkohol produk, inhalante, "vapers"/"twisps". Waterpype (Hubbly Bubblies) en verwante produkte, gekontroleerde middels (insluitende voorskrif medisyne, oor die toonbank middels, enige tabakproduk en/of enige toebehore wat daarme verband hou nie).
17) Speelgoed van enige aard.
18) Geen klimtolle word toegelaat nie. ("Yo-yos")
19) Juwele wat nie gemagtig is nie.
20) Troeteldiere, insekte ens.
21) Onwelvoeglike/immorele materiaal/voorwerp van enige aard in enige formaat.
22) Enige voorwerp wat as 'n gevaarlike voorwerp beskou kan word.
23) Enige voedsel en/of ander voorwerpe waarmee handel gedryf kan word.

### 13.2 Ontloelaatbare Gevaarlike wapens en voorwerpe

1) Kragtens Regulasie 4(1) van Goewermentskennisgewing 1040 (Staatskoerant 22754) van 12 Oktober 2001, is alle skole onder andere tot "gevaarlike voorwerpe [wapen] vrye sones" verklaar. Daar bestaan dus geen rede waarom enige persoon 'n gevaarlike wapen en/of voorwerp na die skool of 'n skoolaktiwiteit toe wil bring nie, daarom is die skool ten sterkste gekant teen die dra van gevaarlike wapens en voorwerpe by die skool of enige ander skool aktiwiteit amptelik en nie-amptelik of enige ander aktiwiteit waarby die skool betrokke mag wees wat onder die vaandel van 'n ander organisasie/skool aangebied word. Die skool erken die reg van 'n individu ter uitvoering van amptelike pligte soos polisiëring of gewapende veiligheidsdienste. Die skool is ten alle tye 'n veilige, wapen- gevaarlike voorwerpvrye skool vir alle personeel, leerders en besoekers. Oortredings van hierdie beleid sal tot dissiplinêre optrede en/of vervolging lei.

2) Leerders mag nie gevaarlike wapens en -voorwerpe saambring skool toe nie, soos omskryf in die skool se beleid vir die verbod op gevaarlike wapens en voorwerpe of dit in hulle besit hê tydens enige skoolaktiwiteit of op enige deel van die skoolgrond en/of enige lokale nie, voor, tydens en na skool nie. Leerders mag ook nie enige skooltoerusting neem en dit op enige ongeoorloofde manier gebruik wat vir hulself en ander 'n gevaar kan inhou nie en mag dit ook nie gebruik om vandalisme en enige ander ongeoorloofde daad of dade daarmee te pleeg en/of ander persone daarmee te dreig of te intimideer nie. Ontoelaatbare voorwerpe sluit ook in enige onwettige middel en verwante toebehore.
3) Die hoof mag, vir wettige onderwys- en akademiese doeleindes, die teenwoordigheid op die skoolgronde van gevaarlike [skerppunt] voorwerpe soos skêre, naalde, gereedskap en messe, wettig. Messe, gereedskap en naalde en soortgelyke ander voorwerpe moet baie sorgvuldig agter slot en grendel gehou word en die toegang daartoe beheer word as dit nie in gebruik is nie.
4) Gevaarlike wapens en voorwerpe is ongewens op die skoolterrein en die dra, vertoon, versteking, berging of gebruik daarvan op of in enige skool eiendom, lokaal, sluitkas, skoolsak en in voertuie word ten sterkste deur die skool en beheerliggaam afgekeur.
5) Gevaarlike wapens en voorwerpe sluit ook enige voorwerp wat gebruik kan word om ander te intimideer, te forseer of te dwing om 'n daad te pleeg, bang te maak of enige ander lid van die skoolgemeenskap of besoeker daarmee te dreig, in.
6) Leerders mag net gereedskap met die toestemming van die hoof op die skoolterrein bring. Geen leerder of persoon mag in besit wees van enige stuk gereedskap wat nie gebruik word vir of tydens enige akademiese doeleindes nie. Gereedskap mag net gebruik word vir die spesifieke vak waarvoor dit benodig word. Personeel van die skool wat gereedskap gebruik in die uitvoering van hulle pligte word uitgesluit van die beperking maar moet verseker dat hulle ten volle toesig het oor hulle gereedskap.
7) Peper- en dryfgas-bespuitingsmiddels wat gebruik word vir persoonlike beskerming en selfverdediging word nie op die skoolterrein en/of enige skoolaktiwteit toegelaat nie. Dit sluit alle algemeen aanvaarde en gebruikte selfverdedigingshulpmiddels in waarvoor nie 'n lisensie nodig is nie.
8) 'n Leerder mag nie in besit wees van enige sny-instrument en/of voorwerp soos reguitlemskeermes, kartonsnyer, dolk, veerknipmes *("switchblade"*), knipmes en/of enige ander mes, enige swaard, metaal gooi voorwerpe soos *"throwing stars",* pyltjies *("oriental darts*") of enige ander verweerkuns-wapens wat gebruik word in die beoefening van Oosterse gevegskunste en ander soortgelyke wapen en/of voorwerp van enige aard versteek of in hulle sakke, skooltasse aan hulle persoon dra nie.
9) 'n Leerder mag nie in besit wees van enige voorwerp soos 'n "nun-chuck", vuisyster *("knuckleduster")*, knuppel, kierie of enige soortgelyke wapen en/of voorwerp van enige aard versteek of in hulle sakke, skooltasse aan hulle persoon dra of na enige skoolaktiwiteite bring nie.
10) Leerders wat messe of ander skerpvoorwerpe gebruik in die uitvoering van akademiese vakke en persone wat dit gebruik vir die voorbereiding van voedsel mag dit slegs gebruik in die uitvoering van take wat met die vak/aktiwiteit verband hou en mag dit nie gebruik om enige ander leerder of hulself met opset te beseer of aan te rand nie. Alle messe en skerpvoorwerpe moet veilig toegesluit wees as dit nie in gebruik is nie.
11) Replikas van wapens en speelgoedwapens asook messe en ander skerp voorwerpe mag nie in die besit van enige leerder en/of ander persoon op die skoolterrein en/of enige skoolaktwiteit wees nie, tensy die hoof toestemming daarvoor verleen het ingevolge die Skolewet. Beslag sal gelê word op sulke voorwerpe wat sonder toestemming op die skoolterrein en/of enige skoolaktwiteit gebring word.
12) Gevaarlike wapens en voorwerpe waarvoor toestemming verleen is om op die skool gebring te word vir akademiese doeleindes mag nie gebruik word om ander persone aan te rand, te steek of leed aan te doen nie.

13) Kolwe mag net in die uitvoering van die sportsoort waarvoor dit bedoel is gebruik word en mag nie gebruik word deur enige leerder en ander persoon om enige ander leerder/persoon of hulself met opset te beseer of aan te rand nie of enige ontgroeningsaktiwiteite daarmee uit te voer nie.
14) Elektroniese toestelle (soos *"stun guns"* en *"tazers"*) wat gebruik word om te bedwelm, word as gevaarlike wapens beskou en word nie op die skoolterrein en/of enige skoolaktiwiteit toegelaat nie.
15) Enige persoon wat enige gevaarlike wapen en/of voorwerp in sy/haar besit het, dit koop, verkoop, ruil en/of ander daarmee dreig op die skoolterrein en/of tydens enige skoolaktiwiteit in enige handeling wat hierbo genoem is betrokke is, sal onderwerp word aan dissiplinêre optrede en/of vervolging.
16) Misbruik of ongemagtigde gebruik van toelaatbare items sal beslis ook ingevolge die skool se dissiplinêre prosesse en/of die landswette gehanteer word.
17) Enige leerder wat 'n ander persoon aanrand met 'n enige stomp voorwerp en/of klip of soortgelyke voorwerp oortree ook hierdie beleid.
18) Enige ander skerp voorwerp, glasstuk en soortgelyke voorwerpe word geklassifiseer as gevaarlike voorwerpe ingevolge hierdie beleid en word nie op die skoolterrein en/of enige skoolaktiwiteit toegelaat nie.
19) Opvoeders wat onwettige gevaarlike wapens en voorwerpe in die besit van enige leerder vind, mag beslag lê daarop en oorhandig aan die dissiplinehoof wat dit veilig moet bewaar in die skoolkluis as bewysstukke soos voorgeskryf deur die SA Skolewet. Die voorwerpe moet gefotografeer word waarvan die foto op die leerder se profiel geplaas word (indien van toepassing) en dan in 'n geseëlde koevert wat duidelik gemerk is met die naam van die oortreder die datum van die oortreding en die ouers se kontakbesonderhede daarop. Afhangende van die voorwerp waarop beslag gelê is, moet dit aan die SAPD oorhandig word vir verwydering ingevolge die Skolewet of die gemene reg.
20) Die besit of gebruik van 'n gevaarlike wapen en/of voorwerp word beskou as ernstige wangedrag ingevolge die gedragskode van die skool en skedule 2 (vii) en indien dit gebruik is op enige manier teen ander lede ook, Skedule 2(ix) van Algemene Kennisgewing 6903 van 2000 soos gewysig en kan lei tot skorsing, 'n dissiplinêre verhoor en uitsetting uit die skool.

## 14. DEURSOEKING EN BESLAGLEGGING *(Sien ook Artikel 8A van die Skolewet, en ander verwante beleide van die skool)*

### 14.1 Ewekansige deursoeking en beslaglegging, vir dwelmmiddels en gevaarlike voorwerpe/onwettige voorwerpe:

1) Niemand mag 'n gevaarlike voorwerp of 'n onwettige dwelmmiddel/sintetiese dwelmmiddel in 'n skoolperseel inbring of sodanige voorwerp of dwelmmiddel op 'n skoolperseel, of tydens enige skoolaktiwiteit, in sy/haar besit hê nie, tensy die skoolhoof dit vir wettige opvoedkundige doeleindes gemagtig het.
2) Die skoolhoof of sy/haar gedelegeerde mag enige groep leerders, of die eiendom van 'n groep leerders, ewekansig vir enige gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel deursoek, indien 'n regverdige en redelike vermoede vasgestel is-
   a) Dat 'n gevaarlike voorwerp of 'n onwettige dwelmmiddel/chemiese middel/sintetietiese dwelmmiddel op die skoolperseel of tydens 'n skoolaktiwiteit gevind kan word: of
   b) Dat een of meer leerders op 'n skoolperseel of tydens 'n skoolaktiwiteit gevaarlike voorwerpe of onwettige dwelmmiddels in hulle besit het of gebruik.
   c) Die skoolhoof mag ook die SAPS versoek om ter enige tyd indien daar 'n redelike vermoede bestaan daarvoor, om senior leerders se tasse, eiendom en persoon te laat deursoek met snuffelhonde sonder vooraf kennisgewing aan enige leerder, ouer en/of opvoeder na oorlegpleging met die voorsitter van die SBL.

14.2 **Deursoeking mag onderneem word slegs na inagneming van al die tersaaklike faktore, insluitende:**

1) Die beste belang van die betrokke leerders of van enige ander leerder(s) by die skool.
2) Die veiligheid, sekuriteit en gesondheid van die betrokke leerders of van enige ander leerder(s) by die skool.
3) Redelike bewys van enige onwettige aktiwiteit wat gepleeg is of beplan is om gepleeg te word of wat strydig met die skool se gedragskode en –reëls is.
4) Alle tersaaklike bewyse wat ontvang is.
5) Deursoeking mag ook geskied indien 'n leerder die skoolterrein betree in gewone klere.

14.3 Indien die skoolhoof of sy/haar gedelegeerde 'n beoogde deursoeking doen, moet hy/sy dit doen op 'n wyse wat redelik is en wat in verhouding staan tot die vermeende/gepleegde onwettige/ongeoorloofde daad.

14.4 Indien daar 'n redelike vermoede of voldoende inligting bestaan dat gesteelde goedere/eiendom, gevaarlike wapens, vuurwapen of voorwerpe wat ander kan beseer, verbode middels, dwelms of 'n ander skadelike gevaarlike middel, pornografiese materiaal of items/goedere wat teenstrydig met die gedragskode op die skoolterrein gebring is deur 'n leerder of in 'n leerder se besit is tydens enige skoolaktiwiteit, het die skoolhoof of sy gemagtigde(s) die reg om die leerder se tas, sak, kledingstukke of enige ander houer te deursoek en beslag te lê op sulke items. Sodanige deursoeking of visentering mag nie voor ander leerders plaasvind nie, maar in 'n private area gedoen word, waar 'n ander leerder dit nie kan sien nie, tensy omstandighede dit nie toelaat nie en dan moet dit so menswaardig en met die nodige respek en waardigheid teenoor die leerder se liggaam, besittings, geloof en ras geskied.

14.5 Die deursoeking en/of visentering mag slegs gedoen word deur die skoolhoof en/of sy gemagtigde wat skriftelik daartoe gemagtig is, wat van dieselfde geslag as die leerder moet wees en mag net gedoen word as dit nie 'n deursoeking van 'n liggaamsholte van die leerder(s) insluit nie. Andersins moet die verdagte leerder aan die SAPS oorhandig word vir verdere ondersoek.

14.6 Los kledingstukke soos baadjies, ens wat sakke het moet deur die leerder op aanvraag uitgetrek word en mag deursoek word indien daar 'n sterk vermoede is dat die leerder enige verbode item in sy besit het en dat dit in die kledingstukke se sakke is.

14.7 Indien 'n leerder 'n pet, hoed of ander hoofdeksel/hooftooisel op het, moet hy/sy dit op versoek afhaal en die binnekant aan die gemagtigde persoon wat die versoek rig, toon. Die skoolhoof of gemagtigde(s) mag die hoofdeksel neem en deursoek. Die persoon wat die deursoeking doen, mag aan die leerder se hare vat en voel of daar enige voorwerp daarin versteek is. Dit moet egter op 'n menswaardige wyse geskied.

14.8 Leerders moet ook op versoek, indien daar 'n sterk vermoede is dat hulle in besit is van verbode items en/of gevaarlike voorwerpe, hulle kledingstukke se sakke en beursies en/of tasse en/of sakke uitpak en leeg maak en aan die opvoeder toon dat die sak/tas leeg is. Die opvoeder mag, nadat alles uit die tas/sak gepak is die sak/tas neem en self seker maak dat dit heeltemal uitgepak en leeg is.

14.9 Deursoek en beslaglegging van leerders se eiendom en sluitkassies soos hierbo beskryf, mag in die geval van dogters slegs onderneem word deur 'n vroulike opvoeder en 'n ander vroulike opvoeder as getuie, behoorlik skriftelik daartoe gemagtig deur die skoolhoof, en in die geval van seuns 'n manlike opvoeder en 'n ander manlike opvoeder as getuie, wat behoorlik daartoe skriftelik gemagtig is deur die skoolhoof. Die tweede opvoeder of volwassene van dieselfde

geslag moet teenwoordig wees om as getuie op te tree dat die proses ingevolge die voorskrifte plaasvind en dat dit op ‘n menswaardige manier geskied. Skriftelike verslae oor die deursoeking moet aan die dissiplinehoof en/of die hoof voorsien word tesame met foto’s van die items waarop beslag gelê is.

14.10 Indien ‘n verbode item by ‘n leerder opgemerk word het die skoolhoof en/of sy gemagtigde (s) die reg om die item by ‘n leerder af te neem en sal dit slegs aan die leerder se ouers oorhandig word of vernietig word, indien die oortreding van ‘n minder ernstige aard is of waar dit ’n item is wat verbode verklaar is in terme van die Skolewet, 1996 en verwante wetgewing sal daarmee gehandel word om dit te laat verwyder deur die SAPD.

14.11 Indien dit ‘n item is wat verbind kan word met die oortreding van ‘n wet of regulasie van die owerhede sal dit bewaar word en aan die polisie as ‘n bewysstuk oorhandig word en foto’s daarvan geneem word en op die skool se rekenaarstelsel afgelaai word vir bewaring en gerugsteun word, wat as bewys kan dien tydens ’n dissiplinêre verhoor van ’n leerder.

14.12 Enige gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel/sintetiese middels/onwettige middels waarop beslag gelê is, moet:

1) Duidelik en korrek gemerk word met volle besonderhede, insluitende-
   a) die naam van leerder in wie se besit dit gevind is
   b) die tyd en datum van deursoeking en beslaglegging
   c) 'n voorvalverwysingsnommer
   d) die naam van persoon wat die leerder deursoek het
   e) die naam van die getuie
   f) enige ander besonderhede wat nodig kan wees om die item en voorval/insident te identifiseer.
2) In die skool se rekordboek aangeteken word en onmiddellik aan die SAPD oorhandig word om daaroor te beskik ingevolge Artikel 31 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977).
3) Afgeneem word en die foto’s/videos en klankopnames geberg word en mag as bewyse teen ‘n leerder tydens ‘n dissiplinêre verhoor gebruik word.

14.13 Indien die SAPD die gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel nie dadelik by die skool kan afhaal nie, moet die skoolhoof of sy of haar gedelegeerde:

1) Die gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmiddel na die naaste polisiestasie neem.
2) Die gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmiddel aan die polisie oorhandig om daaroor te beskik ingevolge Artikel 31 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977).

14.14 Die polisiebeampte wat die gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmiddel in besit neem, moet 'n amptelike kwitansie daarvoor aan die skoolhoof of aan sy of haar gedelegeerde oorhandig.

14.15 ‘n Deursoeking mag uitgevoer word ingevolge die volgende Wette van algemene toepassing:

1) Die Skolewet, 1996.
2) Die Wet op die Beheer van Toegang tot Openbare Persele en Voertuie, 1985 (Wet 53 van 1985).
3) Die Wet op Dwelms en Dwelmhandel, 1992 (Wet 140 van 1992).
4) Die Wet op Wapens en Ammunisie 1969, (Wet 75 van 1969).
5) Die Wet op Gevaarlike Wapens, 2013.
6) Die Wysigingswet op Onderwyswette, 2007 (Wet no 31 van 2007).
7) Die Nasionale Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by skole.
8) Die Nasionale Beleid oor die Bestuur van Dwelmmisbruik deur Leerders in Openbare en Onafhanklike Skole.
9) Die Regulasies vir die Apparaat vir die Toetsing van Leerders vir dwelmmiddel gebruik.

10) Die Wet op Plofstof.

## 15. AANSPREEKLIKHEID EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN LEERDERS

15.1 Leerders het die reg op:

1) ‘n Sinvolle leerervaring
2) Beskerming teen fisiese en verbale mishandeling
3) Geleenthede tot praktiese besluitneming
4) Om op ‘n menswaardige en toepaslike wyse gedissiplineer te word
5) Verteenwoordiging deur ‘n ouer wanneer konflik met die skool ontstaan
6) ‘n Skoolklimaat vry van geweld en ontwrigting van die opvoedingsproses
7) ‘n Geskrewe kode vir klaskamerdissipline
8) Regverdige behandeling tydens dissiplinêre optredes.
9) Om die kleedkamers te besoek wanneer dit regtig nodig is daarvoor ingevolge die reëls van die skool oor sodanige besoeke.

15.2 Ondanks die feit dat die skool alle redelike voorsorgmaatreëls tref, bly elke individuele leerder primêr verantwoordelik vir sy/haar eiendom, die skool se eiendom wat aan hom/haar toevertrou is, sy/haar optrede en gedrag gedurende klastyd of gedurende enige ander amptelike skoolaktiwiteit.

15.3 Elke leerder tree as ambassadeur van die skool op tydens enige geleentheid waar hy/sy die skool verteenwoordig en/of in amptelike skooluniform of sportdrag geklee is hetsy gedurende of na skoolure of in gewone klere of waar die leerder as ’n ingeskrewe leerder van die skool geïdentifiseer kan word. Laasgenoemde geld ook vir enige sosiale media aktiwiteite van leerders waar die skool se goeie naam en eer aangetas word op enige wyse.

## 16. LEERDERS SE ALGEMENE GEDRAG EN OPTREDE

16.1 Die skool mag die skoolterrein en alle geboue en lokale (binneruimtes van kleedkamers uitgesluit) moniteer deur middel van GKT. Geen leerder mag in ’n lokaal of enige plek op die skoolterrein sonder toestemming wees nie (laasgenoemde is ’n oortreding van die gedragskode) of dit in of buite skoolure is.

16.2 **Klaskamers, Saal, Skoolaktiwiteite, Gange, Stoepe en Skoolgronde**

Leerders is verantwoordelik om:

1) Hulle lessenaars, klaskamers, kleedkamers en die skoolgronde skoon en ordelik te hou en te laat.
2) Leerders moet die leerderleiers wat verkies is vir die posisies, respekteer en hulle opdragte gehoorsaam.
3) Leerderleiers mag nie hulle posisies misbruik om mede-leerders te domineer, boelie of te teister en intimideer nie.
4) Altyd die korrekte skooldrag aan te hê.
5) Die asblikke en ander vullishouers te gebruik en rommelstrooiing te vermy.
6) Skoolboeke, skooluniform en ander eiendom van hom-/haarself en die skool op te pas en nie te verniel nie.
7) Betyds voor die aanvang daarvan, by ‘n skoolaktiwiteit of klas op te daag.
8) Te verseker dat persoonlike eiendom, boeke, kleredrag gemerk is op ‘n permanente manier om uitkenning daarvan te verseker.
9) Om nie persoonlike briefies, notas of enige aantekeninge te skryf of uit te ruil tydens ‘n les of enige ander skoolaktiwiteit nie.
10) Nie antwoorde of op- of aanmerkings tydens amptelike lesse uit te skree nie. Nadat ‘n leerder sy/haar hand opgesteek en toestemming ontvang het, mag vrae gevra of beantwoord word.

11) Leerders sal let op hulle taalgebruik en kru en onwelvoeglike taal, onsmaaklike grappe en diskriminerende opmerkings vermy en mekaar se menswaardigheid en die van opvoeders en ander skoolpersoneel eerbiedig.
12) Nie tydens ‘n les rond te loop of voorwerpe aan te gee, rondgooi of ander met voorwerpe gooi, meubels rondskuif of spoeg nie.
13) Aan die einde van ‘n les alle papiere en rommel op te tel en in die snippermandjie te gooi. Stoele moet netjies ingestoot word en leerders verdaag op ‘n ordelike wyse.
14) Basiese hoflikheid soos om te groet, asook "asseblief" en "dankie" te alle tye aan die dag te lê en nie terug te praat wanneer hulle aangespreek word nie.
15) Leerders mag nie in die klaskamer, saal, mediasentrum en rekenaarsentrum eet of drink nie. *Die kou van kougom gedurende skoolaktiwiteite is verbode.*
16) Geen lokaal of plek in die skool sonder toestemming ter enige tyd betree nie.
17) Leerders mag nie bedel by die snoepie nie en ook nie geld van ander vra nie.
18) Leerders mag nie in die klaskamers, gange en op die stoepe hardloop, skree, fluit, geluide maak of ander geraas maak of op enige manier die opvoedingsproses versteur nie.
19) Gevaarlike speletjies en optrede waar mense beseer kan word of eiendom beskadig kan word, te speel of mee te maak nie.
20) Op banke, mure of hulle skoolhandboeke te skryf of krap of enige vorm van graffiti aanbring nie. Dit is ‘n vorm van vandalisme en sal dienooreenkomstig hanteer word.
21) Net balspele en dergelike spele op die terrein waar dit veilig is te speel, indien toegelaat op die terrein deur die skoolhoof, en nie naby vensters of motors nie.
22) Te verseker dat waar gelde oorbetaal moet word aan opvoeders dat dit sou gou as moontlik na die aanvang van die skooldag gedoen word.
23) Die mediasentrum en rekenaarsentrums op ‘n verantwoordelike wyse te betree en te gebruik, deurdat leerders enige materiaal of boeke van die mediasentrum nie sal vernietig nie en betyds terug sal besorg. Indien boeke verlore sou raak en of beskadig word dit dadelik by die media opvoeder aan te meld en die skade te vergoed of sodanige boeke te vervang of met soortgelyke boeke te vervang.
24) Stokkiesdraai of afwesig wees sonder enige geldige rede nie.
25) Nie medikasie te gebruik of te neem sonder toesig nie, behalwe in die geval van chroniese medisyne, asma en suikersiekte. Daar rus ’n aanmeldingsplig op ouers ten opsigte van chroniese siektes by leerders.
26) Nie betrokke wees of enige vorm van handel dryf, te dobbel, geld aan ander te leen, pamflette uit te deel of aan fondsinsamelings-aktiwiteite sonder die toestemming van die skoolhoof te onderneem/deel te neem nie.
27) Sodra leerders arriveer moet hulle sonder versuim die skoolterrein betree.
28) Leerders word slegs toegelaat in voorgeskrewe areas tydens skoolure. Niemand mag by die heinings en hekke met buitestaanders gesels of op enige ander wyse hetsy elektronies of skriftelik kommunikeer nie, en ook nie buite die perseel sonder toestemming wag nie. Indien toestemming verleen is dat leerders tydens skoolure afgehaal sal word, sal die leerder in sy/haar klas geroep word oor die interkom en dan kantoor toe kom. Geen leerling mag buite gewone skoolure op die terrein rond drentel of sonder toestemming wees nie.
29) Daar mag nie met voorwerpe wat skade kan berokken, gespeel word nie.
30) Nie die skoolterrein gedurende skooltyd verlaat sonder die skoolhoof of sy gemagtigde se toestemming nie en moet betyds by klasse of plekke waar hulle moet aanmeld arriveer.
31) Leerders mag nie op die skryfborde skryf sonder die toestemming van ‘n opvoeder nie.
32) Leerders mag nie met die brandblussers of enige brandtoerusting peuter of daarmee speel nie.
33) Leerders mag nie digitale toestelle/selfoon/elektroniese/smart watches/”trackers”/ ander toestel(le) aktiveer, oorfone gebruik of enige boodskappe stuur met enige “app”, sms, whatsapp, snapchat, instagram of ontvang en lees of enige foto en/of video opname en/of klank opname maak nie of oproepe maak en/of ontvang tydens skooltye/skoolaktiwiteite nie.

34) Leerders mag nie enige elektriese toestel/laaier/elektroniese toestel/herlaaibare toestel of enige ander voorwerp waarvan die battery gelaai moet word sonder toestemming van enige opvoeder aan enige van die skool se elektriese uitlaat/kragprop/kragvoorsieningspunt of enige elektriese toevoerdraad koppel nie of in enige kragvoorsieningsubstasie of enige kragboks op enige plek op die skoolterrein binne/buite skoollokale koppel nie, dit geld ook vir kragbanke ("powerbanks").
35) Selfoongebruik gedurende enige skoolaktiwiteite sonder die toestemming van enige opvoeder, is streng verbode. Leerders bring selfone, "smart watch" en enige ander elektroniese toerusting op eie risiko skool toe. Selfone moet af wees tydens skoolure, Maandae tot Vrydae en enige ander skoolaktiwitiete soos deur die skoolhoof of sy gemagtigde bepaal. Leerders mag slegs selfone gebruik met toestemming en teenwoordigheid van 'n opvoeder. Leerders wat hierdie reël oortree se elektroniese toerusting wat insluit selfoon, "smart watch", tablet, enige ander elektroniese toestel ens., sal gekonfiskeer word, in 'n duidelike gemerkte koevert geplaas word wat geseël word voor die leerder en in die skoolkluis toegesluit word. Slegs ouers/voogde mag gekonfiskeerde items aan die einde van die skooldag afhaal. Onafgehaalde items mag aan die einde van die kwartaal by die kantoor deur leerders afgehaal word. Alle gekonfiskeerde items sal in 'n register aangeteken word en uitgeteken word in die register. Alternatiewe reëlings sal gekommunikeer word vir toere en uitstappies. Alhoewel die skool daadwerklik poog om veilige omstandighede te skep, aanvaar die skool en enige van sy werknemers geen verantwoordelikheid vir klank en ander elektroniese toerusting (bv. MP3's, IPods, selfone, ens.) voor, tydens skool of enige skoolaktiwiteit of na skool nie.
36) Leerders moet te alle tye aan die skool se sosiale media beleid en selfoon en elektroniese kommunikasie toestelle voldoen en dit nakom
37) Enige seksuele, immorele, aanstootlike of onbehoorlike fisiese kontak of gedrag van/tussen leerders op die skoolterrein of enige ander plek waar hulle as leerders van die skool uitgeken kan word, is streng verbode.
38) Die rook, besit en/of gebruik van tabakmiddels, enige toerusting daarmee ge-assosieer, drank, ander alkoholiese middels of dwelmmiddels of toerusting daarme geassosieër gedurende skool of enige skoolaktiwiteit of wanneer leerders in skooldrag geklee is, of waar hy/sy as 'n leerder van die skool ter enige tyd geïdentifiseer kan word, is verbode.
39) Enige ander optrede wat die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die skool of die opvoedingsproses versteur en/of onbillik benadeel, sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.
40) Skuldigbevinding deur 'n hof aan 'n strafregtelike oortreding sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.

**16.3 OORTREDINGS WAT TOT SKORSING EN/OF UITSETTING KAN LEI, SLUIT IN, MAAR IS NIE BEPERK TOT:**

1) Optrede wat ander se veiligheid bedreig en wat die regte van ander skend.
2) Herhaaldelike versteuring van die opvoedingsproses in die skool.
3) Die besit, dreigement met of gebruik van gevaarlike wapens/voorwerpe of wat as 'n gevaarlike wapen en/of voorwerp in 'n bepaalde insident beskou kan word as sulks.
4) Die besit, ruil, aanbied, gebruik, verhandeling of sigbare bewys van enige bedwelmende stof en/of vloeistof en/of enige narkotiese of ongemagtigde dwelms, alkohol en enige bedwelmende middels en/of ongemagtigde medikasie van enige aard.
5) Bakleiery, aanranding, boeliegedrag van enige aard of mishandeling.
6) Onsedelike en/of immorele/aanstootlike gedrag of 'n gevloek of ander taalgebruik of disrespek teenoor 'n meerdere wat enige persoon se menswaardigheid aantas.
7) Die aanneem of voorhou van 'n vals identiteit.
8) Enige vorm van haatspraak, seksisme, rassisme, xenofobie of ander anti-sosiale gedrag.
9) Diefstal of die besit van gesteelde goedere, wat die diefstal of besit van toets- of eksamenvraestelle voor sodanige toets of eksamen insluit en/of die neem en gebruik van ander

se eiendom sonder toestemming. Onregmatige optrede teenoor en/of vandalisme, die vernietiging of beskadiging van skooleiendom en enige ander se eiendom wat die aanbring van graffiti sou insluit.

10) Oneerbiedigheid, disrespek, aanstootlike gedrag en verbale mishandeling gerig teen opvoeders of ander skoolpersoneel of –leerders.
11) Herhaalde oortredings van skoolreëls of hierdie gedragskode.
12) Strafregtelike en onderdrukkende gedrag, soos verkragting en geslagsgebaseerde teistering en seksuele teistering van enige aard.
13) Viktimisasie, boeliegedrag, afknouery en intimidasie van ander leerders;
14) Die oortreding van toets-/eksamenreëls en plagiaat en/of in ‘n toets of eksamen op enige wyse te kul om ‘n onregverdige voordeel bo ander te behaal.
15) Opsetlike en bewuste verstrekking van vals inligting, weiering om homself/haarself aan ‘n personeellid te identifiseer of valslik voordoen dat hy/sy ‘n ander persoon is of die vervalsing van dokumente, handtekeninge of ander dade wat daarmee verband hou.

16.4 **KLAS- EN SAALREËLS (verwys Garsiegids)**

1) Daar is standaard klas- en saalreëls geldend in alle betrokke fases van die skool.
2) Hierdie reëls is op ’n prominente plek in die klaskamer aangebring; en is aan alle leerders en hul ouers beskikbaar; verwys na Bylaag C.
3) Leerders moet stiptelik en volledig voldoen aan hierdie reëls sowel as enige mondelinge opdragte wat die klasopvoeder of enige personeellid gee, en wat redelikerwys noodsaaklik is om hierdie gedragskode uit te voer en/of om die skool behoorlik en professioneel te bestuur.
4) Enige oortreding van die klas- en saalreëls sal as ’n oortreding van hierdie gedragskode en skoolreëls beskou word.
5) Ouers mag onder geen omstandighede gedurende skoolure personeel direk by hul klaskamers besoek nie. Afsprake moet vooraf gereël word. Ouers word ook nie sonder toestemming toegelaat in klasse, aantreeblokke of speelgronde gedurende skoolure of om met opvoeders of personeel te kommunikeer op enige sosiale media platform behalwe die skool se geldende e-pos nie.
6) Leerders beweeg vinnig en stil na en in die saal.
7) Leerders mag nie in die saal praat of eet terwyl aktiwiteite plaasvind nie.
8) Geen leerder mag sonder 'n opvoeder of afrigter in die saal wees nie.

16.5 **STOEPE EN WISSELING**

1) Hardloop en speletjies op stoepe word nie toegelaat nie.
2) Wisseling moet flink en so gou moontlik geskied, sodat daar nie onnodige onderrigtyd verlore gaan nie. Volwassenes geniet voorrang.
3) Indien daar nog leerders in die klas is, moet die volgende leerders in netjiese rye wag en die middel van die stoep ooplaat sodat ander persone kan deurkom.
4) Indien tasse op die aantreeblokke geplaas word, moet dit in netjiese rye wees.
5) Wisseling moet ordelik sonder onnodige geraas geskied.
6) Voor skool plaas leerders hulle tasse voor die klas waar hulle die eerste periode moet wees. Voor pouses plaas hulle hul tasse voor of in die klas waar hulle na pouse sal wees.
7) Leerders moet so gou moontlik, maar so stil as moontlik die gange en stoepe ontruim voor skool, gedurende pouse en na skool.
8) Ontwrigtende gedrag, sowel as skree en fluit en ander geluide maak is ontoelaatbaar.
9) Leerders mag nie tydens pouses,voor en na skool die stoepe of trappe blokkeer nie en moet vinnig en rustig uit die skoolgeboue beweeg.
10) Leerders wat voor ‘n klas wag moet TEEN die muur wag.

11) Balspele en die gooi van voorwerpe in die gange of trappe is verbode.
12) Leerders mag nie hardloop op die stoepe, trappe en gange nie.
13) Leerders mag nie digitale toestelle/selfoon/elektroniese/smart watches/"trackers"/ ander toestel(le) aktiveer, met oorfone gebruik of enige boodskappe stuur met enige "app", sms of ontvang en lees of enige foto en/of video opname en/of klankopname maak nie of oproepe maak en/of ontvang nie.
14) Leerders mag nie op die stoep eet tydens klaswisseling nie. Oop koeldranke, water en ander vloeistowwe in houers mag ook nie van klas tot klas gedra word nie. Water mag wel in die klas geneem word.
15) Gesels in groepe of kleedkamerbesoeke gedurende klaswisselings is nie toelaatbaar nie.
16) Geen leerder mag sonder 'n geldige rede in die administratiewe blok wees nie.

## 16.6 SIEKEKAMER

1) Indien 'n leerder by die skool ongesteld raak of 'n besering opdoen, sal die sekretaresse die ouer vanaf die kantoor skakel. Leerders mag nie self skakel, sms of whatsapp nie, tensy in die teenwoordigheid van 'n personeellid. Ander oproepe sal slegs by uitsondering toegelaat word.
2) Indien 'n leerder aanmeld dat hy/sy siek/beseer is, sal die sekretaresse in oorleg met die skoolhoof, adjunk-hoof of departementshoof, naskoolhoof indien nodig, besluit oor watter optrede gevolg sal word. Geen leerder mag self hulle ouer(s) skakel om hulle te kom haal vir enige siekte toestand nie.
3) Siekekamer: Leerders sal eers na deeglike oorweging, met 'n briefie van die personeellid, siekekamer toe gestuur word.
4) 'n Leerder mag slegs in uitsonderlike gevalle tydens die aflê van 'n toets in die siekekamer wees.
5) Sou 'n leerder 'n dokter/medikus moet spreek of huis toe gaan, sal die ouer dienooreenkomstig ingelig word. 'n Ouer mag 'n siek/beseerde leerder slegs kom haal nadat die sekretaresse/klasvoog of 'n ander opvoeder hulle geskakel het.
6) Leerders mag nie mede-leerders as besoekers in die siekekamer ontvang nie of ingaan of die plek onder enige omstandighede sonder toestemming van 'n gemagtigde persoon betree nie.
7) Leerders mag nie ander leerders wat in die siekekamer lê aanraak, pla, teister, met hulle praat, slegsê, baklei (verbaal en fisies) en ander immorele en onvanpasbare gedrag pleeg nie. Die siekekamer is onder GKT te alle tye ter beskerming van leerders wat siek is en sal gemoniteer word.

## 16.7 AFSPRAKE MET DIE HOOF/ADJUNKHOOF/DISSIPLINEHOOF

1) Leerders moet deur 'n opvoeder(s) gestuur word, indien hulle die hoof/adjunkhoof en/of dissiplinehoof wil/ moet spreek.
2) Om 'n afspraak te reël met 'n opvoeder/personeellid, kan 'n e-pos direk aan die persoon gerig word op sy/haar amptelile skool e-pos of 'n oproep na die kantoor gemaak word. 'n Boodskap sal aan die personeellid oorhandig word vir verdere kommunikasie. Die personeellid sal binne 24 uur (in skooltyd) daarop reageer.

## 16.8 **UITSTAPPIES/TOERE** *(Sien ook die skool se Toerbeleid)*

1) ‘n Vrywarings/toestemmingsvorm moet deur die ouer/voog voltooi word voordat leerders op ‘n uitstappie gaan.
2) Die skool se gedragskode is van toepassing tydens alle uitstappies/toere/ skoolfunksies/skoolaktiwiteite/skoolondersteunde aktiwiteite en ander veiligheidsreëlings soos bepaal deur die opvoeder in bevel en/of die volwasse persoon wat ’n betrokke aktiwteit aanbied.
3) Die ouer sal gekontak word om sy/haar kind te kom haal, of indien nie moontlik, sal die betrokkene geïsoleer word en van enige verdere deelname aan aktiwiteite ontneem word.
4) Dissiplinêre optrede sal volg. Enige kostes aangegaan is vir die ouer se rekening.

## 16.9 **VOORKOMS EN KLEREDRAG**

Daar sal op ‘n gereelde basis inspeksie gehou word om reëls soos hieronder genoem, toe te pas.

**Skool-, Gewone-, Sport- en Bewegingskundedrag**

1) Die voorgeskrewe kleredrag moet gedurende skoolure én ander skoolaktiwiteite soos wat die beheerliggaam bepaal, gedra word.
2) Kleredrag moet altyd skoon en netjies wees.
3) Verwys na Garsiebeeld.
4) Geen musse, pette of hoofbedekkings buiten dié wat in die kleredragreëls voorgeskryf word, mag gedra word nie.
5) Die beheerliggaam en/of die skoolhoof kan na goeddunke toestemming verleen dat leerders by sekere geleenthede burger-/gewone drag dra. Sodanige drag moet netjies en welvoeglik wees en die hoof het die finale diskresie oor watter drag aanvaarbaar is of nie en sal ‘n ouer versoek word om ander klere skool toe te bring of die leerder sal in akademiese isolasie vir die dag geplaas word. Geen T-hempde en ander kledingstukke met slagspreuke van ‘n politieke aarde, lasterlike aard, bende affiliasie, godslasterlike aard, rassistiese aard of wat as diskriminerend beskou kan word of enige alkoholiese of enige dwelmmidel uitbeeld of adverteer is toelaatbaar nie. Geen kaal midrif word toegelaat nie.

## 16.10 **SPORT, KULTUUR- EN BUITEMUURSE AKTIWITEITE**

Ouers van leerders wat aan sport, kultuur- en buitemuurse aktiwiteite deelneem, word verwys na die onderskeie Kultuur- en Sportbeleide verwys vir toepaslike gedragskode en dragkode.

1) Leerders wat aangedui het dat hulle aan 'n betrokke item gaan deelneem, moet getrou oefeninge bywoon. Verskonings van oefeninge geskied per brief aan die afrigter.
2) Swak taalgebruik, opmerkings en vuilspel is ontoelaatbaar.
3) Skeidsregters moet met respek behandel word.
4) Skeidsregters se beslissings word nie in twyfel getrek nie.
5) Spelers moet geklee wees soos bepaal deur die afrigter.
6) Met wegwedstryde word leerders vervoer soos gereël deur die afrigter. Leerders mag nie alternatiewe reëlings tref sonder die toestemming van die afrigter nie.
7) ‘n Skoolsweetpak word oor sportdrag gedra indien nodig.

8) Leerders se ootredings kan deur die Sporthoof ondersoek word en na die hoof/ adjunkhoof/dissiplinehoof verwys word vir verdere optrede indien nodig.

## 16.11 **SKOOLEIENDOM, FASILITEITE EN VERVOER**

1) "Skooleiendom" sluit die volgende in:
   a) Die grond en geboue wat deur die skool beset word sowel as enige permanente aanhegting aan sodanige grond en geboue,
   b) Alle ander eiendom, wat toerusting, boeke, teksboeke, skrifte, voorraad, motorvoertuie en dies meer insluit, wat die skool besit, huur of berg, of vir die beskadiging of verlies waarvan die skool wetlik aanspreeklik gehou kan word of wat aan leerders voorsien word vir opvoedkundige doeleindes.
2) Aangesien die skool ontwikkel en opgerig is vir gebruik deur alle leerders wat daar skoolgaan, is alle leerders verplig om alles in hul vermoë te doen om die skool se eiendom te bewaar, sodat dit tot voordeel van alle huidige en toekomstige leerders van die skool gebruik kan word.
3) Geen leerder mag enige skooleiendom van die skoolperseel verwyder sonder die vooraf toestemming van die skoolhoof of 'n opvoeder van die skool nie.
4) Leerders mag nie enige eiendom van die personeel van die skool, mede-leerders, besoekers aan die skool, of lede van die publiek hanteer, verduister, beskadig, merk, skend of vernietig of dit neem of gebruik sonder toestemming van die wettige eienaar nie. Hierdie reël geld vir eiendom op die skoolterrein, in die onmiddellike omgewing van die skool, by of naby die plek van enige skoolaktiwiteit, sowel as enige voertuig waarmee leerders vervoer word en die eiendom daarop en tydens uitstappies, skoolaktiwiteite/toere en enige ander skoolondersteunde aktiwiteit.
5) Leerders mag nie enige skooleiendom of die eiendom van mede-leerders en personeel beskadig, verduister, vernietig, vandaliseer, skend, gebruik of neem sonder die wettige eienaar se toestemming nie. Enige leerder wat enige skooleiendom opsetlik misbruik, beskadig, vandaliseer of verniel, moet dit vervang of daarvoor betaal. Vernietiging en/of beskadiging van eiendom is 'n strafbare oortreding.
6) Slegs leerders, opvoeders en persone gemagtig deur die beheerliggaam mag die skool se fasiliteite gebruik. Gebruik is onderhewig aan sodanige voorskrifte en betaling wat die beheerliggaam mag stel.
7) Tydens die beoefening van sport- en buitemuurse aktiwiteite, sal leerders die dissipline, leiding en voorskrifte van opvoeders, afrigters en skeidsregters onvoorwaardelik aanvaar.
8) Leerders moet wegbly van bewegende voertuie en uit die pad van aankomende verkeer beweeg.
9) Geen leerder mag naby personeel en ander lede van die publiek se voertuie kom of speel nie en nie daarteen leun, daar agter speel of dit beskadig nie.
10) Geen voorwerpe mag op voertuie neergesit word nie.
11) Vir die prosedure wat gevolg moet word vir die gebruik van skoolvoertuie, sowel as die busvervoer prosedure verwys na die Voertuig-en Vervoerbeleid.
12) Vreemde voertuie moet onmiddellik gerapporteer word.
13) Plakkers vir toegang tot die skool word deur personeel gebruik. Dit verseker makliker toegang tot die skoolterrein verby die sekuriteitswag.
14) Opvoeders se lessenaars en ander eiendom is privaat en niks mag verwyder, gebruik of aangeraak word, sonder hulle toestemming nie en geen leerder mag in enige opvoeder se laaie, sakke en ander eiendom deursoek of selfs daarin kyk nie.
15) Geen toerusting, opvoedingsmateriaal ens mag uit klaskamers of ander lokale sonder die toestemming van 'n opvoeder of 'n personeellid verwyder of gebruik word nie.

16) Geen leerder mag sonder die toestemming van ‘n ander mede-leerder in sy/haar tas, sak, sportsak, kledingstukke, sluitkassie of ander houer kyk, die inhoud daarvan uithaal, eet, drink, ongemagtig neem, gebruik, dra, beskadig, wegneem, weggooi, leen, verkoop, verruil, wegsteek, steel, afneem, met geweld afneem, vernietig of verduister nie.
17) Geen leerder mag sonder die toestemming van ‘n ander mede-leerder sy/haar eiendom eet, drink, gebruik, beskadig, wegneem, leen, verkoop, verruil, wegsteek, vernietig, onregmatig neem of verduister nie.
18) Kledingstukke, skoene en of ander eiendom van leerders wat op die terrein gevind word moet by die kantoor vir veilige bewaring ingehandig word.
19) Alle boeke, kledingstukke, tasse en sakke moet met leerders se name gemerk wees.

16.12 **SKOOLKENNISGEWINGS: KOMMUNIKEERDER, WA-GROEPE, HARDE KOPIE**

Alle leerders is verplig om alle kennisgewings wat die beheerliggaam, skoolhoof of ’n opvoeder van die skool vir dié doel aan leerders uitreik, aan hul ouers te oorhandig, en om enige ontvangserkenning wat die ouers moet voltooi, stiptelik aan die klasopvoeder te voorsien.

16.13 **GESLOTE KRINGTELEVISIEKAMERAS** (GKT) *(Sien ook die skool se GKT beleid)*

1) Die skool mag gebruik maak van van GKT om die monitering van die openbare skoolterrein te reguleer. Die kameras word hoofsaaklik aangebring om enige vorm van ongewenste of ongedissiplineerde gedrag so ver moontlik te bekamp of te verhoed, en sodoende die lewensgehalte van alle persone op die terrein van die skool te optimaliseer, aangesien geen vorm van bedreiging van ’n persoon/persone of eiendom op die terrein onder enige omstandighede toegelaat sal word nie.
2) Die geslote kringtelevisiekameras is daar om die leerders, personeel, ouers en besoekers te beskerm.
3) Die geslote kringtelevisie stelsel bewerkstellig die verhoging van persoonlike veiligheid en vermindering van vrees vir misdaad, asook die beskerming van skoolgeboue en bates, insluitend en sonder voorbehoud, die persoonlike eiendom van kinders, personeel, ouers en besoekers.
4) Maatreëls wat in plek is, ondersteun die beheerliggaam en SAPD in die voorkoming, beheer en identifisering van misdaad en dissiplinêre oortredings van leerders.
5) Dit dien as ondersteuning in die identifisering en vervolging van die enige oortreders en help met die bestuur van die skool.
6) Beeldmateriaal mag gebruik word as ‘n bewys in enige dissiplinêre optrede teen ‘n leerder. Sodanige opname behoort aan die skool en sal nie aan enige buitestaander getoon of verskaf word sonder die toestemming van die BL nie.

16.14 **WEBBLAAIE/SOSIALE ELEKTRONIESE PLATFORMS**

Alle leerders, net soos enige ander persoon, is verbonde aan die wet op die gebruik van openbare elektroniese sosiale platforms en -forums. Leerders mag nie enige persoon, aktiwiteit of die skool op ’n openbare sosiale platform of enige persoon verbind aan die skool, inkrimineer nie. Hierdie openbare sosiale platforms sluit in alle sosiale netwerke soos Facebook, Twitter, Instagram, WeChat, Tiktok, Snapchat, Wattsapp, SMS’e, epos, Youtube en enige ander soortgelyke webblaaie en elektroniese kommunikasie platforms. Leerders kan vervolg word as hulle enige negatiewe, afbrekende of inkriminerende aantygings, visuele beelde, klankopnames, boodskappe en/of sketstekste en -beelde op hierdie netwerke plaas en/of versprei na enige persone deur middel van enige elektroniese, digitale toestelle/selfoon en/of ander elektroniese toestel.

16.15 **SKOOLWERK EN HUISWERK**

1) Daar sal ten alle tye 'n ordelike atmosfeer in die klaskamer heers. Leerders mag nie onderrig versteur of verhinder nie.
2) Leerders moet klasopdragte stiptelik nakom.
3) Projekte en take word by die skool gedoen in die toepaslike vakke. Geen projek mag huistoe geneem word, alvorens die taak nie volledig afgehandel is en die betrokke opvoeder dit geassesseer het nie. Daar sal by die skool stoorruimte geskep word vir alle take/projekte. Lg. moet duidelik gemerk word deur die leerder.
4) Alle leerders moet hul voorgeskrewe skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding doen, om sodoende 'n deurlopende werksetiek te ontwikkel. Versuim om aan hierdie reël te voldoen, sonder 'n aanvaarbare verskoning, sal as 'n oortreding van hierdie reël beskou word.
5) Leerders is verplig om enige werk wat hulle misgeloop het, so spoedig moontlik in te haal, deur die werk van 'n mede klasmaat te verkry.

16.16 **TOETSE EN EKSAMENS**

1) Alle leerders is verplig om hulle aan die toetse en eksamens wat deur die opvoeders aan hulle opgedra word, te onderwerp. Versuim om aan hierdie reël te voldoen sal slegs in uitsonderlike gevalle verskoon word, mits die ouers van die betrokke leerder op die vroegs moontlike geleentheid 'n volledige en aanvaarbare skriftelike verduideliking aan die skoolhoof oorhandig.
2) Leerders moet hulle met die afneem van toetse of eksamens van enige vorm van oneerlikheid weerhou.
3) Enige leerder wat afwesig is tydens toetse, eksamens of formele take volgens die voorgeskrewe eksamen of toetsrooster en in gebreke bly om 'n doktersertifikaat in te handig, sal 'n 0%(a) ontvang vir die spesifieke toets, eksamen of formele taak.
4) Die 0%(a) toegeken, vorm deel van die bewerking van die totale punt en word dus in aanmerking geneem.
5) Indien 'n leerder gehospitaliseer is gedurende 'n toets of eksamen (buitgewone omstandighede), kan reëlings getref word vir die leerder om die toets of eksaminering af te lê in die hospitaal. Die kriteria vir die aflê van hierdie toets of eksamen word gereël met die adjunkhoof akademie en die skoolhoof.
6) 'n Leerder wat nie goed voel om die skooldag te voltooi nie, kan toegelaat word om die toets of eksamen te skryf en dan huis toe te gaan.
7) 'n Leerder wat nie 'n eksamen of toets aflê nie a.g.v. dood in die familie moet 'n skriftelike brief adresseer aan die skoolhoof of adjunkhoof akademie. Die reëlings soos uiteengesit in hierdie paragraaf sal gevolg word met terugkeer na die skool.
8) Tydens eksamen mag leerders nie tuis bly om te leer nie, 'n volle skooldag moet bygewoon word.
9) Indien 'n leerder afwesig was en die nodige kommunikasie of doktersbrief deurgee het, sal alternatiewe reëlings getref word om onvoltooide toetse en eksamens te skryf.

16.17 **SKOOLBYWONING EN STIPTELIKHEID**

1) Alle leerders sal op die bestemde tyd, 7:20 aan die begin van die skooldag en met die aanvang van enige ander skoolaktiwiteit opdaag. Leerders wat laat opdaag, moet eers by die kantoor aanmeld en hulle name word in die laatkomregister aangeteken voordat hulle na hul betrokke klas gaan.
2) Indien 'n leerder vyf keer of meer per maand laat is, word ouers telefonies gekontak. Indien die gedrag herhaal, sal die ouers gekontak word vir 'n onderhoud.
3) 'n Leerder word as 'n laatkommer beskou, wanneer hul nie betyds is vir voogperiode nie, of wanneer saal 'n aanvang neem.
4) 'n Leerder moet tot 10:00 by die skool teenwoordig wees om aanwesig gemerk te word.

5) Ouers moet die voogonderwyser kontak, indien hul hul kind(ers) vroeër moet afhaal.

16.18 **AFWESIGHEID VAN SKOOL**

1) Leerders mag slegs in uitsonderlike gevalle afwesig wees van die skool, en dan ook slegs met die skriftelike kennisname van die skoolhoof, of sy/haar verteenwoordiger, indien die skoolhoof nie beskikbaar is nie.
2) Afwesigheid van die skool sonder ŉ aanvaarbare verskoning word as stokkiesdraai beskou, wat streng verbode is. Afwesig sonder toestemming is die doelbewuste afwesigheid tydens enige skoolaktiwiteit en klaskamer, tydens skoolure en ander verpligte skool aktiwiteite hetsy steeds op die skoolperseel of van die perseel af.
3) Leerders wat afwesig is van skool, moet met hul terugkeer ŉ skriftelike verduideliking van hul ouers voorlê. Afwesigheid vir meer as drie agtereenvolgende dae, sal slegs verskoon word indien ŉ brief deur ŉ geregistreerde mediese praktisyn voorgelê word, buiten, in die geval van dood of trauma in die leerder se gesin, of om ŉ ander rede waarvan die skoolhoof kennis dra. Die skool behou die reg om enige afwesighede by die Distrikskantoor aan te meld. Aaneenlopende afwesighied vir 10 skool dae sal die gevolg hê dat leerders gederegistreer word as ingeskrewe leerders van die skool.

16.19 **UITTEKENPROSEDURE GEDURENDE SKOOLURE**

Leerders wat deur ouers/voogde of ander gemagtigde persone uitgeteken word, moet ’n uittekenbrief (uittekenregister) by ontvangs teken. Die skool mag aandring op ‘n wettige identiteitsdokument van sodanige persoon wat ‘n leerder kom afhaal en ‘n afdruk vir rekorddoeleindes maak. Ouers moet vasstel watter rooster gevolg word, aangesien geen leerder tydens ’n periode geroep mag word nie, slegs aan die einde van ’n periode.

16.20 **REG OP ‘N VEILIGE OMGEWING**

1) Leerders het die reg op ŉ veilige omgewing en skool wat bevorderlik is vir opvoeding.
2) Leerders mag nie die skoolgronde of -geboue bemors nie. Personeel sal toesien dat daar vullishouers in sy/haar lokaal is, wat deur alle belanghebbendes gebruik moet word.
3) Leerders wat toeskouers of ondersteuners by enige skoolaktiwiteit is, moet die terrein wat hulle beset netjies en skoon agterlaat, en moet seker maak dat alle rommel opgeruim en in vullishouers geplaas word.
4) Leerders moet kleedkamers, wasbakke en toilette skoon agterlaat en sorg dat krane van wasbakke toegedraai is. Lekkende krane moet by die kantoor aangemeld word deur leiers.
5) Enige optrede of versuim deur leerders wat ŉ gesondheidsgevaar vir ander leerders veroorsaak of moontlik kan veroorsaak, moet vermy word.
6) Geen slagspreuke (graffiti), plakkers, plakkate en dergelike kennisgewings of slagspreuke van enige aard, mag sonder die toestemming van die skoolhoof op enige oppervlak by die skool aangebring word nie.
7) Leerders moet gehoor gee aan die redelike opdragte van die skoolhoof, enige opvoeder of ŉ skoolleier met betrekking tot die handhawing van ŉ skoon en higiëniese skoolomgewing.

16.21 **BOELIELYN – 086 106 0007**

Ouers of leerders mag die Boelielyn skakel om gevalle van boelie of afknouery aan te meld. Geen anonieme oproepe sal hanteer word nie. Sodra ‘n saak gerapporteer is, sal dit aan die skoolowerhede oorhandig word vir verdere ondersoek.

16.22 **AKADEMIESE VORDERING**

1) Ouers sal versoek word om gereeld sy/haar kind se boeke deur te blaai en te verseker dat werk afgehandel is. Die opvoeder sal in die boek aanteken as werk onvoltooid is, en

ouers word versoek om daarop te reageer en by die opmerking van die opvoeder te teken.

2) Huiswerk kan die volgende insluit - taakopdragte, voltooiing van uitstaande werk, hersiening, insluitende die opsomming van werkstukke en die memorisering daarvan vir doeleindes van toetse en die instandhouding van werkboeke. Huiswerk word deur vakonderwyser op skryfbord aangebring. Dit is die leerder se verantwoordelikheid om die huiswerk te kry by die vakonderwyser/medeleerder indien hy/sy afwesig was.
3) Die maksimum inspanning word te alle tye van leerders en veral leerders in die Senior Primêre Fase verwag. Die volgende word as onaanvaarbaar geag:
1) Slordige, agterlosige werk
2) Tuiswerk/take/opdragte onvoltooid of nie gedoen nie
3) Nie leer vir toetse nie
4) Vergeet boeke tuis
5) Verloor boeke
6) Beskadig boeke
7) Laat inhandiging van werk
8) Afskryf van ander leerders se werk
9) Gee nie aandag in die klas nie
10) Steur ander leerders in die klas
11) Minagting, halstarrigheid van en/of parmantigheid teenoor 'n opvoeder of ander gesagsfiguur van die skool.

## 16.23 VRYSTELLING VAN BEPALINGS VAN DIE GEDRAGSKODE

1) Leerders en hulle ouers/voogde kan op kulturele, godsdienstige of mediese gronde skriftelik by die beheerliggaam aansoek doen om gedeeltelike vrystelling van een of meer van die items wat in die gedragskode vervat is.
2) Sodanige skriftelike aansoek moet volledige redes én stawende bewyse insluit. Die bewyslas berus by die ouer/wettige voog, om die aansoek om vrystelling van enige bepaling in die gedragskode, te staaf.
3) Aansoeke om vrystelling sal slegs aan die begin van elke skooljaar oorweeg word, tensy dringendheid of veranderende omstandighede aangevoer kan word.
4) Met die oorweging van 'n aansoek om vrystelling van die bepalings van die gedragskode sal die beheerliggaam geregtig wees om enige inligting in te win wat nodig geag kan word vir 'n regverdige beoordeling van elke aansoek.
5) Die beheerliggaam sal die aansoek om vrystelling van enige bepaling van die gedragskode met die nodige erns en verantwoordelikheid binne die raamwerk van die Grondwet van Suid-Afrika en hofuitsprake oorweeg en die ouer/voog, skriftelik van die besluit inlig.

## 16.24 OORTREDING VAN ENIGE BEPALING VAN DIE GEDRAGSKODE EN SKOOL-/ KLASKAMERREËLS

**In geval van die oortreding van enige bepaling in hierdie gedragskode en enige ander oortreding wat dalk nie in die gedragskode voorkom nie, maar tog die regte van ander benadeel, sal die gevolg hê dat die voorgeskrewe dissiplinêre prosedures gevolg word met inagneming van Skedule 1 en 2 oortredings soos omskryf in Algemene Kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig asook die Protokol vir Seksuele Teistering van die Departement van Basiese Onderwys en ander wetgewing wat van toepassing mag wees.**

## 17. PROSEDURE VIR DISSIPLINÊRE OPTREDE TEEN LEERDERS

### 17.1 Eksterne Dissiplinêre Verhore

Die hoof beveel aan wanneer ‘n leerder aan ‘n eksterne dissiplinêre verhoor van die BL onderwerp moet word. In geval van die oortreding van enige bepaling wat in die gedragskode vir leerders voorgeskryf word, moet die korrekte dissiplinêre prosedure gevolg word. Vir die toepassing van hierdie dissiplinêre prosedure, word wangedrag in vier kategorieë verdeel. Dit stem ooreen met die verskillende dissiplinêre stappe wat geneem kan word en die verskillende prosedures wat gevolg kan word in die hantering van wangedrag. Enige verwysing na die beheerliggaam in hierdie dissiplinêre prosedure sluit die dissipline komitee van die beheerliggaam in. ‘n Besluit van die dissipline komitee van die BL is gelykstaaande aan ‘n besluit van die BL, behalwe waar daar ‘n aanbeveling van die dissipline komitee is vir uitsetting aan die Hoof van die GDO.

### 17.2 Interne Dissiplinêre verhore

‘n Interne dissiplinêre verhoor neem die vorm aan van ‘n gesprek deur die skoolhoof/dissiplinehoof en ‘n ouerlid van die BL met die leerder en sy/haar ouers wat die gedragskode en gewoonlik kategorie 1 of 2 oortredings van ‘n minder ersntige aard gepleeg het.

### 17.3 Kollektiewe Dissiplinêre Optrede

1) Die dissiplinêre optrede soos in hierdie en verwante beleide en gedragsreëls van die skool omskryf, is hoofsaaklik van toepassing op individuele leerders. Bewerings van misdrywe of oortreding van die gedragskode en –reëls deur ‘n groep of groepe leerders waar soortgelyke oortredings begaan is vorm deel van kollektiewe of gesamentlike misdrywe.
2) Kollektiewe misdryf/misdrywe mag op ‘n kollektiewe basis hanteer word. ‘n Enkele ondersoek en dissiplinêre verhoor mag deur die skool se dissiplinêre komitee binne konteks aangepas word waar dit nodig mag blyk.
3) In ‘n kollektiewe dissiplinêre verhoor sal individuele leerders die kans gegun word om hulle saak te stel of getuienis te lewer voor die dissipline komitee van die skool of getuienis aan te bied waarom hulle saak verskil van die ander leerders in die groep of groepe.
4) Die skool behou die reg voor om individuele of kollektiewe gedragsprosedures toe te pas waar dit onder omstandighede as gepas geag word.

### 17.4 Valse Bewerings/Meineed/Kuberboelie

1) Die skade wat ‘n vals klag aan onskuldige partye se reputasie, eer en persoon maak is geweldig vernederend en kan lewenslange gevolge hê. Enige persoon wat dus valse getuienis aflê, of ter kwade trou valse bewerings maak of meineed pleeg teen enige persoon of wat vergeldingstappe neem teen enige party wat klagtes indien oor enige seksuele teistering of getuies is teen ‘n ander persoon wat ‘n spesifieke geval ondersoek, is skuldig aan ‘n oortreding van die skool se gedragskode asook die land se wetgewing.
2) Die beheerliggaam sal nie huiwer om stappe teen so ‘n leerder/persoon te neem nie, hetsy in skoolverband, kriminele klagtes teen so ‘n persoon by die owerhede en/of siviele geding(e) wat aanhangig gemaak kan word.
3) Vergelding sluit in, maar is nie net beperk tot, enige vorm van intimidasie, aanranding, geweld, weerwraak, boeliegedrag, kuberboelie, intimidasie op enige sosiale media platform of enige vorm van teistering nie.
4) Hierdie beleid verhoed nie en tas nie die regte aan van so ‘n gegriefde persoon wat valslik beskuldig word, om ook ander alternatiewe metodes of regstappe in te stel om klagtes op te volg nie.

## 18. KLASSIFIKASIE VAN OORTREDINGS EN WANGEDRAG

### 18.1 DISSIPLINÊRE OOTREDINGS - OMSKRYWINGS VAN OORTREDINGS / KATEGORIEË

1) Oortredings wat leerders begaan, word in die onderstaande kategorieë ingedeel. Elke kategorie word anders hanteer gedurende die dissiplinêre proses. Subjektiwiteit ten opsigte van die ernstige aard van 'n oortreding sal altyd bestaan. Opvoeders en ander personeel het dus steeds die reg om in spesifieke gevalle – op grond van die ernstigheid daarvan – 'n oortreding volgens 'n ander kategorie as dié waarin dit gelys is, te hanteer. Oortredings wat buite klasverband voorkom, moet aan die klasopvoeder gerapporteer word, insluitende alle buitemuurse aktiwiteite, uitstappies, ens.
2) Slegs die skoolhoof/dissiplinehoof mag dissiplinêre stappe teen 'n leerder ten opsigte van baie ernstige en werklik ernstige wangedrag instel binne vyf tot sewe dae nadat 'n misdryf gepleeg is en aanbeveel by die SBL wat dan die dissipline komitee moet aanwys. Die aanklaer tydens die verhoor kan enige ander opvoeder met 'n SARO nommer wees wat deur die skoolhoof aangewys is.
3) Die skoolhoof/dissiplinehoof mag slegs dissiplinêre stappe teen 'n leerder ten opsigte van baie ernstige en werklik ernstige wangedrag instel, indien daar werklike ernstige vermoede is en bewyse is om sodanige stappe in te stel; en die skoolhoof/dissiplinehoof dit nodig ag in die beste belang van die skool en sy gemeenskap.
4) Oortredings deur leerders word in vier kategorieë verdeel van Kategorie 1 (minder ernstige oortredings) na vlak 4 (werklike ernstige oortredings wat in die meeste gevalle dadelik sal lei tot 'n dissiplinêre verhoor).
5) Die erns van die oortreding is slegs 'n aanduiding. Die skoolhoof in oorlegpleging met die skool se dissiplinehoof, mag besluit om die oortreding se klassifikasie te verhoog na aanleiding van omstandighede.
6) Die hantering van die oortredings in die eerste twee kategorieë berus by die opvoeders en die dissiplinehoof van die skool, terwyl die oortredings in kategorie 3 en 4 deur die skoolhoof/dissiplinehoof en die skool se dissipline komitee van die SBL hanteer sal word en oor die gepaste optrede besluit. Geen lid van die BL of ouer of ander persoon mag eis dat 'n leerder aan 'n eksterne dissiplinêre verhoor onderwerp word nie, die diskresie is aan die hoof toegeken ingevolge die Skolewet, 1996 en die provinsiale wetgewing en omsendbriewe.
7) Die dissiplinehoof moet sorg dat die papierspoor vir elke geval in samewerking met die betrokke opvoeder/persoon/leerder wat die klag aanhanging maak in plek is, asook alle bewyse wat tydens die ondersoek ingesamel is vir die saak soos skriftelike aanmeldingsverslae, voorwerpe, foto's, video materiaal ens. beskikbaar is vir die verhoor. In gevalle van ernstige gedragsafwykings word 'n onderhoud onmiddelik met ouers aangevra om die saak te bespreek en indien nodig die klagstaat aan die ouer en die leerder te oorhandig.
8) Die oortredings soos omskryf in Skedule 1 en 2 van Kennisgewing 6903 van 2000 soos gewysigde deur algemene Kennisgewing 2591 van 2001: benewens die reëls en voorskrifte vervat in die gedragskode word aan die skoolhoof en die ondersoeker/dissiplinehoof magtiging verleen om ook vir doeleindes van die klagstaat en skorsing uit die skool bogenoemde skedules in ag te neem wat hieronder uiteengesit is.

### 18.2 BREË BESKRYWING VAN KATEGORIEË (Word in meer detail in die tabelle omskryf)

**Gr 3-7 sit detensie van Januarie – November. Kyk Aanhangsel I en J**
***Detensie word bepaal op die volgende*: Kwartaal 1 en 2 werk saam (-5), in kwartaal 3 werk kwartaal 2 en 3 saam – Kwaraal 1 word nie in berekening gebring nie. In kwartaal 4 werk kwartaal 3 en 4 saam – Kwartaal 1 en 2 word nie in berekening gebring nie.**

#### 18.2.1 Kategorie 1 – Oortredings

1) Hierdie oortredings word geklassifiseer in twee afdelings: Binne klasverband en buite klasverband. Binne klas verband is dit die soort oortredings wat dit vir opvoeders moeilik

maak om hulle taak effektief uit te voer. Alhoewel dit nie op 'n morele vlak val nie en nie 'n bedreiging vir persone of eiendom inhou nie, is dit ernstig, aangesien dit teenproduktief tot die leerproses is. Buite klasverband is dit die soort oortredings wat tydens voorskool, pouses en/of naskool plaasvind in `n minder ernstige mate. Hierdie oortredings het `n negatiewe invloed tot die sosiale ontwikkeling van die leerders.

**2) Binne klasverband oortredings:**

a) Swak prestasie ten opsigte van huiswerk: Voorbeelde, maar nie beperk tot: huiswerk ontbreek; huiswerk is onvolledig of nie gedoen, of afgerammel, onbevredigende uitvoer van opdragte.

b) Gebrek aan toewyding tot die leerproses: Voorbeelde, maar nie beperk tot: handboeke of skrifte is nie in die klas nie; toetse of vraestelle word nie terugbesorg nie; skrifte word nie ingehandig nie; slordige werk, vorms of afskeurstrokies word nie betyds ingehandig nie; laat vir skool of klas; benodigdhede vir projek ontbreek; versuim om nasorg te doen.

c) Swak samewerking in die klas: Voorbeelde, maar nie beperk tot: besig met ander dinge tydens klastyd; gesels op onvanpaste tye; skryfbehoeftes ontbreek; werkkaarte nie ingeplak nie; maak van geluide i.p.v. werk; terugpratery; ongeskiktheid; skree in klas; sing ongevraagd; pla ander leerders; loop sonder toestemming uit die klas; loop sonder toestemming in die klas rond; gooi voorwerpe in die klas; ontwrig onderrig en leer en/of groepsaktiwiteite of leergebeure.

d) Oneerlikheid: Voorbeelde, maar nie beperk tot: leuens (jok) vertel

e) Boelie-gedrag: Voorbeelde, maar nie beperk tot afknouerig; intimidasie; viktimisasie; skinderpraatjies; homophobia; opsetlike uitsluiting van maats uit `n groep; onverdraagsaamheid en minagting toon teenoor leerders wat as anders of vreemd beskou word, insluitende geslag, ras, kultuur en geloof; ander kinders spot of tart ander se menswaardigheid aantas, seksuele teistering; kuberboelie; ander vloek en skel; aanranding;

**3) Buite klasverband oortredings:**

a) Oortreding van algemene skoolreëls:
Voorbeelde, maar nie beperk tot: lawaai tydens wisseling of aantree; laat aantree by aantreeblok; hardloop op die stoepe of in klasse; oortree busreëls; bemors terrein en/of badkamers; verbreek skooldragreëls; speel of hardloop in die saal of met toerusting; betreding van ongeoorloofde plekke; eet in saal; gebruik van saal- en personeeltoilette sonder toestemming.

b) Gebrek aan respek vir mede-leerders:
Voorbeelde, maar nie beperk tot: bakleiery/konflik tussen maats; speelgedrag wat lei tot beserings.

c) Oneerlikheid:
Voorbeelde, maar nie beperk tot: leuens (jok) vertel. Weiering om homself/haarself te identifiseer of 'n vals naam gee.

d) Boelie-gedrag: Voorbeelde, maar nie beperk tot afknouerig; intimidasie; viktimisasie; skinderpraatjies; homophobia; opsetlike uitsluiting van maats uit `n groep; onverdraagsaamheid en minagting toon teenoor leerders wat as anders of vreemd beskou word, insluitende geslag, ras, kultuur en geloof; ander kinders spot/tart; ander se menswaardigheid aantas, seksuele teistering; kuberboelie; ander vloek/skel; aanranding. Boelie is `n wêreldwye probleem en Suid-Afrika is beslis geen uitsondering nie. Volgens `n Unesco-verslag word bykans 250 miljoen kinders en jongmense jaarliks op `n globale skaal afgeknou. Navorsing toon dat boelies daarop uit is om sekere kinders te treiter/af te knou weens verskeie redes, soos verskille in etniese en kultuurgroepe, liggaamlike voorkoms, of seksuele of geslagsoriëntasie. Vanweë die ernstige aard moet Laerskool Garsfontein se boelie-/ kuberboelie beleid saamgelees word.

18.2.2 **Kategorie 2 – Oortredings**

Hierdie oortredings is van ‘n meer ernstiger aard. Dit moet in gedagte gehou word dat daar wel graadverskille t.o.v. ernstigheid bestaan.

a) Gebrek aan respek vir mede-leerders: Voorbeelde, maar nie beperk tot beskadiging van ander se eiendom; onbeskofte gedrag.
b) Onwelvoeglike/Immorele/Onsedelike gedrag: Voorbeelde, maar nie beperk tot: wys van tekens en bewegings met die liggaam en skel- en vloektaal, kru opmerkings en verbale boeliegedrag, urineer op die skoolterrein, ontbloting of die opsetlike ontbloting van ‘n ander.
c) Minagting van gesag: Voorbeelde, maar nie beperk tot: gehoorsaam nie opdragte van opvoeders en/of leiers nie.
d) Gebrek aan beheer oor temperament: Voorbeelde, maar nie beperk tot: woede-uitbarstings; ander leerders en opvoeders seermaak, ongevraagde opmerkings.
e) Benadeel die goeie naam van die skool: Voorbeelde, maar nie beperk tot: wangedrag tydens uitstappies of tydens sportbyeenkomste; verspreiding op sosiale media.
f) Oneerlikheid/Plagiaat: Voorbeelde, maar nie beperk tot: afskryf van skoolwerk en toetse; leuens vertel na toekenning van kategorie 1 versuim.
g) Boelie-gedrag: Voorbeelde, maar nie beperk tot: aanhou met onaanvaarbare en onaangename gedrag wanneer leerders aangespreek is om op te hou; afknouery wat aanhoudend plaasvind; aanhoudende onverdraagsaamheid en minagting toon teenoor leerders wat as anders of vreemd beskou word, insluitende geslag, ras, kultuur en geloof; gereeld ander kinders spot of tart; aggressiewe en wrede speletjies speel; diere seermaak. Boelie is `n wêreldwye probleem en Suid-Afrika is beslis geen uitsondering nie. Volgens `n Unesco-verslag word bykans 250 miljoen kinders en jongmense jaarliks op `n globale skaal afgeknou. Navorsing toon dat boelies daarop uit is om sekere kinders te treiter en af te knou weens verskeie redes, soos verskille in etniese en kultuurgroepe, liggaamlike voorkoms, of seksuele of geslagsoriëntasie.Vanweë die ernstige aard moet Laerskool Garsfontein se boelie-/kuberboelie beleid saamgelees word.

18.2.3 **Kategorie 3 – oortedings**

By kategorie 3 oortredings word die erns van die oortreding in ag geneem en die erns daarvan sal bepaal word deur die opvoeders/skoolhoof/ dissiplinehoof. Alle omstandighede van die oortreding sal in ag geneem word om te bepaal of dit ‘n kategorie 3 of 4 oortreding is.

a) Onaanvaarbare gedrag teenoor ander persone: Voorbeelde, maar nie beperk tot: minder ernstige oortredings van aanranding; aantasting van ander se privaatheid (emosioneel en fisies); aggressiewe gedrag; naamskending
b) Onwelvoeglike/Immorele/Onsedelike gedrag: Voorbeelde, maar nie beperk tot: onwelvoeglike taalgebruik (Vloek van ander, bv. die personeel, besoekers, terreinwerkers, mede-leerders ens., vuilpraatjies, urineer op skoolterrein, onwelvoeglike korrespondensie (nie ouderdomsgepaste boodskappe en/of briewe), rassisme, sekskletse, ontbloting van ‘n ander of self.
c) Oneerlikheid: Voorbeelde, maar nie beperk tot: afskryf in toetse na toekenning van kategorie 2 versuim; afskryf in eksamen; leuens vertel na toekenning van kategorie 2 versuim.
d) Diefstal/Neem en gebruik van ander se eiendom sonder toestemming:
e) Afwesig sonder toestemming Voorbeelde, maar nie beperk tot: doelbewuste afwesigheid (bank) tydens skoolure/aktiwiteite en/of stokkiesdraai.
f) Gebrek aan respek vir eiendom: Voorbeelde, maar nie beperk tot: beskadig skooleiendom; privaat eiendom; plante; bus; diere; vandalisme; kwaadwillige en opsetlike beskadiging van ‘n ander se eiendom.

g) Optrede wat ander persone en/of self in gevaar stel: Voorbeelde, maar nie beperk tot: afgooi van voorwerpe vanaf hoër verdiepings; gevaarlike speletjies; skiet en gooi met voorwerpe binne en buite klasverband

h) Boelie-gedrag: Voorbeelde, maar nie beperk tot: aanhoudende onverdraagsaamheid en minagting toon teenoor leerders wat as anders of vreemd beskou word, insluitende geslag, ras, kultuur en geloof, selfs na toekenning van kategorie 2 versuim; deurlopend ander kinders spot of tart na toekenning van kategorie 2 versuim; deurlopende aggressiewe en wrede speletjies, fisies en emosioneel, speel na toekenning van `n kategorie 2 versuim; aanhoudend diere seermaak na toekenning van `n kategorie 2 versuim; teistering, insluitende emosioneel, fisies en kuber. Boelie is `n wêreldwye probleem en Suid-Afrika is beslis geen uitsondering nie. Volgens `n Unesco-verslag word bykans 250 miljoen kinders en jongmense jaarliks op `n globale skaal afgeknou. Navorsing toon dat boelies daarop uit is om sekere kinders te treiter en af te knou weens verskeie redes, soos verskille in etniese en kultuurgroepe, liggaamlike voorkoms, of seksuele of geslagsoriëntasie.Vanweë die ernstige aard moet Laerskool Garsfontein se boelie-/kuberboelie beleid saamgelees word.

18.2.4 **Kategorie 4 – oortredings**

‘n Kategorie 4 oortreding is van ‘n baie ernstiger aard as die kategorie 3 oortreding. By ‘n kategorie 4 oortreding word die erns van die oortreding in ag geneem en die erns daarvan sal deur die opvoeders bepaal word of dit ‘n kategorie 3 of 4 oortreding is. Gedrag van so ‘n aard dat dit tot skorsing kan lei.

a) Onaanvaarbare gedrag van ‘n meer ernstige aard: Voorbeelde, maar nie beperk tot: ernstige oortredings van aanranding; aantasting van ander se privaatheid (fisies en emosioneel) na toekenning van kategorie 3 versuim en `n interne dissiplinêre verhoor; aggressiewe gedrag na toekenning van kategorie 3 versuim en `n interne dissiplinêre verhoor; enige vorm van betasting en seksuele wangedrag.

b) Onwelvoeglike/Immorele/Onsedelike gedrag: Voorbeelde, maar nie beperk tot: besit en/óf gebruik of verspreiding van pornografie/erotiese materiaal, sekskletse, enige dwelms, medikasie, sintetiese dwelms, alkoholiese drank, tabakprodukte, elektroniese sigarette (“vapers”), (besit van sigarette/aanstekers- elektroniese toestelle en hervullingsprodukte); onwelvoeglike taalgebruik (Vloek van ander bv. die personeel, besoekers, terreinwerkers, mede-leerders ens.) na toekenning van kategorie 3 versuim en `n interne dissiplinêre verhoor; vuilpraatjies na toekenning van kategorie 3 versuim en `n interne dissiplinêre verhoor; urineer op skoolterrein na toekenning van kategorie 3 versuim en `n interne dissiplinêre verhoor, onwelvoeglike korrespondensie na toekenning van kategorie 3 versuim en `n interne dissiplinêre verhoor; rassisme na toekenning van kategorie 3 versuim en `n interne dissiplinêre verhoor; onsedelike optrede en satanisme

c) Oneerlikheid: Voorbeelde, maar nie beperk tot: afskryf in toetse na toekenning van kategorie 3 versuim en `n interne dissiplinêre verhoor; afskryf in eksamen; leuens vertel na toekenning van kategorie 3 versuim en `n interne dissiplinêre verhoor. Vals identifisering.

d) Diefstal/neem en gebruik van ander se eiendom sonder toestemming:

e) Gebrek aan respek vir eiendom: Voorbeelde, maar nie beperk tot: beskadig skooleiendom na toekenning van kategorie 3 versuim en `n interne dissiplinêre verhoor.; privaateiendom; plante/bus/diere na toekenning van kategorie 3 versuim en `n interne dissiplinêre verhoor; vandalisme na toekenning van kategorie 3 versuim en `n interne dissiplinêre verhoor.

f) Optrede/Aksies wat ander persone en/of self in gevaar stel: Voorbeelde, maar nie beperk tot: afgooi van voorwerpe vanaf hoër verdiepings na toekenning van kategorie 3 versuim en `n interne dissiplinêre verhoor; rondgooi van voorwerpe binne/buite

klasverband gevaarlike speletjies; skiet/gooi met voorwerpe na toekenning van kategorie 3 versuim en `n interne dissiplinêre verhoor; besit, dreig en/of gebruik van gevaarlike voorwerpe bv. messe, knuckle dusters, skerp voorwerpe. Stomp voorwerpe, klippe ens.,

g) Verlaat skoolterrein sonder toestemming: Voorbeelde, maar nie beperk tot: klim oor heining, stokkiesdraai; versuim om klasse by te woon; "bank" van klasse.

h) Boelie-gedrag: Voorbeelde, maar nie beperk tot: aanhoudende onverdraagsaamheid en minagting toon teenoor leerders wat as anders of vreemd beskou word, insluitende geslag, ras, kultuur en geloof, selfs na toekenning van kategorie 3 versuim en `n interne dissiplinêre verhoor; deurlopend ander kinders spot/tart na toekenning van kategorie 3 versuim en `n dissiplinêre verhoor; deurlopende aggressiewe en wrede speletjies, fisies en emosioneel, speel na toekenning van `n kategorie 3 versuim en `n dissiplinêre verhoor; aanhoudend diere seermaak na toekenning van `n kategorie 3 versuim en `n interne dissiplinêre verhoor; teistering, insluitende emosioneel, fisies en kuber na toekenning van `n kategorie 3 versuim en `n interne dissiplinêre verhoor. Enige vorm van seksuele teistering. Boelie is `n wêreldwye probleem en Suid-Afrika is beslis geen uitsondering nie. Volgens `n Unesco-verslag word bykans 250 miljoen kinders en jongmense jaarliks op `n globale skaal afgeknou. Navorsing toon dat boelies daarop uit is om sekere kinders te treiter en af te knou weens verskeie redes, soos verskille in etniese en kultuurgroepe, liggaamlike voorkoms, of seksuele of geslagsoriëntasie. Vanweë die ernstige aard moet Laerskool Garsfontein se boelie-/kuberboelie beleid saamgelees word.

i) Verkragting, molestasie en moord: Onmiddelike aanmelding aan SAPS en skorsing in afwagting van 'n eksterne dissiplinêre verhoor.

18.2.5 Kategorieë **van wangedrag/oortredings en sanksies** - benewens bogenoemde, kan die skool die volgende sanksies toepas op oortredings en negatiewe inskrywings en debietpunte teen 'n leerder se gedragsrekord maak:

**Kategorie 1 oortredings**: **(-1)**

| OORTREDING | OORTREDING | OORTREDING |
|---|---|---|
| **Akademiese Versuim:**<br>-Handboek/skrif nie by skool<br>-Huiswerk nie gedoen<br>-Toetse nie geteken | Afskryf van huiswerk (lener ook)<br>Plagiaat | Laatkom vir skool/klas |
| Eet / kou / drink tydens kontaktyd / saalbyeenkoms / in die klaskamer | Kougom kou, in hare plak van ander ens | Spoeg |
| Rommelstrooi | Disrespek vir die Volkslied / skoollied / gewyde liedere | Wegsteek van ander se eiendom |
| Wangedrag tydens saal / byeenkomste | Wangedrag tydens detensie | Versuim om detensie by te woon |
| Oortree algemene klasreëls (verwys na Algemene reëls) | Rondlopery by snoepie (buiten pouses), verbode | Verlaat klas,opening, skoolaktiwiteit sonder toestemming |

| OORTREDING | OORTREDING | OORTREDING |
|---|---|---|
| Spesifiseer by “opmerking” | gebiede (sonder toestemming) | |
| Swak sportmangees tydens sport as toeskouer / speler | Afwesigheid van buitemuurse aktiwiteit / sportoefening/ kulruuraktiwiteit sonder geldige verskoning | Swak gedrag (opening, saal, hoof, gasspreker, ander skole) |
| Fisiese / geestelike boelie, intimidasie, afknouery, teistering (insluitend Kuberboelie) | Leuens vertel en gerugte versprei of saam te sweer om dit te doen | Swak taalgebruik/vloek op stoepe en skoolterrein |
| Afwyking van voorgeskrewe skooldrag: Hemp wat uithang, hare, en ander reëls bv dra van juwele, naelpolitoer, grimering | Gebruik van onvanpaste materiaal om boeke / lêers oor te trek | Selfoon is aan en/of word gebruik tydens klas-/skooltyd. |
| Klasontwrigting (verwys hier na suiwer lastigheid en nie na ander strafbare oortredings soos bv. arrogansie, onbeskoftheid ens. nie). | Ongehoorsaam: Ignoreer opdrag / praat tussenin | |

**Kategorie 2 Oortredings (-2)**

| OORTREDING | OORTREDING | OORTREDING |
|---|---|---|
| Grafitti van ‘n minder erntige aard | Vandalisme | Beskadiging van ander se eiendom na gebruik sonder toestemming |
| Wangedrag op die bus / skoolvervoermiddel | Misloop van buitemuurse aktiwiteite waar leerder deel was van span | Besit of gebruik van klappers, vuurwerke |
| Gooi ander leerders met voorwerpe | Gevaarlike speletjies insluitende balspele en ander gevaarlike voorwerpe | Besit van verbode voorwerp |
| Hantering van / gebruik van / onregmatige besit neem van ander persone se eiendom sonder hulle toestemming | Peuter aan skool se veiligheids-toerusting (kameras, brandblussers) | Stokkiesdraaiery: 1 periode<br>Stokkiesdraaiery: verlaat skool<br>Stokkiesdarraiery nie by skool |
| Bedrog: verandering / teken / voorbereiding van dokumentasie / briewe namens ander persone / ouers | Afknouerig / spot / boelie / baklei | Openbare wanonderlikheid en onwelvoeglike gedrag - binne en buite skool (minder ernstig)<br>**Ernstiger voorvalle** |

| OORTREDING | OORTREDING | OORTREDING |
|---|---|---|
| Intimidasie van leerders om hulle te beseer of verbaal te boelie | Disrespek / ongeskik / opstandig teenoor onderwyser | Bakleiery: verbale argumente, beledigings, aanranding, intimidasie |
| Leuens, vloektaal, swak taal gebruik teenoor ander leerders en opvoeders / onwaarhede / skinderstories en/of gerugte versprei. | Oneerlikheid, poging tot oneerlikheid in enige assesseringsessie. Dit is kommunikasie (verbaal of nie-verbaal, skriftelik) | **Herhalend:** Swak / steurende / ontwrigtende gedrag (tydens les) in klas, saal en op die terrein |
| Selfoongebruik / elektroniese toerusting / smartwatches en "trackers" tydens klas of assesseringsessies | Oortreding van die sosiale media beleid | Neem van foto's / bakleiery, ens (op selfone, ens) en/of versprei dit |

**Kategorie 3 Oortredings (-3)**

| Oortreding | Oortreding | Oortreding |
|---|---|---|
| Besit van wapens / gevaarlike voorwerpe wat tot besering van andere kan lei. | Steek ander leerder met 'n passer, kopspelde en ander skerp voorwerpe | Dobbel aktiwiteite en handeldryf met ander leerders. |
| Argument met 'n Skeidsregter / bakleiery tydens 'n sport aktiwiteit | Verhindering van opvoeders se reg om hulle werk te doen en van leerders om onderrig te kry | Gedrag wat skool se naam in dispuut en in oneer bring |
| Mors in kleedkamers / klas en op die terrein | Toon van onaanvaarbare toegeneentheid / liefde teenoor ander persoon bv soen, hand vashou, omhels ens | Moedswillige en herhaalde oortreding van vlak 2 oortredings |
| Minagting van sanksie / versuim om sanksie na te kom | Woon nie Intervensieprogram / gedragsontwikkelings-program by soos opgedra deur die skool by nie. | Rassisme / Aantasting van 'n ander se menswaardigheid / Xenofobie |
| Betree skoolterrein onder invloed van alkohol of dwelmmiddels / ander middels | Aanranding van enige aard insluitend met doel om ernstig te beseer | Openbare onsedelikheid / immorele gedrag |
| Besit, vertoon, duplisering van pornografiese materiaal van enige aard | Onbetaamlike / immorele / onsedelike gedrag soos ontbloting, urineer op die terrein, aftrek van 'n ander se kleding-stukke | |

**Kategorie 4 oortredings**

| Oortreding | Oortreding | Oortreding |
|---|---|---|
| Besit van wapens / gevaarlike voorwerpe wat tot ernstige besering en/of selfs dood van andere kan lei. | Meer as -20 negatiewe debietgedragspunte | Boeliegedrag / Intimidasie / Teistering |
| Onwettige toegang verkry tot a skoolgebou of ander skoolstruktuur (Inbraak) | Bende aktiwiteite / Soortgelyke gedrag as bende gedrag | Diefstal, inbraak, betreding van skoolterrein sonder [wettige] toestemming. |
| In besit van 'n ander se eiendom sonder sy of haar medewete of toestemming of enige poging om 'n ander se besitting(s)/eiendom sonder sy/haar medewete en/of toestemming te verwyder en/of te neem, dit van die hand probeer sit en/of verkoop of aan 'n ander gee sonder die eienaar se medewete en/of toestemming. | Rook sigarette / e-sigarette / hubbly, ens<br>Rook in straat / skoolaktiwiteite / ander skole<br>Rook in skooluniform in die openbaar of waar leerder as 'n leerder van die skool geïdentifiseer word.<br>Toeskouer by rook.<br>Gebruik van "vapers"/elektroniese siagrette/voorwerpe | Besit van, gebruik van of onder invloed wees van alkohol of enige bedwelmende middels/ander onwettige middels/medisyne/sinteties e dwelmmiddels<br>Negatiewe uitslag van 'n dwelmmiddeltoets.<br>Weiering om 'n dwelmmiddeltoets te ondergaan. |
| Speel van obsene, beledigende of vernederende speletjies soos ("spin die bottle en ander soortgelyke speletjies) | Kwaadwillige saakbeskadiging van die skool, opvoeders en leerders se eiendom / vandalisme | Weiering van 'n leerder om homself/haarself te identifiseer of 'n vals naam en ander inligting verskaf |
| Sekskletse stuur, aanvra, ontvang aanstuur, in besit wees daarvan, besigtig op enige sosiale platform, webwerf of deur middel van enige elektroniese toestel en skootrekenaar en ander rekenaar.<br><br>Besit/verspreiding/vervaardiging van pornografie/ander immorele/obsene materiaal deur middel van enige elektroniese toepassing ("Apps") en op enige sosiale platvorms/elektroniese kommunikasie toestelle/rekenaars/gedrukte materiaal enige | Seksuele oortredings/ Immorele/Afkeurenswaardige/onvanpaste gedrag (ongevraagde en ongeoorloofde betasting, aanraking, toenadering, voorstelle,teistering, vryery, seks, innuendos, gebare, bewegings met enige liggaamsdeel of enige beskrywende kommentaar/voorstel/enige poging om ongevraagde aanraking te pleeg of voorstelle te maak) ongeoorloofde toenadering, aftrek van kledingstukke, oplig van kledingstukke in die openbaar deur leerders self of deur ander leerders, | Baklei (fisiese geweld en aanranding en doelbewuste beserings veroorsaak)<br><br>Gedrag wat 'n gevaar/bedreiging vir ander se veiligheid en welsyn inhou (By die skool.Tydens enige skoolaktiwiteit/ Skoolfondsinsamelingsaktiwiteit of enige ander aktiwiteit wat verband hou met die skool of waar enige ander leerder van die skool betrokke is of waar die oortreder as 'n leerder van die skool geïdentifiseer kan word op enige wyse en/of deur enige ander persoon) |

| Oortreding | Oortreding | Oortreding |
|---|---|---|
| videos/CDs/nota's/prente/illustrasie/foto's/ Simbole/epos/whatsapp/SMS/MMS/klank-opname/afbeelding van enige ligaamlike deel/tatoeermerk/gebaar/ligaamlike beweging/teksboodskap/voorwerp/tekenprente/ strokiesprente en/of of ander leerders toegang daartoe gee of hulle wys hoe om toegang daartoe te verkry. | ongevraagd, met opset en/of moedswillig of ander aanhits om dit te doen.<br>Enige selfoonopnames/foto's/klank/skakels. | |
| Enige oortreding strafbaar onder gemenereg/kriminele reg | Kuberboelie/Teistering op sosiale elektroniese platforms | Godslastering/Satanisme/" Toordery"/Dreigemente van "toordery" |
| Boelie, teistering en/of intimidasie van enige aard insluitend seksueel, emosioneel, aantasting van menswaardigheid | Vloek van opvoeders en ander persone/kru taal en opstandigheid/ halstarrigheid/opstandigheid/opsetlike gedrag om dit te pleeg. | Vandalisme/Brandstigting/ Kwaadwillige beskadiging van eiendom |
| Herhaaldelike oortredings van Kategorie 1 tot 3 oortredings ten spyte van ander sanksies en Skedule 1 oortredings soos omskryf in die Gauteng Provinsiale Regulasies asook Omsendbrief 74/2007 van die GDO | Oneerlikheid (willens, opsetlike of voorgenome). Kullery in eksamens en/of toetse, verandering van uitslae, rapporte.<br>In besit wees van of verspreiding van eksamenmateriaal, kripnota's ens. | Weiering om aan 'n ondersoek onderwerp te word deur die hoof/'n persoon wat deur die hoof skriftelik daartoe gemagtig is.<br><br>Oortreding van die skool se veiligheids-maatreëls. |
| Herhaaldelike oortredings waarvan oneerlikheid 'n element is. | Diskriminasie, haatspraak, rassisme | Herhalende weiering om wettige opdragte te gehoorsaam na te kom. |
| Gevaarlike speletjies of fisiese aanranding Slaan mekaar gooi mekaar met voorwerpe wat leerders aan beserings en leed blootstel of wat daartoe lei. | Gebruik van onnodige krag tyden sport of ander speletjies of gedurende sport aktiwiteite/vuil/ongeoorloofde spel | Dade en/of gedrag wat daartoe kan lei of die [opsetlike] intensie het om 'n geweldadige/opruiende/dreigende skoolomgewing /toestand kan lei of gelei het.<br><br>Opsetlike ontwrigting van enige skoolaktiwiteit. |
| [Opsetlike] dade [sabotasie of opsetlike beskadiging van eiendom] of gedrag wat skoolaktiwiteite ontwrig veral | | Enige ander wangedrag wat so ernstig beskou word |

| Oortreding | Oortreding | Oortreding |
|---|---|---|
| waar leerders van ander skole betrokke raak of geprovokeer word en die skool se goeie naam in disrispuut en oneer bring.<br><br>Onwettige besetting sonder toestemming van enige skool eiendom (insluitende enige skoolvervoermiddel) wat die effek het dat enige leerder/opvoeder/ouer/enige lid van die SAPD/enige ander persoon betrokke by die skool nie die fasiliteit mag betree of daarvan gebruik kan of mag maak nie. Die voorkoming van ander om byeenkomste van die skool by te woon wat dit moet doen of mag doen.<br><br>Die blokkering of toemaak van enige toegangspunt/uitgangspunt/toegang tot enige skoollokaal of plek van samekoms met die intensie of effek om anders se reg om toegang/uitgang te verhoed.<br><br>Sameswering met ander en/of die aanmoediging van ander leerdrs om die skool sonder wettige toestemming te verlaat [bv massabank] of enige skoolaktiwiteit/opvoeding te ontwrig op enige wyse en/of enige ander leerder/groep leerders aan te rand en/of hulle waardigheid op enige wyse aan te tas.<br><br>Die ondersteuning van enige werknemer van die skool waarby enige arbeidsaangeleentheid betrokke is op enige wyse om enige skoolaktiwiteit/opvoeding te ontwrig en die plaasvind daarvan op enige wyse te verhoed. | | en wat tot uitsetting kan lei as 'n eerste oortreding wat meer as net berading, mondelinge/skriftelike waarskuwing behels. |

## 19. KATEGORIEË VAN AANPRYSING

| 1 Kategorie – 2 Punte | 2 Kategorie – 3 Punte | 3 Kategorie – 4 Punte |
|---|---|---|
| Goeie maniere / voorbeeldige gedrag | Respek teenoor: ouer mense / gaste / onderwysers / leiers | Handig waardevolle / verlore goedere in |
| Hulpvaardigheid | Besondere verantwoordelikheidsin | Uitdra van skool se naam |
| Eerlikheid | Volgehoue goeie gedrag en voorlewing | 100% skoolbesoek / kwartaal |
| Selfdissipline | Geen negatiewe inskrywings / kwartaal | Uitwys van vandalisme / diefstal |
| Buitengewone positiewe ingesteldheid teenoor akademie | | |
| Sin vir netheid: op self / werk / omgewing | | |
| Pligsgetrou: klas / sport / kultuur | | |

| | | |
|---|---|---|
| Klastoetse / vraestelle geteken | | |
| Skryfbehoeftes: opgepas / volledig (GSF) | | |

## 20. PROSEDURES TEN OPSIGTE VAN OORTREDINGS

Slegs onderrigpersoneel mag versuime toeken. Kleurbriewe word voltooi, na die graadhoof, dissipinehoof en skoolhoof gestuur (na gelang van die vlak van oortreding). Die graadhoof lees die punte op Principal Primary in. Sms'e word 2/3 maal 'n week na ouers uitgestuur. Vir elke -5 word detensie gesit. Op -10 word ouers telefonies verwittig van debietpunte deur die dissiplinehoof. Op -15 vind gesprekvoering (informele dissiplinêre verhoor) plaas met ouers deur die skoolhoof en dissiplinehoof. Op -20 volg 'n dissiplinêre verhoor.

### 20.1 Kategorie 1

1) Deur dienspersoneel, -voog en/of klaspersoneel toegeken.
2) 1 – 4 versuime: Kleurbrief (geel) word voltooi. Sms'e word gestuur na ouers. Vir elke 5 versuime ontvang ouers 'n detensiebrief met 'n skeurstrokie.

### 20.2 Kategorie 2

1) Deur dienspersoneel, -voog en/of klaspersoneel toegeken in oorleg met die graadhoof/dissiplinehoof
2) Nodige ondersoek behels onderhoud met leerder/s of ouers of betrokke personeellede en graadhoof
3) Ouers moet gekontak word vir kennisname van toekenning van versuim via epos, SMS of telefonies.

### 20.3 Kategorie 3

1) \`n Interne dissiplinêre verhoor is \`n administratiewe proses en nie \`n regs-proses nie.
2) Deur dienspersoneel, -voog en/of klaspersoneel toegeken in oorleg met die dissiplinehoof/skoolhoof
3) Brief/telefonies/SMS aan ouers asook interne dissiplinêre verhoor wat deur die Dissiplinehoof gehanteer word.
4) Interne dissipline komitee besluit op moontlike sanksies of alternatiewelik verwys na beheerliggaam.
5) Ondersoek deur dienspersoneel, -voog en/of klaspersoneel wat versuim toegeken het.
6) Interne dissiplinêre verhoor.
7) Verslag van dissiplinêre verhoor word op leerder se profiel geplaas vir minimum van 6 maande tot en met die vervaldatum.

### 20.4 Kategorie 4

1) \`n Eksterne dissiplinêre verhoor is \`n administratiewe proses en nie \`n regs-proses nie.
2) Deur Skoolbestuurspanlid (SBS) aanbeveel en toegeken deur die Skoolhoof of dissiplinehoof.
3) Ondersoek deur skoolhoof/dissiplinehoof
4) Verwys bewyse na aangewyste dissipline komitee.
5) Brief aan ouers asook telefoniese kontak rakende eksterne dissiplinêre verhoor deur die aanklaer.
6) Eksterne dissiplinêre verhoor wat behartig word deur die Voorsittende beampte van die aangewyste dissipline komitee.

7) Dissipline komitee verhoor saak ingevolge neergelegde prosedures en besluit op moontlike sanksies, insluitend skorsing wat skriftelik aan die aangeklaagde leerder en sy ouer/voog deurgegee moet word.
8) Notule en bevinding van dissiplinêre verhoor word permanent op leerder se profiel geplaas.

## 21. DIE ONDERSOEK, TOEKENNING EN HANTERING VAN OORTREDINGS EN VERSUIME

1) Algemene oortredings, insluitende kategorie 1 en 2 word hanteer deur dienspersoneel, - voog en/of klaspersoneel. Indien nie opgelos kan word nie, word dit verwys na die graadhoof. Indien graadhoof nie kan oplos nie, word dit verwys na die dissiplinehoof.
2) Kategorie 3 oortredings word verwys na die skoolhoof en dissiplinehoof vir hantering.
3) Kategorie 4 oortredings word verwys na skoolhoof/dissiplinehoof asook dissipline komitee en beheerliggaam.

## 22. WERKSWYSE VAN DIE WEEKLIKSE GEDRAGS- EN GESINDHEIDSREKORD

1) Is vir leerders wat meer as -10 debietpunte het vir **gedrag**
2) Graadhoof berei die weeklikse gedragsrekord van die leerder voor
3) Moet via die graadhoof en registeronderwyser aan die leerder gegee word
4) Ouers moet in kennis gestel word dat die leerder die weeklikse gedragsrekord gaan ontvang per skrywe, telefoniese gesprek of oueronderhoud. Ouers moet die gedragsrekord elke aand teken
5) Die tydperk strek van Maandag tot Maandag, op die tweede Maandag moet die vorige week se gedragsrekord ingehandig word by die dissiplinehoof deur die graadhoof. Die graadhoof moet eers die gedragsrekord onderteken en kennis dra van die leerder se gedrag
6) Die name van die leerders wat gedragsrekords ontvang, moet aan die dissiplinehoof en die leerderondersteunings-koōrdineerder deurgegee word
7) Die gedragsrekord word vir die duur van vier (4) weke gebruik, tensy anders gereël

## 23. MOONTLIKE DISSIPLINÊRE SANKSIES TEN OPSIGTE VAN OORTREDINGS

1) **Kategorie 1 (-1) Kyk kleurbrief - geel**
Die volgende sanksies geld vir ‘n kategorie 1 versuim: Meer net vir kennisname.
   a) SMS’e word na ouers gestuur
   b) Afhangend van die erns van die oortreding, word daar met ouers per SMS/epos/telefonies kontak gemaak deur die personeellid wat inskrywing gemaak het, of deur die graadhoof.

2) **Kategorie 2 (-2) Kyk kleurbrief - geel**
Die volgende sanksies geld vir `n kategorie 2 versuim:
   a) Soos Kategorie 1
   b) Dissiplinehoof kan betrek word

3) **Kategorie 3 (-3) Kyk kleurbrief - groen**
Die volgende sanksies geld vir `n kategorie 3 versuim:
   a) Enige van die strafmaatreëls in Kategorie 2 hier bo, waartoe die volgende bygevoeg kan word:
   b) In geval van die oortreding van die gedragskode deur skoolleiers: Saam met of as alternatief vir bogenoemde, skorsing van pligte vir ’n tydperk van een (1) week, of afdanking en permanente verwydering uit die leiersamp, of ’n ander leiersamp in die skool, verwydering van balkie; opskorting van deelname aan die jaarlikse Gr. 7 Opvoedkundige toer want sulke skoolaktiwiteite is ‘n voorreg en nie ‘n reg nie.

c) Verslag van interne dissiplinêre verhoor word op leerder se profiel geplaas vir `n minimum van 6 maande tot en met vervaldatum van sanksie.
d) Na afloop van 'n verhoor waarin enige leerder skuldig bevind is aan die oortreding van die bepalings van die gedragskode, kan die interne dissipline komitee sodanige leerder enige van bovermelde sanksies oplê.
e) Bogenoemde sanksies is 'n riglyn en kan slegs na gelang van omstandighede deur die dissipline komitee met inagneming van alle omstandighede gebasseer op die waarskynlikheidsbeginsel, bepaal word.

4) **Kategorie 4 (-4) Kyk kleurbrief - rooi**
Die volgende sanksies geld vir `n kategorie 4 versuim:
a) Enige van die sanksies in Kategorie 3 hierbo, waartoe die volgende bygevoeg kan word:
b) Voorkomende skorsing, die dissipline komitee kan, op redelike gronde en as 'n voorsorgmaatreël, 'n leerder wat vemoedelik ernstige wangedrag kategorie 4 gepleeg het vir tot sewe skooldae van skoolbywoning skors.
c) Enige Gr. 6 leerder met 'n kategorie 3 versuim, sal geen stemreg tydens die leiersverkiesing hê en/of mag nie verkies word tot die skool se leerlingraad nie.
d) In geval van die oortreding van die gedragskode deur lede van die Gr. 7-groep en skoolleiers: afdanking en permanente verwydering uit die Gr 7 leiersamp in die skool; opskorting van deelname aan die jaarlikse Gr 7 Opvoedkundige toer, want dis 'n vooreg en nie 'n reg nie.
e) Verslag van dissiplinêre verhoor word op leerder se profiel geplaas, word nie verwyder/verval nie.
f) Na afloop van 'n verhoor waarin enige leerder skuldig bevind is aan die oortreding van die bepalings van die gedragskode, kan die dissipline komitee sodanige leerder enige van bovermelde sanksies oplê, of die leerder skors, of aanbeveel by die beheerliggaam dat daar by die Gauteng se Departement van Onderwys aanbeveel word dat die leerder uit die skool uitgesit word.

## 24. DISSIPLINÊRE VERHOORPROSEDURE

`n Dissiplinêre verhoor is `n administratiewe proses en nie `n regsproses nie. Daar word onderskei tussen 'n interne (kategorie 3 oortredings) en 'n eksterne (kategorie 4 oortredings) dissiplinêre verhore. Die interne verhoor komitee word saamgestel deur die skoolhoof en dissiplinehoof en die eksterne verhoor komitee deur die beheerliggaam. Die proses stem ooreen en word op dieselfde beginsels bestuur. Alle beslissing word gebasseer op die waarskynlikheidsteorie en nie bo alle twyfel soos in 'n hofsaak nie. Die proses moet ook remediërend van aard wees en nie strafgerig wees nie.

1) **Voorlopige ondersoek**
a) Wanneer 'n leerder na bewering of **vermoedelik** 'n ernstige oortreding (kategorie 3 of 4) begaan het, kan die skoolhoof 'n ondersoekbeampte aanstel om die saak te ondersoek en bewyse in te samel van enige aard. Laasgenoemde sal die inligting aan die skoolhoof voorlê sodat die skoolhoof kan besluit of 'n interne of eksterne dissiplinêre verhoor nodig is. Gedurende hierdie proses moet die ondersoekbeampte die volgende persone raadpleeg; enige getuies, enige moontlike GKT bewyse, die klaer (dienspersoneel, -voog en/of klaspersoneel), die dissiplinehoof en die SBST Koördineerder en alles op skrif stel.

2) **Verhoor**

a) Die ondersoekbeampte stel 'n klagstaat op van die beweerde oortredings, en die ouers en aangeklaagde leerder ontvang skriftelik kennis van die beweerde klag en die plek, datum en tyd van die verhoor. Hierdie reëlings word in oorleg met die dissipline komitee getref.

b) Die kennisgewing moet genoegsame inligting bevat oor die datum, plek en aard van die beweerde oortreding.

c) Minstens **vyf** (5) skooldae moet tussen die oorhandiging van die kennisgewing en die verhoor verloop.

d) Die beheerliggaam stel die eksterne dissipline komitee aan. Die voorsitter van die komitee moet 'n lid van die beheerliggaam wees of 'n persoon wat kwalifiseer om 'n lid van die komitee te wees of 'n gekoöpteerde gemeeenskapslid van die BL. Die dissipline komitee sal die bevoegdheid hê om die dissiplinêre verhoor namens die beheerliggaam te behartig en af te handel, so volledig asof dit deur die beheerliggaam self gedoen is, en sal geregtig wees om alles te doen wat die beheerliggaam kragtens toepaslike wetgewing mag doen, wat insluit die oplegging en afdwinging van enige sanksies en die aanbeveling van uitsetting by die Gauteng Onderwys Departement insluit.

e) Hierdie oordrag van bevoegdheid belet egter nie die beheerliggaam om sodanige bevoegdhede self uit te oefen nie of 'n ander sanksie op te lê nie.

f) Die aangeklaagde leerder moet deur sy/haar ouer of 'n persoon wat deur die ouer aangewys word, bygestaan word. In geval van ernstige oortredings het die leerder die reg om aansoek te doen om deur 'n regsverteenwoordiger of ander persoon wat deur die ouer van die leerder aangewys word, verteenwoordig te word. Sodanige aansoek moet minstens vier skooldae voor die aanvang van die verhoor aan die voorsitter van die dissipline komitee gerig word. Geen ander persone behalwe bogenoemde mag die verhoor namens die aangeklaagde leerder bywoon nie.

g) Indien 'n aangeklaagde leerder regsverteenwoordiging het, kan die leerder die dissiplinêre prosedure verkort deur 'n pleit-en-vonnis-ooreenkoms met die voorsittende beampte sluit.

h) Benewens minderjarige leerders se reg om deur middel van tussengangers te getuig, soos dit in Artikel 8(7)–(9) van die Skolewet uiteengesit word, sal minderjarige leerders (hetsy as aangeklaagdes óf as getuies) ook geregtig wees om gedurende dissiplinêre verrigtinge deur hul ouers of 'n opvoeder van hul keuse bygestaan te word in locus parentis<u>. 'n Persoon wat 'n leerder bystaan, sal egter nie geregtig wees om enige vrae namens die leerder te beantwoord of die komitee toe te spreek nie. *Opmerking: die persoon wat 'n aangeklaagde leerder, of leerder wat getuig bystaan is daar in locus parentis en ook om die leerder se belange in gevolge Artikel 28(2) van die Grondwet te beskerm wat ook die plig is van die lede van die komitee.*</u>

i) Leerders (hetsy aangeklaagdes of getuies) wat by dissiplinêre verrigtinge betrokke is, sal ook geregtig wees op ondersteuning, advies en berading deur opvoeders wat vir daardie doel deur die skoolhoof/beheerliggaam aangewys is, met dien verstande dat sodanige opvoeder nie die leerder by die dissiplinêre verhoor mag bystaan tensy die ouer van die leerder die opvoeder daartoe magtig nie.

j) Indien die leerder en/of sy/haar ouers en/of verteenwoordiger ondanks behoorlike kennisgewing afwesig is, kan die verhoor in hul afwesigheid voortgaan en oor 'n gepaste sanksie besluit word, maar indien die leerder teenwoordig is en nie die ouer of verteenwoordiger nie, moet die verhoor vir ten minste 5 skooldae uitgestel word en die ouer vermaan word om by te woon. Indien albei afwesig is kan die verhoor in absentia aangaan.

k) Die verhoor moet billik en regverdig wees, en sal volgens die voorskrifte van die toepaslike provinsiale wetgewing en omsendbriewe geskied. Die aanklaer en die aangeklaagde leerder (of die aangeklaagde leerder se verteenwoordiger namens die aangeklaagde leerder, indien van toepassing) moet die geleentheid gegun word om hul saak te stel, kan vrae aan getuies stel, kan getuies roep, en kan dokumente wat op die saak betrekking het, ondersoek of voorlê en moet binne 5 dae die bevinding van die komitee op skrif ontvang.

l) Die lede van die dissipline komitee sal self ook geregtig wees om getuies te roep, bykomende getuies of getuienis aan te vra, vrae aan getuies te stel, stellings te maak of enige aspek verder te ondersoek of te laat ondersoek wat billikheid en regverdigheid kan bevorder of versoek dat die saak vir vyf skooldae uitgestel word vir verdere getuienis van die skool af.
m) Nadat die getuienis aangehoor is, neem die komitee ŉ besluit oor die aangeklaagde leerder se skuld of onskuld. Vir doeleindes hiervan, of vir doeleindes van ŉ beslissing oor enige geskil wat gedurende die verrigtinge ontstaan, sal die komitee geregtig wees om vir ŉ redelike tydperk te verdaag ten einde sy beslissing te oorweeg. Sodanige oorweging sal agter geslote deure geskied en slegs deur lede van die komitee bygewoon word.
n) Indien die aangeklaagde leerder skuldig bevind word, sal die aangeklaagde leerder en die aanklaer nóg ŉ geleentheid ontvang om getuienis aan te bied en/of vertoë te rig oor versagtende en verswarende omstandighede wat die komitee in ag moet neem ten einde ŉ gepaste sanksie op te lê. Ten einde ŉ gepaste sanksie te oorweeg, sal die komitee geregtig wees om weer vir ŉ redelike tydperk te verdaag. Sodanige oorweging sal ook agter geslote deure geskied en slegs deur lede van die komitee bygewoon word.
Versagtende en verswarende omstandighede kan egter ook tydens die verhoor aangehoor word en dan kan daar dan ook eers oor 'n sanksie besluit word wat op skrif moet wees.

3) **Bevinding en Sanksies**
a) In geval van ŉ skuldigbevinding moet die beslissing van die dissipline komitee, wat die opgelegde sanksie insluit, binne hoogtens vyf skooldae skriftelik aan die leerder en sy/haar ouers en die aanklaer oorgedra word.
b) Ondanks enige skuldigbevinding en sanksies wat deur die beheerliggaam opgelê word, kan enige belanghebbende enige oortreding van die gedragskode wat op ŉ strafregtelike oortreding kan neerkom, vir ondersoek na die Suid-Afrikaanse Polisiediens verwys. Dit beïnvloed egter nie die skool se dissiplinêre proses nie.

4) **Interne appèl**
a) ŉ Party wat ontevrede is met die uitslag van die dissiplinêre verrigtinge voor die skool/beheerliggaam se dissipline komitee, sal die reg hê om binne 5 skool dae nadat hy/sy die skriftelike uitslag ontvang het, skriftelik by die voorsitter van die beheerliggaam teen die proses, of die skuldigbevinding, of die opgelegde sanksies, of al drie prosesse,op die voorgeskrewe vorm te appelleer. Sien Aansoek om Appèl vorm E1.
b) Die kennisgewing van appèl moet die gronde vir die appèl duidelik uiteensit.
c) Binne 48 uur ná ontvangs van die kennisgewing van appél moet die voorsitter van die beheerliggaam ŉ appèlkomitee saamstel wat uit ŉ lid van die beheerliggaam as voorsitter, en minstens twee ander kundige persone bestaan. Die lede van die dissipline komitee wat die saak aangehoor het, mag nie in die appèlkomitee ook dien nie.
d) Die voorsitter van die beheerliggaam moet die kennisgewing van appèl aan die voorsitter van die appèlkomitee en die ander party in die verrigtinge voor die dissipline komitee oorhandig, en toesien dat die rekord van die dissiplinêre verrigtinge tot die appèlkomitee se beskikking gestel word.
e) Die ander party sal geregtig wees om binne 48 uur ná ontvangs van die kennisgewing van appèl in reaksie daarop vertoë aan die voorsitter van die appèlkomitee te rig.
f) Die appèlkomitee sal by oorweging van die appèl beperk wees tot ŉ oorweging van die rekord van die verrigtinge voor die dissipline komitee, die kennisgewing van appèl, en enige skriftelike vertoë wat die ander party voorlê.
g) Enige party wat verdere getuienis, wat nié deel uitmaak van die rekord van die verrigtinge voor die dissipline komitee nie, vir oorweging aan die appèlkomitee wil voorlê, moet skriftelik om toestemming by die voorsitter van die appèlkomitee aansoek doen. Sodanige getuienis moet nuwe feite wat nie voorheen aangehoor is nie, bevat. In geval van die appellant moet

sodanige aansoek in die kennisgewing van appèl vervat wees, en in geval van die ander party moet dit binne 48 uur ná oorhandiging van die kennisgewing van appèl geskied.

h) Die aansoek om nuwe getuienis voor te lê moet 'n volledige verduideliking bevat waarom die getuienis nie gedurende die dissiplinêre verrigtinge beskikbaar was of aangebied is nie, moet die aard van die getuienis uiteensit, en moet die tersaaklikheid van die getuienis vir die oorweging van die appèl uiteensit.

i) Die appèlkomitee moet binne sewe skooldae ná ontvangs van die kennisgewing van appèl sy besluit skriftelik aan die partye bekend maak.

j) Enige sanksies wat deur die dissipline komitee opgelê is, word opgeskort hangende die beslissing van die appèlkomitee.

k) Met die oorweging van die appèl kan die appèlkomitee:

  i. die beslissing van die dissipline komitee oor die skuldig- of onskuldigbevinding en/of sanksies ter syde stel of handhaaf;
  ii. 'n alternatiewe sanksie oplê (wat 'n swaarder straf kan insluit); en
  iii. enige ander beslissing gee wat die appèlkomitee in die omstandighede as billik of regverdig ag.

5) **Algemene bepalings**

Die beheerliggaam moet behoorlik van die dissiplinêre verrigtinge rekord hou. Vir hierdie doel kan die beheerliggaam 'n persoon aanwys om die verrigtinge te notuleer of elektronies op te neem. Sodanige persoon sal nie deel uitmaak van die komitee nie.

## 25. DIE GRIEWE PROSEDURE VAN DIE SKOOL

25.1 Die opvoedingsproses in die skool is gebaseer op die gemeenskaplike samewerking van leerders, ouers, opvoeders en die personeel van die skool. Dit gebeur van tyd tot tyd dat klagtes, argumente en meningsverskille tussen leerders en hulle mede-leerders asook tussen leerders en opvoeders of personeel van die skool mag ontstaan.

25.2 In die belang van die bevordering van 'n goeie leeromgewing en 'n positiewe en vriendelike opvoedingsproses sal griewe volgens die volgende riglyne hanteer word:

1) Omdat die skool 'n etos en waardestelsel soos omskryf in die Grondwet van die land voorstaan, sal die partye wat 'n grief het, dit sover as moontlik openlik en eerlik aan mekaar stel in die teenwoordigheid van die skoolhoof/dissiplinehoof. Eerder as om op 'n enkele siening te konsentreer, moet elke poging aangewend word om beide partye se standpunt te verstaan en te respekteer. Kommunikasie tussen partye sal die vinnigste oplossing bied.
2) Indien die probleem nie tot die bevrediging van albei partye opgelos kan word nie, moet die geval onder die aandag van 'n opvoeder wat vir albei partye aanvaarbaar is, gebring word. Indien dit ook nie slaag nie moet die skoolhoof/dissiplinehoof as bemiddelaar optree. Die skoolhoof/dissiplinehoof moet poog om die saak tot bevrediging van albei partye te skik. Indien dit nie die gewenste uitwerking het nie, moet dit na die beheerliggaam vir finale beslissing verwys word. In die proses moet ouers betrek word, maar ouers moet versoek word om die proses so kalm en pragmaties as moontlik te benader. Ouers moet ook net betrek word indien die skoolhoof/dissiplinehoof dit nodig mag ag.
3) In die finale verwysing na die beheerliggaam sal die beheerliggaam 'n bemiddelaar aanwys wat of 'n opvoeder of 'n ouerlid van die beheerliggaam kan wees om versoening tussen die partye te bewerkstellig. Die bemiddelaar sal al die partye in 'n gesprek betrek en ook die reg voorbehou om ander buite persone te betrek in die proses.
4) Die SBL kan ook die saak na 'n Dispuutbeslegtigingskomitee verwys vir finale arbitrasie en 'n beslissing.
5) Dit is belangrik om te alle tye 'n atmosfeer van wedersydse respek, vertroue en 'n ope kommunikasie styl te bevorder in die belang van leerders se opvoeding. Die proses van

vergewing en genade moet bevorder word by albei partye in ‘n grieweproses.
6) Leerders en ander persone se regte moet te alle tye eerbiedig en bevorder word.
7) Dissiplinêre optrede is ook nie uitgesluit van die proses indien dit nodig mag blyk nie.

## 26. ADMINISTRATIEWE PROSEDURES EN REëLINGS

26.1 Bewaring, en bekendstelling van die beleid:

1) Een afskrif van die gedragskode moet te alle tye by die kantoor beskikbaar wees waar dit ter insae aan leerders, opvoeders en ouers beskikbaar gestel kan word
2) Die oorspronklike kopie wat deur die voorsitter onderteken is moet in die skoolhoof se kantoor bewaar word en 'n gewaarmerkte afskrifte in die dissiplinehoof se kantoor.
3) Die gedragskode word ook op die skool se webwerf, in pdf-formaat gelaai.

## 27. HERSIENING EN WYSIGING VAN DIE BELEID:

1) Die gedragskode moet ten minste elke jaar hersien word om vir veranderende omstandighede in die skoolopset voorsiening te maak.
2) Indien die beheerliggaam enige voorgestelde wysigings het kan dit net geskied met 'n tweederde meerderheid tydens 'n vergadering van die Beheerliggaam.
3) Kennisgewing van enige wysigings moet ten minste 5 werksdae voor ’n vergadering gegee word aan al die lede van die beheerliggaam.
4) Nadat die wysigings goedgekeur is moet kennis van sodanige wysigings aan die opvoeders, personeel en ouers/voogde van leerders, en leerders van die skool deurgegee word en die genoemde persone het die reg om appél aan te teken teen die wysigings.
5) Die beheerliggaam moet redes aan die persoon wat appél aanteken verskaf, indien dit nie slaag nie.
6) Wysigings en hersiening van die gedragskode kan ook tydens ‘n algemene jaarvergadering of buitengewone vergadering plaasvind mits kennis van sodanige voorstel binne die voorgeskrewe kennisgewingstydperk van 30 kalender dae ontvang is.

## 28. KORT TITEL VAN DIE BELEID

28.1 Die beleid sal bekend staan as die Gedragskode van Laerskool Garsfontein.

## 29. GOEDKEURING VAN DIE GEDRAGSKODE

In terme van Artikels 8 en 9 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996), bepaal die Skoolbeheerliggaam hiermee dat die ondergenoemde datum die dag is waarop die bepaalde beleid in werking tree.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Aanbeveel deur:<br>CC Snyman<br>(Skoolhoof)** | | **Handtekening** | |
| **Datum:** | | | |
| **Aanbeveel deur:<br>E Venter<br>(SBL-Voorsitter)** | | **Handtekening** | |
| **Datum:** | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Geverifieer GDO:**<br><br>**(Distrik Direkteur)** | | **Handtekening** | |
| **Datum van verifikasie** | | | |

## Bylaag A

**Leerderonderneming:**

**Leerderonderneming**

Ek verbind my plegtig tot die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, en ek onderneem om die reg en die regstelsel te respekteer, te onderhou en te bevorder.

Ek verbind my daartoe om:

- die gedragskode, erekode en al die reëls en regulasies van Laerskool Garsfontein getrou na te kom;
- hoë morele en etiese standaarde te handhaaf;
- daarna te streef dat my optrede altyd verantwoordelik en ter bevordering van die skool se goeie naam sal wees;
- my skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding te doen; en
- die nodige hoflikheid en respek teenoor alle personeel, mede-leerders en besoekers te betoon.

Ek, ____________________________, in Gr _______ aanvaar Laerskool Garsfontein se gedragskode/dissipline-/boeliebeleid soos op die skool se webwerf gelees in geheel, en onderneem om dit na die beste van my vermoë na te kom. Ek onderwerp my aan enige dissiplinêre maatreël (wat skorsing insluit) indien ek sou versuim om enige bepaling of maatreël in die skool se gedragskode na te kom soos neergelê deur die skoolbeheerliggaam.

Ek erken hiermee dat ek die gedragskode gelees en verstaan het. In teenwoordigheid van __________________ ____________________in die hoedanigheid as moeder/vader/voog vir 'n minderjarige leerder (skrap nie van toepassing nie).

_______________________ _________________ _________________

Handtekening: Leerder Datum Plek

_______________________ _________________ _________________

Handtekening: Ouer/voog Datum Plek

## Bylaag B

**LAERSKOOL GARSFONTEIN**
**EREKODE**

**Eerlikheid**
‘n Garsie is eerlik in sy omgang met ander se besittings. Ek sal altyd eerlik wees in my skoolwerk deur altyd my eie werk te lewer. Ek sal ook eerlik wees in my bedoelings met my maats.

**Geloof**
‘n Garsie leef altyd met geloof in God, geloof in jou eie vermoëns, maar ook in ons mede-Garsies. Ek sal elke dag my geloof uitleef met ‘n vaste vertroue op dié dinge waarna ek streef. Met geloof sal ek ook opstaan, indien ek mag struikel en elke dag net die heel beste Garsie wees wat ek kan wees.

**Integriteit**
‘n Garsie tree met integriteit op deur die regte ding te doen, al sien niemand jou raak nie. Ek sal my integriteit daagliks uitleef deur almal met wie ek in aanraking kom, goed te behandel, selfs al is ek nie in hulle teenwoordigheid nie. Ek sal ook my integriteit uitleef deur te bedoel en te doen wat ek sê. My integriteit sal verseker dat my woord my eer is.

**Selfdissipline**
‘n Garsie besef dat alle suksesse begin by selfdissipline. Met selfdissipline sal ek elke dag net my heel beste lewer – of dit in die klaskamer, sportveld of op kultuurgebied is. Selfdissipline sal my ook dryf om elke dag ‘n beter ek te wees as wat ek gister was. As Garsie besef ek dat selfdissipline die brug is tussen my doelwitte en prestasies.

**Omgee**
As ‘n Garsie besef ek dat al wat jy soms nodig het, is die skouer van iemand wat regtig omgee. Ek sal daagliks omgee uitleef met ‘n warm glimlag, vriendelike groet en diep voetspore te trap in die harte van mense met wie ek in aanraking kom. Ek sal elke dag aanpak met die wete dat my omgee nie ‘n sent kos nie, maar goud werd is vir ander mense.

**Respek**
‘n Garsie toon respek vir sy eie en ander se besittings en vir sy skool. Ek sal my omgewing en die natuur met respek behandel, omdat dit nie net vir my nie, maar ook vir my nageslagte moet sorg. Ek sal my opvoeders, ouers en medemens altyd met respek behandel. Ek sal ook respek toon vir my Skepper en vir hoe wonderlik Hy my geskape het en daarom sal ek ander mense, ongeag van hoe hulle van my verskil, ook met respek behandel.

**DOEN DIT NOU**
Ek weet dat ‘n eerste tree nodig is om die persoon te word wat ek graag wil wees, darom doen ek dit nou. DOEN DIT NOU.

**<u>Bylaag C</u> – Algemene- en Klasreëls (GSF en SPF)**

# ALGEMENE REëLS: GRONDSLAGFASE

1. Skool begin 07:20.
2. Groet die hoof, onderwysers, maats en besoekers.
3. Toon respek vir: hoof, onderwysers, maats, alle skoolleiers en die assistente.
4. Trek die korrekte skooldrag aan, en wees altyd netjies en skoon.
5. Geen hardloop en spelery op stoepe en in die klasse nie.
6. Geen spelery in badkamers nie.
7. Spoel die toilet en was jou hande.
8. Geen speelgoed, soos balle, mag skool toe gebring word nie.
9. Leerders mag nie tussen die motors speel nie.
10. Speel op die regte speelterrein.
11. Leerders mag nie in die beddings, bome of naby die hekke speel nie.
12. Wag by die Wagklas indien ouers jou nie kan kom haal nie.
13. Indien iets opsetlik gebreek word deur n leerder, moet die leerder self daarvoor betaal.
14. Hou by die klasreëls!
15. Ons mag nie steel nie!
16. Wees trots op jou terrein, moenie papiere rondgooi nie.
17. Ons vloek nie!
18. Wees VRIENDELIK, HULPVAARDIG EN LIEF VIR MEKAAR!

# ALGMENE- EN KLASREËLS VIR GRAAD 4 - 7

1. Tree aan in twee rye buite alle klasse.
2. Stap ordelik in en gaan staan by jou tafel. Moenie eers met ander leerders gesels nie. Meisies eerste.
3. Groet eers voordat jy sit.
4. Dit is goeie maniere om stil te bly as iemand praat, ook as oor die interkom gepraat word.
5. Steek jou hand op as jy iets wil sê en praat eers as die onderwyser jou toestemming gegee het.
6. Tel papiere en ander rommel op voordat jy die klas verlaat.
7. Daar word slegs gedurende pouses geëet en gedrink. Slegs water in die klas.
8. Oopgemaakte koeldrank word nie in die lokaal toegelaat nie.
9. **Kougom is onder geen omstandighede toelaatbaar nie**
10. **Daar word nie op die tafels geskryf of geteken nie.**
11. Sit op die stoel en moenie daarop ry nie.
12. Beweeg rond in die klaskamer van die onderwyser met toestemming van die onderwyser. Verlaat slegs die lokaal met toestemming.
13. Indien die onderwyser nie in die klas is nie en die deur is oop, stap ordelik in, sit en werk.
14. Pak boeke weg en verdaag nadat die onderwyser die opdrag gegee het.
15. Selfone is af gedurende klastyd en tussen periodes. Selfone word gedurende klastyd in tasse gehou.
16. Indien die onderwyser afwesig is, gaan na die toesig waar jy ingedeel is.
17. Enige skooleiendom asook ander persone se eiendom moet gerespekteer word.
18. Wees verdraagsaam teenoor enige ander leerder, onderwyser of persoon op die skoolterrein.
19. Alle klasse moet betyds bygewoon word - verskoning word gevra voordat 'n klas nie bygewoon kan word nie.

20. Toon respek teenoor alle volwassenes (ouers, onderwysers, assistente, besoekers, ens.)
21. Skoolleiers moet hulle take verrig en onmiddellik by voltooiing terug klas toe gaan.
22. Tydens groepwerk moet leerders op gedempte stemtoon kommunikeer en slegs met hulle eie groeplede, nie met ander groepslede nie.
23. Geen speelgoed of troeteldiere mag skool toe gebring word nie.
24. Enige skoolreël en gedragskodes moet nagekom word.

**Bylaag D**

# LAERSKOOL GARSFONTEIN

Posbus 905 -933 Garsfontein 0042
e-pos : kantoor@lsgf.co.za
www.laerskoolgarsies.co.za

Tel 012 -348 1269 / 70
Faks 012 -348 6460

---

........./......../20......

**Kennisname van uitreiking vir ‘n weeklikse gedragsrekord**

Geagte Mnr/Mev ..........................................................................

Ek stuur graag hierdie skrywe aan u om u in te lig dat u kind .............................................. in Graad .......... se dissipline punte op die punt staan waar u kind ‘n weeklikse gedragsrekord gaan ontvang. Hierdie proses geld vir leerders wat meer as -10 dissipline punte het vir gedrag. Dit behels dat ‘n kind die dokument by hom/haar moet hou en by elke onderwyser moet ingee vir kommentaar oor u kind se gedrag tydens die periode. Die gedragsrekord moet elke aand deur u geteken word en weer terug gestuur word skool toe vir die volgende dag. Die week daarop se Maandag word die dokument deur die graadhoof geteken en aan die dissiplinehoof en die Leerder Ondersteunings Koördineerder gegee vir bestudering van u kind se gedrag. Die proses duur vir 4 weke lank, tensy daar anders gereël is.
As die dokument nie getrou tydens die week ingegee word by die onderwyser vir ondertekening nie, gaan u kind nog dissipline punte ontvang. As daar nie verbetering met u kind se gedrag ondervind word nie, is die volgende stap ‘n oueronderhoud met die dissiplinehoof en die skoolhoof.
Ons ag hierdie aangeleentheid in ‘n ernstige lig, en versoek u samewerking met die proses.
Ons werk graag saam in ‘n span, en wil die leeromgewing vir elke leerder aangenaam maak.

Vriendelike Groete,

A BRITZ
DISSIPLINEHOOF

CC SNYMAN
HOOF

**Skeurbriefie: Weeklikse Gedragsrekord *** Skeurbriefies terug na betrokke Graadhoof asb.

Ek, ____________________________________________ ouer/voog van ______________________________________ in Gr. ______/_______ gee toestemming vir die weeklikse gedragsrekord.

______________________________
Handtekening van ouer/voog

______________________
Datum

**Bylaag E**

# LAERSKOOL GARSFONTEIN
# WEEKLIKSE GEDRAGS- EN GESINDHEIDSREKORD

**NAAM VAN LEERDER:________________________ DATUM: _____________**

**GRAAD:________ WEEK: ____ van 4**

| Periode | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | Ouer-handtekening |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Maandag | Kommentaar | | | | | | | | | |
| | Vak | | | | | | | | | |
| | Handtekening | | | | | | | | | |
| Dinsdag | Kommentaar | | | | | | | | | |
| | Vak | | | | | | | | | |
| | Handtekening | | | | | | | | | |
| Woensdag | Kommentaar | | | | | | | | | |
| | Vak | | | | | | | | | |
| | Handtekening | | | | | | | | | |
| Donderdag | Kommentaar | | | | | | | | | |
| | Vak | | | | | | | | | |
| | Handtekening | | | | | | | | | |
| Vrydag | Kommentaar | | | | | | | | | |
| | Vak | | | | | | | | | |
| | Handtekening | | | | | | | | | |

**Graadhoof: ___________________________** **Datum:________________**

**Bylaag F**

# LAERSKOOL GARSFONTEIN

Posbus 905933 Garsfontein 0042
e-pos: kantoor@lsgf.co.za
www.laerskoolgarsies.co.za

Tel 012-348 1269/ 70
Faks 012-348 6460

---

Datum:____________________

Geagte ouer /voog :___________________________________

**KENNISGEWING VAN OORTREDING VAN GEDRAGSKODE:**

U word hiermee in kennis gestel dat ______________________ die skool se gedragskode oortree. Aangeheg tot hierdie skrywe is die oortredings wat begaan is vir die bepaalde tydperk.

Die Gedragskode het ten doel om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing daar te stel.

U word versoek om met u kind in gesprek te tree rakende die oortredings soos aangeheg en om hom / haar te motiveer om nie sulke oortredings te herhaal nie.

Aangesien ons glo dat ouers en onderwysers medeverantwoordelik is vir die welstand van die leerders, wil ons hierdie saak onder u aandag bring.

Indien u enige navrae het rakende hierdie skrywe, word u versoek om met mnr Anton Britz in aanraking te kom

| | | |
|---|---|---|
| ________________ | A Britz | CC Snyman |
| Graadhoof | Dissiplinehoof | Hoof |

…………………………………………………………………………………………..

**Skeurbriefie:**

Hiermee erken ek ontvangs van bogenoemde kennisgewing

| | |
|---|---|
| _______________________ | _____________ |
| Leerder se naam en van | Graad en klas |
| _______________________ | _____________ |
| Handtekening van Ouer | Datum |

**Bylaag G**

# LAERSKOOL GARSFONTEIN

Posbus 905-933 Garsfontein 0042
e-pos: kantoor@lsgf.co.za
www.laerskoolgarsies.co.za

Tel 012-348 1269 / 70
Faks 012-348 6460

---

Datum:___________________________

Geagte ouer/voog: ______________________________________

**FINALE SKRIFTELIKE WAARSKUWING**

Ons het reeds deur 'n persoonlike onderhoud en talle telefoonoproepe dit onder u aandag gebring dat u kind _________________in Gr_____________herhaaldelik die Gedragskode van die skool oortree.

Die Gedragskode het ten doel om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing daar te stel.

Hierdie skrywe dien as 'n finale skriftelike waarskuwing. Indien u kind hom/haar weer skuldig maak aan 'n oortreding van die Gedragskode, sal hy/sy voor 'n dissiplinêre komitee moet verskyn .

A BRITZ
DISSIPLINEHOOF

CC SNYMAN
HOOF

......................................................................................................................................

**Skeurbriefie:**

Erkenning van ontvangs van kennisgewing:

Ek,________________________________________ondergetekende ouer/voog van

______________________________________erken ontvangs van die finale skriftelike

waarskuwing .

_________________________
Handtekening van ouer/voog

_______________
Datum

**Bylaag H**

# LAERSKOOL GARSFONTEIN

Posbus 905 - 933 Garsfontein 0042
e-pos : kantoor@lsgf.co.za
www.laerskoolgarsies.co.za
Tel 012 -348 1269 / 70
Faks 012 -348 6460

.

---

Datum: ______________________________

Geagte ouer/voog:______________________________________

**KENNISGEWING VIR DISSIPLINêRE VERHOOR**

U word hiermee in kennis gestel dat u kind______________________________

op ____________________________om____________voor 'n dissiplinêre komitee verskyn. Die verhoor vind plaas te Laerskool Garsfontein in die Garsdak/Raadsaal . Die beweerde klagte(s) wat teen u kind ondersoek word, is soos volg:

______________________________________________________

______________________________________________________

U word die geleentheid gegun om:

As *ouer, u kind te verteenwoordig, en indien u oor getuies beskik, te reël dat die getuies tydens die verhoor teenwoordig* is.

Indien u nie die verhoor kan bywoon nie, kan die verhoor in u afwesigheid gehou word wat tot u nadeel kan strek.

A BRITZ
DISSIPLINEHOOF

CC SNYMAN
HOOF

.............................................................................................................................

**Skeurbriefie:**

Erkenning van ontvangs van kennisgewing:

______________________ Handtekening van leerder

______________ Datum

______________________ Handtekening van ouer/voog

______________ Datum

**Bylaag I**

# LAERSKOOL GARSFONTEIN

Posbus 905933 Garsfontein 0042
e-pos: kantoor@lsgf.co.za
www.laerskoolgarsies.co.za

Tel 012-348 1269/ 70
Faks 012-348 6460

---

Geagte ouer/voog:________________________________________

**DETENSIE: GR 4-7**

U word verwys na die Gedragskode van Laerskool Garsfontein. Die Gedragskode het ten doel om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing daar te stel. Die Gedragsrapport verwys:

U kind ____________________________ in Gr ______ moet

op ______________ om 14:00 tot 15:30 vir **detensie** aanmeld.

NB! U kind moet 'n leesboek of leerwerk saambring vir die duur van die detensie. Ons vra vir u as ouers/voogde om ons te ondersteun in dié verband.

Voltooi asseblief onderstaande skeurstrokie en stuur spoedig terug aan die graad se dissiplinehoof.

Dissipline-groete

| ____________________ | ____________________ | ____________________ |
|---|---|---|
| GRAADHOOF | A BRITZ<br>DISSIPLINEHOOF | CC SNYMAN<br>HOOF |

.........................................................................................................................

**SKEURSTROKIE: DETENSIE: GR 4-7**

Ek, ______________________________ ouer/voog van ________________________

neem kennis dat my kind op ________________________ vir detensie moet aanmeld.

| ____________________ | ____________________ |
|---|---|
| OUERHANDTEKENING | TEL NO |

**Bylaag J**

# LAERSKOOL GARSFONTEIN

Posbus 905933 Garsfontein 0042
e-pos: kantoor@lsgf.co.za
www.laerskoolgarsies.co.za

Tel 012-348 1269/ 70
Faks 012 348 6460

---

Datum: ________________

Geagte ouer/voog: ____________________________________

**DETENSIE: GR 3**

U word verwys na die Gedragskode van Laerskool Garsfontein. Die Gedragskode het ten doel om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing daar te stel. Die Gedragsrapport verwys

U kind___________________________in Gr_____.moet op_____________________

____________________________ om 13:30 tot 14:30 vir detensie aanmeld.

U kind moet 'n leesboek of leerwerk saambring vir die duur van die detensie. Ons vra vir u as ouers/voogde om ons te ondersteun in die verband.

Voltooi asseblief onderstaande skeurstrokie en stuur spoedig terug aan die graad se dissiplinehoof.

Dissipline-groete

________________
GRAADHOOF

A BRITZ
DISSIPLINEHOOF

CC SNYMAN
HOOF

..........................................................................................................................................

**SKEURSTROKIE: DETENSIE: GR 3**

Ek, ____________________________ouer/voog van______________________

neem kennis dat my kind op Vrydag,__________________vir detensie moet aanmeld.

_________________________
OUERHANDTEKENING

____________________
TEL NO

**Bylaag K**

# LAERSKOOL GARSFONTEIN

Posbus 905933 Garsfontein 0042
e-pos: kantoor@lsgf.co.za
www.laerskoolgarsies.co.za

Tel 012 348 1269/ 70
Faks 012 348 6460

---

Datum: ____________________

## KAMERAS: NAVRAAG OOR INSIDENT IN KLAS / TERREIN

Graag doen ek, ________________________________________ navraag oor 'n insident wat plaasgevind het in die klas /terrein op (datum) - ________________________________________

- KLAS: ____________________________________________________________
- TERREIN: ________________________________________________________
- PERSONEEL: _____________________________________________________
- LEERDER(S): ____________________________________________________
- BESKRYWING VAN INSIDENT:

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

________________________          ________________________
Handtekening: Aansoeker:          Dissiplinehoof

________________________
Datum

________________________
Kontaknommer / epos

**UITSLAG VAN NAVRAAG:**

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

**<u>Bylaag L</u> - E1 Aansoek om Appèl**

# LAERSKOOL GARSFONTEIN

Posbus 905-933 Garsfontein 0042
e-pos: kantoor@lsgf.co.za
www.laerskoolgarsies.co.za

Tel 012-348 1269 / 70
Faks 012-348 6460

---

**INDIENING VAN APPÈL (Hersieningsvorm)**

In terme van die skool se dissiplinêre prosedures wil ek appèl aanhangig maak teen die besluit van die dissipline komitee (binne vyf (5) skooldae).

Naam van appèllant: ____________________________________________

| | |
|---|---|
| | Die appèl word op die volgende gronde gemaak (die toepaslike areas moet met 'n X gemerk word). |
| ☐ | Die dissiplinêre maatreël wat opgelê is, was nie in lyn met die graad van oortreding nie |
| ☐ | Dissiplinêre prosedures was nie gevolg nie |
| ☐ | Nuwe, of verdere bewyse of getuies is beskikbaar, wat nuwe feite aan die lig kan bring en die uitslag van die verhoor kan beïnvloed |

Aard van oortreding:..................................................................................................................

Die volgende redes word ter ondersteuning van hierdie appèl ingedien:

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

........................................ ............................................

Datum van appèl Appèllant

**BOELIEBELEID:**

**BELEID WAT TEISTERING, INTIMIDASIE EN BOELIEGEDRAG BELET EN OPTREDE TEEN OORTREDERS AANSPREEK**

## 1. AANHEF

1.1 Hierdie dokument is die beleid oor bullebakkery en kuberbullebakkery ("boelie") van Laerskool Garsfontein, wat die beheerliggaam op die datum van ondertekening goedgekeur het. Die beleid is opgestel ooreenkomstig die wetlike raamwerk soos genoem in paragraaf 5 van hierdie beleid.

1.2 Alle leerders is geregtig om skool te gaan in 'n openbare skool wat 'n veilige en geborge leeromgewing daarstel. Laerskool Garsfontein is voornemens om alle leerders van 'n billike leergeleentheid te voorsien. Daarvoor het die skool 'n beduidende belang daarby om 'n veilige, ordelike en beleefde skoolomgewing te skep wat onderrig en leer bevorder.

## 2. DOEL VAN DIE BELEID

2.1 'n Veilige en geborge omgewing en toestande in die skoolmilieu is van die voorvereistes vir leerders om te leer en hoë akademiese standaarde te bereik en hulself in buitemuurse aktiwiteite uit te leef en aan sport te kan deelneem. Teistering, intimidasie en boeliegedrag (bullebakkery), nes ander ontwrigtende en geweldadige optrede, is gedrag wat beide die leerder se vermoë om te leer en die skool se wettige opdrag om leerders te onderrig in 'n veilige omgewing omverwerp en versteur.

2.2 Aangesien leerders onder andere leer deur ander se voorbeeld na te volg, moet die beheerliggaam, skoolhoof, opvoeders en die personeel van die skool die voorbeeld stel deur korrekte maniere en respek aan andere bewys, hulle met respek behandel en dat hulle volstrek weier om enige vorm van teistering, intimidasie of boeliegedrag te verdra in Laerskool Garsfontein

2.3 Bullebakkery ("Boelie"), teistering en intimidasie is nadelig vir die skoolomgewing en leerders se leer, prestasie en welstand. Dit meng in met die missie van die skool om leerders te onderrig, en ontwrig skoolbedrywighede. Bullebakkery raak nie net die leerders teen wie dit gerig word nie, maar ook diegene wat aan sodanige gedrag deelneem of dit aanskou. Leerderveiligheid en 'n inklusiewe leeromgewing moet dus verseker word.

2.4 Die woorde *"treitering"* en *"bullebakkery"* is die erkende terme vir die Afrikaanse benaming van die Engelse woord *"bullying"* en alhoewel die woorde *"boeliery"* en *"boeliegedrag"* nie amptelik in Afrikaans erken word nie, word dit in hierdie beleid gebruik, aangesien dit al hoe meer in die skoolomgangstaal en in die pers gebruik word om na 'n bepaalde afkeurenswaardige gedrag in ons skole verwys wat onder andere alle vorme van teistering, intimidasie en viktimisasie en sekere ander vorme van geweld en fisiese en nie-fisiese gedrag wat ander se menswaardigheid aantas, insluit, soos verder omskryf en verwys word in die beleid.

## 3. WOORDOMSKRYWINGS

**Afpersing** is wanneer 'n persoon onregmatig en opsetlik een of ander materiële of nie-materiële voordeel van 'n ander bekom deur daardie persoon aan druk te onderwerp wat hom/haar dwing om die voordeel af te staan.

**Beheerliggaam** beteken die beheerliggaam van die skool.

**Bullebakkery** ***("Boelie")*** beteken die stelselmatige en aanhoudende oplegging van fisiese pyn of sielkundige nood aan een of meer leerders, opvoeders, nie-opvoeders of besoekers aan die skoolperseel. Dit word voorts omskryf as onwelkome en herhaalde skriftelike, elektroniese, verbale of fisiese gedrag,

met inbegrip van enige dreigende, beledigende of vernederende gebaar, deur ’n leerder of volwassene, wat ernstig of omvattend genoeg is om ’n intimiderende, vyandige of aanstootlike opvoedkundige omgewing te skep, ongemak of vernedering te veroorsaak, of op onredelike wyse met die leerder se skoolprestasie of -deelname in te meng, en kan onder meer insluit:

a) tergery; (*tergery kan egter ook van so ‘n aard wees dat dit goedig van aard is en nie boelie is nie)*
b) sosiale uitsluiting;
c) dreigemente;
d) intimidasie (fisies en psigies);
e) bekruipery;
f) fisiese geweld;
g) diefstal;
h) seksuele, godsdienstige of rasseteistering;
i) openbare vernedering; en
j) die vernietiging van eiendom.

**Crimen injuria** beteken die onregmatige, opsetlike en ernstige skending van ’n ander persoon se waardigheid of privaatheid.

**Elektroniese kommunikasie** beteken enige kommunikasie deur ’n elektroniese toestel, wat onder meer insluit ’n telefoon, selfoon, rekenaar of roepradio, welke kommunikasie onder meer insluit e-pos, kitsboodskappe, teksboodskappe, blogs, selfone, roepradio’s, aanlynspeletjies en webtuistes.

**Hoof** beteken 'n opvoeder wat as hoof van 'n skool aangestel is of waarneem.

**Kuberbullebakkery** ***(“Kuberboelie”)*** beteken bullebakkery met behulp van tegnologie of enige elektroniese kommunikasie, wat onder meer insluit die versending van tekens, seine, geskrifte, beelde, klanke, data of intelligensie van enige aard deur middel van enige elektroniese toestel, wat onder meer insluit ’n rekenaar, telefoon, selfoon, slimfoon (“smartphone”) teksboodskaptoestel en persoonlike digitale assistent (“tablet”).

Voorbeelde van gedrag wat kuberbullebakkery kan uitmaak, sluit onder meer in:

a) die publikasie van lelike aanmerkings of gerugte of enige lasterlike, onakkurate, verkleinerende, gewelddadige, neerhalende, aanstootlike of seksueel gerigte materiaal oor ’n leerder op ’n webtuiste of ’n ander aanlyntoepassing;
b) die publikasie van misleidende of vervalste foto’s of digitale videomateriaal van ’n leerder op webtuistes, of die skep van vals webtuistes of sosiale netwerkprofiele asof dit die slagoffer s’n is;
c) die nabootsing of voorstelling van ’n ander leerder deur daardie ander leerder se elektroniese toestel of rekening te gebruik om e-pos, teksboodskappe en kitsboodskappe te stuur of foonoproepe te maak;
d) die versending van e-pos, teksboodskappe of kitsboodskappe of die laat van stemboodskappe wat gemeen of dreigend is, of so oorvloedig is dat dit die slagoffer se e-posrekening, kitsboodskaprekening of selfoon bombardeer; en
e) die gebruik van ’n kamerafoon of digitale videokamera om beskamende of seksgebaseerde foto’s van ander leerders te neem en/of te stuur.
f) Die gebruik van ‘n kamera, kamerafoon, digitale kamera of digitale videokamera om sonder toestemming of die wete van enige persoon hom/haar af te neem met die doel om dit te gebruik om die persoon te boelie, of sonder sy/haar toestemming te gebruik of elektronies te versend of op ‘n webwerf te plaas, te versprei of in die openbaar te versprei.

**Leerder** enige persoon wat onderwys ontvang of wat verplig is om onderwys te ontvang ingevolge die Skolewet wat ingeskryf is as leerder by die skool.

**Ouer** beteken
*(a)* die biologiese of aanneem-ouer of wettige voog van 'n leerder;
*(b)* die persoon met wettige aanspraak op sorg vir 'n leerder; of
*(c)* die persoon wat onderneem om die verpligtinge van 'n persoon in paragrawe *(a)* en *(b)* ten opsigte van die leerder se opvoeding op skool na te kom.

**Seksboodskappe** ***(“Sexting”)*** is kaal of halfkaal foto’s of video’s en/of seksueel suggestiewe [getikte] boodskappe wat met behulp van selfone of kitsboodskappe elektronies of andersins na/van ander leerders gestuur word of op die internet geplaas en/of versprei word.

**Skool** beteken Laerskool Garsfontein, 'n openbare skool wat leerders in een of meer grade van graad R tot graad 7 inskryf.

**Skoolaktiwiteit** beteken enige amptelike opvoedkundige, kulturele, ontspannings- of sosiale aktiwiteit van die skool, op of buite die skool se perseel.

**Strafregtelike naamskending** beteken die onregmatige en opsetlike publikasie van 'n aangeleentheid met betrekking tot iemand anders wat daarop uit is om daardie persoon se reputasie ernstige skade aan te doen.

**Teistering** beteken die direkte of indirekte deelname aan gedrag wat die pleger weet of behoort te weet:

i. skade doen, of die redelike oortuiging laat posvat dat skade gedoen kan word, aan die klaer of 'n verwante persoon, deur op onredelike wyse:
   (a) die klaer of 'n verwante persoon te agtervolg, dop te hou of by te dam, of buite of naby die gebou of plek rond te hang waar die klaer of 'n verwante persoon woon, werk, sake doen, studeer of toevallig is;
   (b) verbaal, elektronies of op enige ander wyse en deur middel van enige ander middel met die klaer of 'n verwante persoon te probeer kommunikeer, ongeag of 'n gesprek gevoer word of nie; of
   (c) briewe, telegramme, pakkies, fakse, e-pos of ander voorwerpe aan die klaer of 'n verwante persoon te stuur, daar af te lewer of te laat aflewer, of sodanige items daar te laat waar dit gevind sal word deur, oorhandig sal word aan of onder die aandag sal kom van die klaer of 'n verwante persoon; of

ii. op die seksuele teistering/initimidasie van die klaer of 'n verwante persoon neerkom.

**Vergelding** is 'n handeling of gebaar teen 'n persoon wat bullebakkery of beweerde bullebakkery aanmeld. 'Vergelding' sluit ook in die aanmelding van bullebakkery wanneer dit nié ter goeder trou gedoen word nie.

## 4. OMVANG EN TOEPASSING VAN BELEID

4.1 Hierdie beleid geld vir enige leerder, opvoeder en nie-opvoeder by die skool sowel as enige besoeker of vrywilliger wat gedrag openbaar wat op boelie, kuberboelie of vergelding neerkom. Ál voormelde persone is verantwoordelik om aan hierdie beleid te voldoen. **Hierdie beleid moet saam met die skool se Gedragskode en –reëls en ander verwante beleide vir leerders gelees word en maak ook 'n integrale deel daarvan uit.**

4.2 Hierdie beleid geld vir enige boeliegedrag/initimidasie/teistering/haatspraak in enige formaat en/of vorm wat:

a) Plaasvind by die skool of op die skoolterrein, synde 'n skoolgebou; op die eiendom waarop 'n skoolgebou of -fasiliteit geleë is, en op/in eiendom wat 'n skool vir 'n skoolgeborgde aktiwiteit, geleentheid, program, onderrig of opleiding besit, huur of gebruik, en 'skoolterrein' sluit ook enige voertuie in wat vir skoolverwante vervoer gebruik word.
b) Plaasvind, terwyl leerders na/van skole of skoolgeborgde geleenthede vervoer word.
c) Plaasvind by enige skoolgeborgde geleentheid, aktiwiteit, program, onderrig of opleiding.
d) Plaasvind deur die gebruik van data, telefone, selfone, elektroniese kommunikasie apparate, sosiale elektroniese platforms, rekenaarsagteware of tegnologie wat deur 'n rekenaar, rekenaarstelsel of rekenaarnetwerk van die skool bekom word.
e) Elders plaasvind, maar slegs indien die boeliegedrag ook die regte van enige leerder of ander persoon by die skool skend of indien die skool self op enige manier betrokke is of betrek word en/of die skool se goeie naam en eer daardeur geraak word en/of geskend word.
f) Dat die uitwerking van die gedrag die goeie orde en effektiewe bestuur van die skool versteur en die goeie naam en eer van die skool aantas.

4.3 Die elemente van teistering, intimidasie en boeliegedrag is 'n magswanbalans, viktimisasies, negatiewe voornemens en repetisie.

4.4 **Wanneer word kinders geboelie?**

a) Wanneer daar min of geen volwasse toesig is nie.
b) Voor, gedurende en na skool.
c) Pouses.
d) In klastyd.
e) Tydens klaswisseling.
f) Ander skoolaktiwiteite.

Maak nie saak hoe groot die skool, klas, waar die skool geleë is nie, boeliegedrag vind plaas in die skool.

## 5. REGSRAAMWERK

a) Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996), soos gewysig.
b) Die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), soos gewysig
c) Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole soos uitgevaardig deur Goewermentskennisgewing 1040 (Staatskoerant 22754) van 12 Oktober 2001 soos gewysig
d) Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (wet 76 van 1998) soos gewysig
e) South African Council of Educators Act, 2000 (Wet 31 van 2000) soos gewysig
f) Film en Publikasie Wet, 1996 (wet 65 van 1996)
g) Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005)
h) Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) 32 van 2007
i) Staatsdienswet, 1994 (Wet 103 van van 1994), soos gewysig en verwante regulasies uitgereik ingevolge die WET
j) Die Wet op Diensbillikheid, 1998 (Wet 55 van 1998)
k) Die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995) soos gewysig
l) Die Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie, 2000 (Wet 4 van 2000) (“PEPUDA”)
m) Die Wet op die Beskerming teen Teistering, 2011 (Wet 17 van 2011)
n) The Child Justice Act, 2008 (Act No 75 of 2008)
o) Toepaslike Provinsiale Wetgewing oor Skoolonderwys
p) Die Wet Op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2014, Wet 4 Van 2013 (“PoPI”)

## 6. GEDRAG WAT VAN LEERDERS VERWAG WORD

6.1 Die Beheerliggaam, ouers en skool verwag van leerders om hulle te gedra in ooreenstemming met hulle vlakke van ontwikkeling, rypheid en vaardighede met die behoorlike inagneming van die regte en welstand van ander leerders, opvoeders en personeel van die skool, die onderliggende doel waarvoor hulle in die skool is, en dat hulle die eiendom, toerusting en fasiliteite van die skool met die nodige sorg sal repekteer, bejeen en gebruik.

6.2 Die Beheerliggaam is van mening dat die standaarde vir leerdergedrag in samewerking deur interaksie met die leerders, ouers/voogde, opvoeders en personeel bepaal moet word in ‘n atmosfeer waarin leerders aangemoedig word om te groei in selfdissipline en verdraagsaamheid. Die ontwikkeling van hierdie atmosfeer verg respek vir hulself en andere en hul meerderes, sowel as vir die eiendom van hulle mede-leerders, die skool en die opvoeders en personeel.

6.3 Die Beheerliggaam is oortuig daarvan dat die beste dissipline, selfdissipline is, en dat dit die verantwoordelikeheid van ouers/voogde en opvoeders is om dissiplinêre omstandighede te gebruik as geleenthede om leerders te leer om verantwoordelikheid te aanvaar vir hulle dade en die gevolge van hulle gedrag. Opvoeders wat met leerders in sulke omstandighede verkeer sal praktyke en

opvoedingsmetodes volg wat daargestel is om sulke optredes te vermy en te verhoed en leerders sal aanmoedig om in selfdissipline te groei.

6.4 Die gedragskode van die skool skryf die norme en standaarde van gedrag voor wat van elke leerder verwag word asook alle vorme van negatiewe gedrag wat vermy moet word. Leerders wat aan enige vorm van boeliegedrag deelneem hetsy hulle op skool is, by enige skoolaktiwiteit, tydens enige skooldistriksfunksie of engie ander funksie of aktiwiteit of op pad na skool of van die skool na ’n ander bestemming onderweg is, is onderhewig aan die sanksies soos omskryf in die gedragskode asook skorsing en uitsetting soos uiteengesit in die Suid-Afrikaanse Skolewet. Dit staan ook die skoolhoof en/of sy gemagtigde en/of die beheerliggaam vry indien hulle daarvan oortuig is, om ’n kriminele klag teen enige leerder wat hom/haar aan boeliegedrag skuldig maak, by die SA Polisie aanhangig te maak.

6.5 Die gedragskode en hierdie beleid sal ter enige tyd gedurende normale skoolure ter insae wees vir ouers/voogde en opvoeders.

6.6 Hierdie beleid vorm ’n integrale deel van die gedragskode en -reëls van die skool.

6.7 Hierdie beleid is nie bedoel om enige uitdrukking van geloof, filosofie of geregverdigde oortuigings te verhoed nie, tensy sulke optrede die opvoedkundige funksie en milieu van die skool en die goeie orde versteur. Verskeie gedrag of optredes is nie teistering, intimidasie of boeliegedrag nie, maar kan nog steeds verbied word, waarvan verskeie in die gedragskode van die skool omskryf word asook geïnkorporeer is in opvoeders se klaskamerreëls, reëls van sekere sport en kultuuraktiwiteite, -klubs en -verenigings, asook deur die reëls en regulasies van die Onderwys-departement en die wette van die land.

## 7. VORMS VAN BOELIEGEDRAG

### 7.1 Fisiese boelie

Fisiese boeliegedrag kan in verskeie gedragsvorme manifesteer. Om ander leerders te forseer om fisiese onaaanvaarbare aksies of gedrag teen hulle wil uit te voer soos om ander leerders, opvoeders en ander persone se besittings af te neem, vandalisering van ander se besittings of skooleiendom, om ander te skop, te slaan, te knyp, ore en hare te trek, ander met voorwerpe of met die vuis te slaan, om opsetlik aan ander te stamp of te stoot, met die vinger te druk, versmoring of verwurging, ander te byt, uitermatig te kielie, of te pootjie. Ander vorme van fisiese boeliegedrag kan afpersing wees deur geld of besittings te eis, om hulle kledingstukke af te trek of te beskadig of seksuele teistering deur die ongevraagde aanraking van onderklere en hulle tasse en boeke te vernietig. Fisiesie dominasie van ’n ander. Dit kan ook in die konteks van bendebedrywighede gepleeg word. Dit sluit ook in die gebruik van enige voorwerp, wapen en/of ander gevaarlike wapen in die uitvoering van fisiese boelie.

### 7.2 Verbale boeliegedrag

Verbale boeliegedrag is die mees algemeenste vorm van boelie. Hierdie tipe gedrag bestaan meesal uit verbale dreigemente om ander leed en skade aan te doen of aan te rand, verder is dit gespottery deur die noem van kwetsende name en verkleinering van ’n persoon se waardigheid en aansien, aanhoudende getergery, hoon of smadelike opmerkings, om ander te vloek, skinder en verspreiding van lasterlike stories hetsy, mondelings, skriftelik of deur middel van elektroniese media en rassistiese opmerkings. Die wys van vernederende gebare of om lede van ’n ander se familie te beledig.

7.3 **Emosionele of Psigologiese Boeliegedrag**

Emosionele of psigologiese boeliegedrag sluit onder andere in gedrag wat daarop gemik is om ander te belaster, beskinder, die verspereiding van onwaar gerugte, om ander te vertel op te hou om met ander te assosieer, hulle vriend/vriendin te wees of op te hou om van hom/haar/hulle te hou, te probeer of dit regkry om ander te domineer, ander te terroriseer, bekruipery, intimidasie van ander deur na hulle te staar, vernedering of om ’n gek van ’n ander te maak, om vrees en angs by ander in te boesem as gevolg van hulle gedrag en houding, die gebruikmaking van intimidasie en afpersing om goedere, geld of besittings uit die slagoffer te kry en enige vorm van fisiese of psigiese marteling.

7.4 **Sosiale of Verwantskaplike boeliegedrag**

Sosiale of verwantskaplike boeliegedrag vind plaas wanneer leerders opsetlik uitgesluit word van enige aktiwiteite en vind gewoonlik, voor, tydens en na skool plaas. Dit vind ook plaas gedurende buitemuurse skoolaktiwiteite. Hierdie vorm van boeliegedrag is gewoonlik gebaseer op vreemdelingehaat, geslag, ras, ouderdom, sosiale stand, etnisiteit, geloof, seksuele-identiteit, diskriminasie en sluit gewoonlik aksies in om met opset ander uit ’n aktiwiteit of span uit te sluit, om ander leerders te vertel hy/sy moenie vriende met ’n bepaalde persoon wees nie, om gerugte en skinderstories oor ander te versprei, onnodige getergery of naamskending of om ander te verkleineer in die openbaar. In essensie is dit waar ’n verhouding misbruik word as ‘n “sosiale wapen” om ander “by te kom”.

7.5 **Seksuele Treitering/Intimidasie**

Seksuele treitering sluit in ekshibisionisme, seksuele posisionering, seksuele treitering en –misbruik wat ongevraagde betasting en seksuele aanranding insluit. Dit mag in ’n subtiele vorm geskied waar een hom-/haarself afdwing om op ’n ander se skoot ongevraagd te gaan sit of beveel word om dit te doen of om enige ander vorm van seksuele teistering uit te voer om ’n ander te verkleineer of te verneder, te intimideer of af te pers.

7.6 **Kuberboelie**

Kuberboelie vind plaas wanneer ’n kind of leerder aanhoudend gefolter, gedreig, bedreig, verkleineer, verneder, geteiken of andersins geteister of geïntimideer word deur ‘n ander kind of leerder of groep van kinders of leerders (selfs partymaal naby familielede of “intieme” vriende met wie persoonlike sake gedeel is) deur middel van sosiale netwerk webwerwe, onmiddelike boodskappe soos wattsapp, snapchat, e-pos, facebook, internet, interaktiewe en digitale tegnologie en –toestelle en rekenaars. Dit kan plaasvind deur middel van getikte woorde, afbeeldings, prente, gemanipuleerde elektroniese afbeeldings, videos, klankopnames of die aanstuur van foto’s of videos op platforms soos youTube, facebook en onmiddelike versendings (“instant messaging”). Kuberboelie kan eenmalig wees of aanhoudend en geskied oor ’n tydperk.

## 8. ALGEMENE TEKENS DAT ’N KIND FISIES/PSIGIES GEBOELIE WORD

8.1 Algemene tekens dat ’n kind geboelie word mag in een of ’n kombinasie van die volgende gedragspatrone manifesteer:

a) Ongewone onderprestering wat nie die norm is nie.
b) Word gereeld gespot en/of noem hom/haar verkleinerende/beledigende name.
c) Swak klasbywoning
d) Leerders wat onnodiglik beangs voorkom.
e) Leerders wat huiwer om met opvoeders te kommunikeer.
f) Sosiale uitsluiting deur ander leerders.
g) Leerders wat knaend alleen is tydens pouses.
h) Sekere graffiti op skoolboeke en tasse.
i) Werk wat opgeskeur word en/of vernietig is.
j) Verlore skoolbenodigdhede deur sekere leerders.

k) Onverklaarbare, hartseer, gemoedsgedrag of depressief.
l) Vertoon abnormale ontrekkingsimptome, verlies aan aptyt of sukkel om te slaap.
m) Swak selfbeeld.
n) Mag dalk selfmoordneigings toon of probeer om selfmoord te pleeg.
o) Selfbesering ("cutting")
p) Weier om skool toe te gaan of om aan buitemuurse aktiwiteite deel te neem waarin hy/sy gewoonlik belanggestel het.
q) Vrees om met die taxi/bus vervoer te word, om skool toe te loop, om aan georganiseerde aktiwiteite by die skool deel te neem of om alleen gelaat te word.
r) Neem onlogiese roetes na die skool om boelies te vermy.
s) Kan nie verklaar waarom sy/haar klere geskeur is, of hy/sy kneusplekke of ander fisiese beserings het nie.

## 9. TEKENS DAT 'N KIND GEKUBERBOELIE WORD

9.1 Baie kinders wat gekuberboelie word is huiwerig om 'n opvoeder en/of ouer in te lig wat gebeur het, aangesien hulle vernederd voel en skaam is dat dit met hom/haar gebeur het of "dat hulle toegelaat het" dat dit plaasgevind het en bang is dat hulle selfoon of ander elektroniese kommunikasie toestelle en/of rekenaars waartoe hulle toegang het, van hulle ontneem sal word.

9.2 Die tekens dat 'n kind gekuberboelie word varieer, maar die mees algemeenste is die volgende:

a) Emosionele angs/spanning gedurende of na die gebruik van whatsapp of ander internet "apps", facebook of webwerwe op die rekenaar of sy/haar selfoon.
b) Geheimsinnig of baie beskermend oor sy/haar digitale lewe.
c) Onttrekking van sy/haar vriendekring en aktiwiteite, vermyding van skoolaktiwteite, onredelike woedebuie, ongewone buie, verandering in gedragspatrone, slaappatrone of aptyt.
d) Ongewone oorreaksie op kritiek oor sy/haar gedrag of skolastiese prestasie.

9.3 **Boeliegedrag is nie oor woede nie maar veragting *("contempt")***

Omdat die boelie ander verag, word kinders beseer en leed aangedoen sonder empatie, medelye of enige gevoel van verleentheid oor sy/haar optrede. Die boelie glo dat hy/sy 'n sin van "reg" het om so op te tree. Sy/hy vertoon gewoonlik 'n intoleransie oor ander se verskille en dat hulle die "reg" het om ander uit te sluit uit aktiwiteite of aan ander "opdragte" uit te deel om dit te doen.

## 10. SLAGOFFERS VAN BOELIEGEDRAG

10.1 Slagoffers word uitgesoek en geteiken deur boelies en is geneig om onseker voor te kom en kan nie maklik met ander kommunikeer nie. Hy/sy is gewoonlik alleen, eenkant en geïsoleer van die groep en mag klein van statuur wees en fisies swak wees. Die leerder mag dalk maklik huil, 'n fisiese, leer- of selfs spraakgebrek hê en oor die onvermoë beskik om hom-/haarself verbaal en/of fisies te verdedig.

Die teenpool is ook waar, daar is kinders wat ook slagoffers van boelies kan word, wat daarop uit is om ander uit te tart en dan selfs die slagoffer van boelies word omdat die boelie die kind as iemand kan beskou wat sy/haar plek in die "sosiale leer" wil inneem of oorneem. Sulke leerders is nie boelies nie, maar het as gevolg van hulle "irriterende en aandagsoekende gedrag" gewoonlik min of geen vriende nie, irriteer en val ander gedurig lasting, is vinnig van humeur en word maklik uitgelok om sy/haar humeur te verloor deur ander, sal terug baklei, sal dalk die kwaadstoker wees in gevegte en mag leer probleme hê en mag dalk lyk of sy/hy die boelie mag wees, want hulle soek gedurig konflik of is "cheeky" maar hulle is gewoonlik net "pseudo boelies" maar kan ook ingevolge hierdie beleid aangekla word van intimidasie en/of treitering.

## 11. REDES WAAROM SLAGOFFERS NIE BOELIEGEDRAG AANMELD NIE

11.1 Daar is verskeie redes waarom slagoffers nie boeleiegedrag aanmeld nie, en daarom is daadwerklike intervensieprogramme in die skool nodig om die saak onder leerders se aandag te bring. Leerders voer onder andere die volgende redes aan waarom hulle nie die gedrag wat teenoor hulle gepleeg word aanmeld nie:

a) Ek word geïntimideer deurdat ek bang is vir gesagsfigure (bv opvoeder, leiers ens).
b) Ek wou hê dat mense dink dat ek dit kon hanteer.
c) Ek was nie in staat om die regte persoon te kry by wie ek dit kon aanmeld nie.
d) Die boelie is my “vriend” en vriende verklik mekaar mos nie.
e) Ek het eerder net met my vriende daaroor gepraat.

## 12. DIE TOEPASSING VAN SANKSIES EN VERBODE GEDRAG

12.1 Die oortreding van hierdie beleid is ‘n ernstige oortreding en sal hanteer word in terme van die gedragskode. In die toepassing van geskikte sanksies vir oortreders wat een of meer dade van teistering, intimidasie en boeliegedrag pleeg, sal die beheerliggaam en die opvoeders die volgende omstandighede/ faktore oorweeg:

a) Die ontwikkelings- en rypheidsvermoëns van die partye by die geskil betrokke.
b) Die vlakke van fisiese en psigiese skade en leed verrig.
c) Die omstandighede wat tot die daad of dade gelei het.
d) Die aard en omvang van die voorval/gedrag/insident.
e) Dade wat voorheen gepleeg is deur die oortreder(s) en/of die voortsetting daarvan.
f) Die verwantskap/verband tussen die partye in die voorval(le) betrokke.
g) Die konteks waarin die voorval(le) plaasgevind het.

12.2 Die volgende gedrag is verbode teenoor enige leerder, opvoeder, personneellid, ouer of engie ander persoon verbonde aan die skool in enige verband (die lys is nie omvattend nie en kan ander oortredings ook insluit ingevolge die gedragskode en ander beleide van die skool):

a) Bullebakkery (“Boelie”) van enige aard of vorm.
b) Aanranding van enige vorm.
c) Kuberbullebakkery (“Kuberboelie”) van enige vorm en in enige formaat.
d) Teistering, intimidasie en/of viktimisasie van enige aard of vorm.
e) Enige vorm van seksuele intimidasie, -teistering en enige immorele daad hetsy verbaal, fisies, psigies of enige ander vorm daarvan.
f) Vergelding teen enigeen wat sodanig omskrewe gedrag aanmeld.
g) Vals beskuldigings van boeliegedrag.
h) Laster, skinder, verspreiding van vals gerugte in enige vorm.
i) Skending van die skool se goeie naam en eer op enige wyse deur middel van boelie/kuberboelie.
j) Immorele gedrag van enige vorm waartoe enige persoon deur ‘n ander in konteks van hierdie beleid gedwing word of aangemoedig word om dit te pleeg.
k) Sekstekse stuur aan enige persoon.

Enigeen wat enige van hierdie verbode gedrag openbaar, sal die gevolge daarvan moet dra.

12.3 Die skoolhoof/dissiplinehoof sal moet beslis of die beleid en gedragskode van die skool oortree is nadat hy/sy alle feite en omstandighede en getuienis aangehoor het. Dit is slegs nadat alle elemente van 'n saak in ag geneem is dat 'n geskikte sanksie bepaal sal kan word wat van positiewe gedragsonderrig tot skorsing en uitsetting kan varieer. Sommige gevalle mag ook deur die ondersoeker na die dissipline komitee van die beheerliggaam verwys word vir 'n volle verhoor.

12.4 Wat kuberboelie betref, kom die volgende handelinge sowel as teistering en seksboodskappe op strafregtelike oortredings neer en sal dus ook as wangedrag ingevolge die skool se gedragskode beskou word:

a) Crimen injuria – Enige handeling wat die waardigheid van ’n ander persoon aantas, wat ook kan plaasvind deur aan iemand anders ’n boodskap te stuur wat, hetsy ’n uitdruklike of implisiete uitnodiging tot, of voorstel van, seksuele immoraliteit of onbetaamlikheid bevat, of deur onwelvoeglike foto’s te versend.

b) Strafregtelike naamskending – Lasterlike aanmerkings teenoor derde partye in kletskamers, op sosiale netwerke, of in e-posse, teksboodskappe of kitsboodskappe is onder meer vorme van kuberbullebakkery.

c) Afpersing – Waar ’n persoon opsetlik en onregmatig dreig om inligting oor, of kompromiterende beelde van, ’n ander persoon elektronies te versprei.

## 13. RAPPORTERING/AANMELDING VAN INSIDENTE

13.1 Die skoolhoof/dissiplinehoof is verantwoordelik om klagtes van bewerings van teistering, intimidasie en/of boeliegedrag en verwante oortredings van die gedragskode en hierdie beleid te ontvang van enige leerder, ouer/voog en/of opvoeder.

13.2 Alle opvoeders en personeel is verplig om beweerde oortredings aan te meld by die skoolhoof/dissiplinehoof wat dit op die voorgeskrewe vorm sal aanteken. Alle ander lede van die skoolgemeenskap word aangemoedig om oortredings aan te meld wat 'n verbreking van die gedragskode en hierdie beleid is.

13.3 Aanmelding van klagtes kan op skrif of verbaal ontvang word wat dan op die voorgeskrewe vorm aangeteken moet word deur die skoolhoof/dissiplinehoof.

13.4 Klagtes kan ook anoniem aangemeld word, maar formele dissiplinêre optredes mag nie alleen op die sterkte van die anonieme klag toegepas word nie. Laasgenoemde verhoed egter nie die skoolhoof/dissiplinehoof om die saak te ondersoek en die beweerde oortreder(s) te ondervra nie.

13.5 Die beheerliggaam mag geslote aanmeldingsposbusse op die skoolterrein beskikbaar stel wat daagliks deur aangewese opvoeders nagegaan moet word.

13.6 Indien enige-een kuberbullebakkery vermoed of daarvan ingelig word, moet die volgende protokol gevolg word:

13.6.1 Selfone (in geval van ‘n leerder wat deur ‘n kuberboelie geteiken word)

a) Versoek die leerder om die betrokke selfoon aan jou te wys.
b) Let deeglik op na alles op die skerm wat met ’n onvanpaste teksboodskap of beeld verband hou, wat die datum, tyd en name insluit.
c) Transkribeer ’n stemboodskap en teken weer die datum, tye en name aan.
d) Gee die leerder opdrag om die boodskap/beeld te stoor.
e) Vergesel die leerder na die skoolhoof/dissiplinehoof.

13.6.2 Selfone (In geval waar die kuberboelie deur ‘n leerder vermoed word)

a) Sal hanteer word ingevolge die skool se selfoonbeleid waar ondersoeking van die beweerde oortreder se selfoon ondersoek mag word binne die parameters soos in die beleid genoem word.

13.6.3 Rekenaars

a) Vra die leerder om die betrokke materiaal op die skerm te vertoon.
b) Vra die leerder om die materiaal te stoor.

c) Druk onmiddellik die aanstootlike materiaal uit.
d) Maak seker dat jy alle bladsye en inligting in die regte volgorde het, en dat niks weggelaat word nie.
e) Vergesel die leerder na die skoolhoof/dissiplinehoof, en neem die aanstootlike materiaal saam.
f) Gewone prosedures word dan gevolg om onderhoude met leerders te voer en verklarings af te neem.

13.7 Ouers en ander volwassenes wat van voorvalle van bullebakkery bewus is, word aangemoedig om hierdie gedrag by ’n personeellid aan te meld.

13.8 Alle ander lede van die skoolgemeenskap, wat leerders, ouers/voogde, vrywilligers en besoekers insluit, word aangemoedig om enige handeling wat hierdie beleid oortree, hetsy persoonlik of naamloos by die skoolhoof/dissiplinehoof aan te meld.

13.9 Ingevolge Artikel 54 van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, moet enigeen wat van ’n seksuele oortreding teen ’n kind kennis dra sodanige inligting onmiddellik by ’n polisiebeampte aanmeld. Versuim om sodanige inligting aan te meld is ’n misdryf. Dus is enigeen wat betrokke is by seksboodskappe of seksuele teistering, of wat van sodanige handelinge bewus is, verplig om dit aan te meld. *(“Form 22” aanmelding).*

13.10 Alternatiewe dissiplinêre maatreëls sluit onder meer in:
a) ’n Ontmoeting met die leerder en die leerder se ouers.
b) Besinningsaktiwiteite, soos om die leerder opdrag te gee om ’n opstel oor sy/haar wangedrag te skryf.
c) Berading en deelname aan ‘n afwentelingsprogram.
d) Deelname aan ‘n woedebestuurprogram.
e) Gesondheidsvoorligting of –intervensie.
f) Geestesgesondheidsvoorligting.
g) Deelname aan vaardigheidsbou- en geskilbeslegtingsaktiwiteite, soos sosiaal-emosionele kognitiewe vaardigheidsbou, beslegtingskringe en herstel-konferensies.
h) Gemeenskapsdiens.
i) Interne detensie of skorsing, wat ná skool of oor naweke kan geskied.
j) Verbeuring van voorregte om ‘n selfoon of ander elektroniese apparaat op die skoolterrein te bring en/of te gebruik of tydens enige skoolaktiwiteit.

## 14. TYDSDUUR VIR ONDERSOEKE VAN INSIDENTE EN BEWERINGS/KLAGTES

14.1 Die skoolhoof/dissiplinehoof is verantwoordelik om te bepaal indien 'n beweerde oortreding of oortredings 'n skending van die gedragskode en/of hierdie beleid is. In die uitvoering daarvan sal die skoolhoof/dissiplinehoof 'n spoedige, deeglike en volledige ondersoek onderneem van die beweerde insident(e). Wanneer ’n ondersoek afgehandel is sal die verslag aan die beheerliggaam voorgelê word. Indien die aangeleentheid/insident nie na die bevrediging van die beheerliggaam of enige party in die saak betrokke opgelos is nie, sal die voorsitter van die dissipline komitee verdere optrede in oorleg met die skoolhoof en enige ander kundige persoon bepaal om die saak tot ’n konklusie te bring.

## 15. REAKSIE VAN DIE BEHEERLIGAAM/SKOOL OP INSIDENTE

15.1 Sekere dade van teistering, intimidasie en boeliegedrag mag geïsoleerde insidente wees wat vereis dat die beheerligaam/skool gepas sal optree teenoor die individue wat die dade gepleeg het. Ander dade mag van so 'n ernstige aard en deel wees van 'n reeks ander dade en 'n gevestigde en gereelde

patroon van teistering, intimidasie en boeliegedrag dat dit 'n duidelike reaksie verg hetsy op die vlak van die klaskamer, skoolbestuur, beheerligaam of selfs skooldistrik en/of die gereg.

15.2 Gevolge en gepaste remediërende optredes vir leerders wat dade van intimidasie, teistering, vikitimisasie en boeliegedrag pleeg, sal varieer van positiewe gedragsopvoeding tot skorsing en uitsetting of selfs kriminele/siviele vervolging. Die beheerliggaam sal binne 30 dae nadat hy die uitslag van 'n ondersoek ontvang het alle partye skriftelik in lig van die volgende:

a) dat die beheerliggaam verder dissiplinêre stappe of korrektiewe aksie by die skool gaan aanbeveel vir implementering
b) dat die ondersoek nog nie voltooi is nie en sal voortgaan; of
c) dat daar nie genoegsame bewys(e) is oor die aangeleentheid nie; of
d) dat die beheerligaam die beweerde oortreder gaan skors, hangende verder ondersoeke.

15.3 In die oorweging van 'n gepaste optrede ter opvolging van 'n individuele daad, sal die skoolhoof/dissiplinehoof die volgende elemente in ag neem:

a) die aard en omvang van die daad
b) die vlak van skade aangerig (hetsy fisies en/of psigies)
c) die aard van die gedrag openbaar
d) soortgelyke insidente en dade in die verlede gepleeg en/of 'n patroon van volgehoue oortredings in die verlede
e) die konteks waarin die beweerde oortreding gepleeg is.

15.4 Indien 'n leerder wat in die proses betrokke is, gegrief is oor die uitslag van die ondersoek, mag hy/sy appél aanteken ingevolge die gedragskode.

15.5 'n Instutisionele reaksie kan verder ook plaasvind en sal dit varieer van opvoedkundige intervensies, briewe aan ouers, inroep van ouers om die saak te bespreek, inligtingssessies/berading vir leerders en ouers oor die skool se standpunt en sanksies/regstappe wat mag volg na aanleiding van sulke dade.

15.6 Verder kan die skoolhoof las dat daar sonder vooraf kennisgewing, opvoedkundige lesse aangebied word in die kurikullum, sprekers uitnooi wat kundig is oor gedragspatrone, leerders inlig oor die gevolge van sulke gedrag, fokusgroepbesprekings met leerders hou, uitstallings en bewusmakingsveldtogte hou, tema-dae reël ens.

15.7 Alle sake moet vertroulik hanteer word.

## 16 VERBOD OP VERGELDING EN WEERWRAAK OP PERSONE WAT KLAGTES AANHANGIG MAAK

16.1 Die beheerligaam verbied alle handelinge wat as vergelding of weerwraak beskou kan word op enige leerder of ander persoon wat enige daad van teistering, intimidasie en boeliegedrag aanmeld. Die gevolge en gepaste remediërende stappe teen 'n persoon wat in vergeldingsaksies of weerwraak betrokke is, sal deur die beheerliggaam, die bestuurspan van die skool en/of die skoolhoof, afhangende van die aard van die geval, vasgestel word. Die sanksie sluit in detensie, skorsing, uitsetting asook kriminele en siviele regstappe.

## 17. STAPPE TEEN PERSONE WAT VALSE AANTUIGINGS/ KLAGTES/ BEWERINGS MAAK

17.1 Gepaste stappe en remediërende aksies sal teen leerders geneem word as dit bevind word dat hulle ander valslik beskuldig het van teistering, intimidasie en/of boeliegedrag. Die strawwe sluit in, maar is nie beperk tot detensie, skorsing, uitsetting asook enige siviele eise teen sodanige leerder.

## 18. BEWUSMAKINGSVELDTOGTE OOR DIE BELEID

18.1 Die beleid sal jaarliks aan alle opvoeders, personeel en leerders op 'n gepaste wyse bekend gestel word, insluitende wat die beheerliggaam en bestuurspan van die skool verstaan as teistering, intimidasie en boeliegedrag. Hierdie beleid sal ook van tyd tot tyd hersien en aangepas word om ook ander gewelddadige en ander gedrag wat daarop gemik is om iemand se waardigheid aan te tas, in te sluit.

## 19. WYSIGING VAN BELEID

Die skoolbeheerliggaam kan hierdie beleid van tyd tot tyd wysig, aanvul, aanpas of verander.

## 20. GOEDKEURING VAN DIE BELEID

**Goedgekeur deur die Beheerliggaam van Laerskool Garsfontein op hierdie __________ dag van __________________ 20_____**

**E VENTER**
**BEHEERLIGGAAMVOORSITTER**

**CC SNYMAN**
**HOOF**

SKOOLSTEMPEL

## LAERSKOOL GARSFONTEIN
## INSIDENTVERSLAG - BOELIEGEDRAG

Koõrdineerder (Opvoeder) wat insident ondersoek .............................................

Datum van insident .............................................. 20.....

Beweerde beskuldige(s) en slagoffer(s) (indien meer as hieronder aangedui gebruik 'n aparte vel papier en heg aan by verslag

| **Beskuldige** | **Ouderdom** | **Klas** | **Geslag** | **Naam van Ouer/Voog** |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |

| **Slagoffer** | **Ouderdom** | **Klas** | **Geslag** | **Naam van Ouer/Voog** |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |

Aard van Insident

Geskrewe:.......................................................................................................
.......................................................................................................................
(bv. Graffiti, notas, briefies, aanmerkings in of op skoolboeke, geskrewe dreigemente, verkleinering deur tekeninge ens)

Skade aan eiendom:
.......................................................................................................................................................
.........................................................................
(bv. Diefstal van eiendom, geskeurde klere, diefstal van geld, opskeur/ beskadiging van boeke, opeet van kos ens.)

Verbaal : ......................................................................................................
.......................................................................................................................
(bv. Spot, verkleinerende name, skinderpraatjies, dreigemente. lasterlike aanmerkings, valse gerugte, diskriminerende aanmerkings, aanmerkings tydens klas ens.)

Isolering: .......................................................................................................
.......................................................................................................................
(bv. Deur die beskuldigde(s) se aksies is die slagoffer deur ander vermy, deelname aan groepspele ontsê, met opset uit aktiwiteite weggelaat ens.)

Fisies: ...........................................................................................................
.......................................................................................................................
(bv. Aanranding, gestoot, gepootjie, geklap, geknyp, geskop, hare getrek, op gespoeg, handgemeen geraak ens.)

Aanhitsing: ..........................................................................................................
..........................................................................................................................
(bv. Ander aanhits/opsteek om dade van boeliegedrag te pleeg, diskriminerende en/of seksistiese gedrag, rassistiese aanmerkings en/of literatuur versprei)

Kuber: ..................................................................................................................
..........................................................................................................................
(bv stuur van lasterlike/dreigende SMS'e, anonieme telefoonoproepe, lasterlike verkleinerende aanmerkings in kletskamers op die internet of op webwerwe)

Psigies: ..............................................................................................................
..........................................................................................................................
(bv. Afpersing, intimidasie, lyftaal, "kyke", dreigemente met tekens en gebare ens.)

Ander: ..................................................................................................................
..........................................................................................................................

Dui asseblief aan of daar 'n suspisie bestaan dat die insident deur die volgende beinvloed kan wees (u kan meer as een moontlikheid afmerk):

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Ras** | | **Stand** | | **Geslag** | |
| **Gebrek** | | **Ouderdom** | | **Ander (spesifiseer asb)** | |

..........................................................................................................................

Wanneer het die insident plaasgevind?

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Voor Skool** | | **Pouse** | | **Gedurende Klas** | | **Na Skool** | |
| **Tussen Klasse** | | **Sport Aktiwiteite** | | **Verskeie kere** | | **Onbekend** | |

Ander: ..................................................................................................................

Waar het die insident(e) plaasgevind?

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **In die klas** | | **Skoolgronde** | | **Buite die skoolgronde** | |
| **Op bus** | | **Kleedkamers** | | **Naskool** | |
| **Ander** | | **Verskeie plekke** | | **Onbekend** | |

Wie het die insident(e) aangemeld?

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Slagoffer(s)** | | **Opvoeder/ Personeellid** | | **Ouer/Voog** | |
| **Buitestaander** | | **Ander leerder** | | **Ander** | |

Dui asseblief ondersoekstappe gevolg aan:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Insident ondersoek** | | **Onderhoude gevoer met leerders betrokke by die insident** | |
| **Onderhoud met ouers/voog van slagoffer(s)** | | **Onderhoud met ouers/voog van beskuldigde** | |
| **Ander (spesifiseer asb)** | | | |

Na die ondersoek is die bewerings van boeliegedrag bewys? JA/NEE

Indien "JA" gaan asseblief na die volgende deel, indien nie gaan na die einde van die vorm.

Indien die bewering bewys, as waar bevind is, dui optrede teen beskuldigde(s) aan:

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Mondelinge Waarskuwing** | | **Berading en onderhoud** | | **Uitskryf werk** | | **Detensie** | | **Brief aan ouers** | |
| **Finale waarskuwing** | | **Skorsing** | | **By Polisie aangemeld** | | **Uit die klas geïsoleer** | | **Skriftelike verskoning aan slagoffer(s)** | |
| **Ander (Spesifiseer asb)** | | | | | | | | | |

Indien geen aksie geneem is nie, hoekom nie? ......................................................

Dui asseblief aan watter stappe geneem is om die slagoffer(s) te ondersteun:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Ondersteuning deur opvoeder(s)** | | **Brief aan ouers** | |
| **Ondersteuning deur leerders** | | **Hulp van buite verkry** | |

Ander (Spesifiseer asb): ..........................................................................................

Dui asb aan of enige (voorkomende) opvolg gedoen is as gevolg van die insident(e):

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Voorligting aan skool /Bewusmakingsveldtog** | | **Kurrikulum Groepwerk** | |
| **Klasvoorligting** | | **Individuele berading aan slagoffer(s) en beskuldigde(s)** | |
| **Ander (spesifiseer asb)** | | | |

Dui asseblief aan of die verhouding tussen die beskuldigde(s) en slagoffer(s) en enige ander voorkomende maatreëls geïmplimenteer is/gemoniteer/die gedrag van die beskuldigde(s) gemoniteer is:

| **Een week** | | **Een maand** | | **Kwartaalliks** | |
|---|---|---|---|---|---|

Gevalle leêr gesluit: ...................................20..........

| **Enige ander kommentaar:** |
|---|
| |

Geteken.......................................................Datum.......................................

Naam van Koördineerder: ..........................................................................

**VOORBEELD VAN 'N PROFORMA BRIEF AAN OUERS/VOOGDE OM HULLE IN TE LIG OOR 'N INSIDENT WAT PLAASGEVIND HET**

*'n Afskrif van die brief om op die leerder se profiel te plaas, tesame met die oorspronklike ontvangserkenning van die ouer.*

# LAERSKOOL GARSFONTEIN

Posbus 905-933 Garsfontein 0042
e-pos: kantoor@lsgf.co.za
www.laerskoolgarsies.co.za

Tel 012-348 1269 / 70
Faks 012-348 6460

---

Geagte ________________________________________

Datum _______________________________

**BEWERING VAN BOELIEGEDRAG : _____________________________________**

U seun/dogter ____________________________het aangemeld dat hulle onderwerp is aan boeliegedrag. U kan verseker wees dat die skool nie enige vorm van boeliegedrag sal verdra nie en dat die insident ten volle ondersoek word. U sal binne drie werksdae van die datum van hierdie brief verder ingelig word oor enige ander stappe wat geneem sal word.

Indien u na hierdie insident van enige ander insidente bewus word, sal dit waardeer word indien u dit dadelik by _________________________________________ aan te meld.

A BRITZ
DISSIPLINEHOOF

HOOF
CC SNYMAN

---

**Skeurbriefie**

Ek ______________________________ouer/voog van _________________________


erken ontvangs van die brief oor die beweerde boeliegedrag.

__________________________
**HANDTEKENING**

_________________________
**DATUM**

## SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE HANTERINGSPROSEDURE VIR 'N INSIDENT

Die aksiestappe kan gedurende enige stadium gestaak word veral as dit duidelik is dat geen boeliegedrag plaasgevind het nie, Aanranding en ander verwante insidente word ingevolge ander stappe in die gedragskode afgehandel.



# DIE BOELIESIRKEL LEERDERS SE GEDRAGSPATRONE /REAKSIES IN 'N BOELIE INSIDENT

